

ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TRANSVAALSE VERDEDIGINGSMAG: TRANSVAAL VOLUNTEERS

1

LOTGEVALLE VAN WITWATERSRANDSE UITLANDERS GEDURENDE DIE ANGLO-BOERE-OORLOG

Die verdedigingsorganisasies van die twee voormalige Boererepublieke het met die beëindiging van die Anglo-Boere-oorlog verdwyn. In Oktober 1902 het daar in Transvaal 'n heeltemal nuwe militêre stelsel tot stand gekom wat geen verband met die vorige gehad nie.

Die Transvaalse verdedigingstelsel van na Oktober 1902 was suiwer volgens die Britse militêre tradisie van 'n vrywilliger-stelsel ingerig. Dit was inderdaad 'n voortsetting van Britse vrywilligerorganisasies wat gedurende die Anglo-Boere-oorlog uit Britgesinde inwoners van die Witwatersrandse gebied tot stand gekom het.

Om die ontstaan van die *Transvaal Volunteers* te kan begryp, moet dit teen die agtergrond van die lotgevalle van die Britse en Britsgesinde Uitlanderbevolking van die Witwatersrand gedurende die Anglo-Boere-oorlog gesien word.

Teen Junie 1899 het die naderende militêre botsing tussen Groot-Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek aan die Witwatersrand dié uitwerking gehad dat die vyandiggesinde deel van die Uitlanderelement senuagtige pogings begin aanwend het om die Republiek te verlaat. Tussen Junie en Oktober 1899 het ongeveer 90 000 blankes hulle tuistes aan die Witwatersrand verlaat.

'n Rationele verklaring vir dié gedeelte van die uittog wat van Junie tot die einde van September 1899 geduur het, is moeilik om te vind. Dit word beweer dat baie Uitlanders vreesbevangte geword het deur wilde gerugte dat die Boere 'n soort St. Bartholomeusnag vir hulle sou beplan het. Volgens hierdie gerugte sou die Boere van plan gewees het om die Uitlanders se koppe met knipmesse af te sny. 'n Mens kan egter aanvaar dat die meeste vlugtelingen nie veel waarde aan so 'n riemtelegram sou heg nie. Vrees vir wat in geval van oorlog met hulle kon gebeur, moes die hoofrede vir die uittog van bogenoemdes gevorm het.

Die Republikeinse regering was bewus van die gevare verbonde aan die aanwesigheid van 'n vyandiggesinde bevolkingselement aan die Witwatersrand indien oorlog sou uitbreek. Teen die einde van September 1899 is, op grond hiervan, tot daadwerklike optrede oorgegaan. Daar is bepaal dat alleen dié Uitlanders wat skriftelike verlot van die regering verkry het, aan die Witwatersrand kon bly, mits hulle sou onderneem om hulle stil, rustig en onderdanig te gedra.

Hierdie kennisgewing is gevolg deur 'n waarskuwing van die Republikeinse regering dat alle Britse onderdane wat nie toestemming het om in die Republiek te bly nie, binne agt dae na 'n oorlogsverklaring moes padgee. Indien hulle nie hieraan gehoor sou gee nie, sou hulle volgens krygswet behandel word. Hierdie optrede van die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek bied 'n verklaring vir die feit dat volgens skatting van die *Standard & Diggers News*, net uit Johannesburg ongeveer 30 000 blanke en 15 000 nie-blanke Britse onderdane uit Johannesburg padgegee het gedurende die twee weke wat aan die uitbreek van die oorlog voorafgegaan het.

Sommige van hierdie uitgewekenes het hulle na die buiteland begewe, terwyl die oorgrote meerderheid hulle tydelik in stedelike sentrums soos Kaapstad, Kimberley, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban gevestig het.

'n Gedeelte van die pro-Britse uitgewekenes in dié stedelike sentrums het van tyd tot tyd by die Britse ongereelde berede vrywilligerskorpse (*Irregular Mounted Volunteer Corps*) aangesluit en in hierdie hoedanigheid aktief tot die stryd teen die Boere-republiek toegetree, terwyl die oorgrote meerderheid aanvanklik passief gebly het.

Sowel dié wat by Britse ongereelde berede korpse aangesluit het, as dié wat passief in die stedelike sentrums gebly het, het verwag dat hulle spoedig weer aan die Witwatersrand terug sou wees om met die normale bedryfsluwe te kon voortgaan.

Johannesburg is egter eers op 31 Mei 1900 deur die Britse magte beset. Lord Roberts, die Britse militêre opperbevelhebber, het eers gedurende September van dieselfde jaar kans gesien om die uitgewekenes van die groter stedelike sentrums in Suid-Afrika geleidelik na die Witwatersrand te laat terugkeer. Hierdie en verdere verdragings het 'n skerp reaksie van die Uitlanders uitgelok. Die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, sir Alfred Milner, moes vanuit Kaapstad die terugkeer van die uitgewekenes uit die stedelike sentrums na die Witwatersrand reël. Teen die einde van September 1900 het hy die nodige vervoerreëlings vir die vertrek van die eerste groep gekeurde uitgewekenes getref gehad.

Op daardie tydstip was dit sy plan om eers dié uitgewekenes te laat terugkeer wat na sy mening die nodigste sou wees om die sake- en bedryfsektore aan die Witwatersrand te laat herlewe. Vanweë die tekort aan voedsel en ander verbruikersgoedere aan die Witwatersrand sou die terugkeer van die uitgeweke Uitlanders aanvanklik baie geleidelik moes geskied. Die eerste groep sou nietemin aan die begin van Oktober na die Witwatersrand vertrek het.

Op 10 Oktober 1900 het lord Roberts aan sir Alfred Milner telegrafies versoek om aan Uitlanders wat voornemens was om terug te keer, bekend te maak dat van hulle verwag sal word om na hulle terugkeer aan die Witwatersrand militêre diens te verrig. Selfs hierdie nuus kon hulle geesdrif om terug te keer nie demp nie en aan hierdie reaksie kan gesien word hoe gretig die uitgewekenes teen daardie tyd was om na hulle tuistes terug te keer.

Die Uitlanders se vooruitsigte om 'n spoedige en algehele terugkeer na die Witwatersrand, is ewenwel skielik verydeld toe lord Roberts die toestemming, wat hy gedurende September 1900 verleen het, op 13 Oktober 1900 onverwags ingetrek het.

Die rede vir hierdie stap was die ontevredenheid onder dié Witwatersrandse Uitlanders wat in ongereelde berede korpse te velde gedien het aangesien hulle onder die indruk was dat alle Randse Uitlanders wat passief in die stedelike sentrums gebly het, toestemming gekry het om na die Rand terug te keer. Volgens hulle moes hulle, op grond van hul aktiewe diens, eerste toegelaat word om terug te keer wanneer 'n algehele terugkeer van Randse Uitlanders ter sprake sou kom.

Omdat die Witwatersrandse Uitlanders 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse Koloniale kontingente te velde gevorm het, kon die Britse militêre owerhede dit nie bekostig om hulle op 'n kritieke tydstip van die oorlog van hulle te vervreem nie. Die oplossing vir die probleem was 'n algehele verbod op die terugkeer van uitgewekenes na die Witwatersrand.

Dit moet in gedagte gehou word dat die passiewe uitgewekenes in die stedelike sentrums op daardie tydstip in die meeste gevalle meer as 'n jaar van hul tuistes afwesig was. Langdurige werkloosheid het hulle in hulpbehoewende en ontevrede gemeenskappe laat ontwikkel. Na die hoop op spoedige terugkeer na die Rand verydeld is, het die algemene ontevredenheid onder die lede van hierdie gemeenskappe nou in feitlike opstandigheid oorgegaan.

Hoe ironies dit ook al mag klink, het die Britse owerhede op dié stadium van die oorlog 'n werklik netelige Uitlanderprobleem ondervind. Die Westelike Provinsie, waar 6 000 tot 7 000 Boere as krygsgevangenes aangehou is, is slegs deur 'n paar Burgermagregimente beheer. Die bevolking van laasgenoemde gebied was oorwegend anti-Brits gesind, en 'n groot gedeelte van die Boerebevolking van die Kaapkolonie was inderdaad aktiewe rebelle.

Onder hierdie omstandighede was Milner veral bevrees vir 'n algemene opstand onder die Kaapse Boerebevolking. Dit kon volgens hom maklik gebeur, indien die Uitlanderelement tot daadwerklike opstand sou oorgaan en op dié wyse verdeeldheid in Britse geleedere aan die lig sou bring.

As Hoof van die Generale Staf het lord Kitchener vroeg in November 1900 in 'n openbare verklaring verklaar dat die terugkeer van uitgeweke Uitlanders na die Witwatersrand gedurende Oktober 1900 om militêre redes afgelas is. Hy het verder verklaar dat die aangeleentheid die ernstige aandag van die militêre owerhede geniet en dat die algemene terugkeer toegelaat sou word sodra die militêre situasie dit toelaat. Terselfdertyd het Kitchener 'n beroep op alle liggaamlik geskikte Witwatersrandse Uitlanders in die stedelike sentrums gedoen om by bestaande Britse berede vrywilligerkorpse aan te sluit of om nuwe korpse te stig en aktief tot die stryd toe te tree. Op hierdie wyse kon hulle meehelp om die oorlog tot 'n spoedige einde te bring en hulle eie terugkeer, sowel as dié van hulle mede-Uitlanders, help bespoedig.

Hierdie oproepe het tot gevolg gehad dat baie Uitlanders in die stedelike sentrums as berede troepe by ongereelde vrywilligerkorpse aangesluit het.

Die oorsaak van die ontevredenheid en opstandigheid van die Uitlanders in die stedelike sentrums wat nie by berede korpse aangesluit het nie, was hierdeur vanselfsprekend nog nie opgelos nie. Trouens, die verloop van die oorlog het dit eerder laat vererger.

Sedert Oktober 1900 het die Boeremagte die spoorverbinding tussende hawestede en Johannesburg in só 'n mate ontstig dat die voorrade in Johannesburg kwalik voldoende was om die besettingsmag en die plaaslike inwoners van voedsel te voorsien. Die gevolg was dat die terugkeer van Uitlanders na die Rand vir 'n onbepaalde tyd uitgestel moes word.

As Hoë Kommissaris in Suid-Afrika was Milner gemoeid met die probleem van die ontevredenheid en opstandigheid van die Randse Uitlanders in die stedelike sentrums. Behalwe om hulle ontevredenheid tot bedaring te probeer bring, was daar vir hom 'n ander belangrike rede vir die spoedige terugkeer van Uitlanders na die Rand. Hy was daarvan oortuig dat daar aan die Witwatersrand, verkieslik in Johannesburg, 'n daadwerklike begin gemaak moet word met die hervestiging van

nywerhede en sake-ondernemings. Volgens hom sou dit grootliks daartoe bydra dat die Boere die nutteloosheid van hulle weerstand sou insien. So 'n besef sou dus 'n sterk sielkundige faktor wees wat tot 'n spoedige beëindiging van die oorlog kon bydra.

Reeds teen die einde van Oktober 1900 het Milner aan Kitchener voorstelle gemaak dat die terugkeer van die Uitlanders na die Witwatersrand gekombineer moes word met die oprigting van Uitlander-vrywilligerkorpse. Die kern van sy betoog was dat dit vir die Britse militêre owerheid goedkoper sou wees om die teruggekeerde Uitlanders in hulle plekke van herkoms as vrywilligers te versorg as om hulle in die stedelike sentrums as *mutinous grumblers* te onderhou.

Vrywilligerkorpse wat op hierdie wyse deur Uitlanders gevorm sou word, kon volgens Milner, 'n groot deel van die Britse gereelde troepemag wat aan die Witwatersrand garnisoendienste verrig het, vir aktiewe diens vrystel. Andersyds sou daar, soos hy dit gesien het, beslis bykomende troepe nodig wees om die Uitlanders in die groter stedelike sentrums buite Transvaal te beheer indien die Uitlanders nie spoedig toegelaat sou wees om na die Witwatersrand terug te keer nie.

'n Volgende uitgangspunt van Milner se gedagtegang was, dat indien die Witwatersrandse Uitlanders te velde nie kon insien dat die geleidelike terugkeer van gekeurde Uitlanders van die stedelike sentrums na die Witwatersrand in hulle eie belang sou wees nie, hulle toegelaat moes word om hulle dienste as berede vrywilligers te beëindig en self na die Witwatersrand terug te keer. Hulle, tesame met ongeveer 20 000 uitgewekenes uit die stedelike sentrums, sou min of meer drie maal soveel vrywilligers oplewer as die aantal Randse vrywilligers wat op dié tydstip in ongereelde berede korpse te velde gedien het. Met só 'n mag, het Milner geredeneer, kon nie net Johannesburg nie, maar die hele Witwatersrand beveilig word. Hierdeur sou die heropbou van nywerhede en sake-ondernemings vergemaklik word.

Milner kon, alleen in sy hoedanigheid as Hoë Kommissaris aanbevelings doen, terwyl die Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika die beleid bepaal het. Alhoewel sy voorstel nie ten volle aanvaar en deurgevoer is nie, het dit tog 'n groot invloed uitgeoefen. Sowel Roberts as Kitchener was oortuig van die ekonomiese en politieke voordeel wat die herstel van die nywerheids- en sakelewe aan die Witwatersrand sou meebring. Albei het gedurende hulle onderskeie ampstermyne as opperbevelhebbers hierdie oogmerk nagestrewre as een van dié maatreëls om die einde van die oorlog te bespoedig.

As 'n uitvloeisel hiervan is twee ongereelde vrywilligerkorpse, t.w. die *Railway Pioneer Regiment* en die *Rand Rifles*, in die lewe geroep met as doel die beskerming van die Witwatersrand en die onmiddellik aangrensende gebiede.

Die *Railway Pioneer Regiment* het ontstaan as gevolg van die algemene ontevredenheid en opstandigheid onder die uitgeweke Uitlanders in die stedelike sentrums teen die begin van November 1900. Hierdie ontevredenheid het toe sodanige afmetings aangeneem dat die Uitlanders reeds massavergaderings belê het, wat vroeg in November sou plaasvind.

'n Afvaardiging, bestaande uit genl.-maj. sir E. Y. Brabant, K.C.B., C.M.G., M.L.A., en sir George H. Farrar, D.S.O., was op dieselfde tydstip in Kaapstad besig om troepe onder die Uitlanders vir Britse berede ongereelde vrywilligerkorpse te werf. Hulle het by Milner aanbeveel dat soveel van die liggaamlik geskikte Uitlanders as wat kon perdry en skiet, by berede korpse moes aansluit, terwyl dié wat nie vir diens in berede korpse geskik was nie, in 'n infanteriekorps vir garnisoendienste opgeneem moes word.

Die oprigting van 'n Uitlander-infanteriekorps was vir Milner een van die laaste uitweë om opstand onder die Uitlanders in die stedelike sentrums te verhoed. Daarom het hy die hoër militêre gesag versoek om onmiddellik hiermee te begin. As Britse opperbevelhebber het lord Roberts die gedagte gesteun. Hy was van mening dat 'n ongereelde korps van Uitlander-infanteriste op dié stadium van die oorlog nuttig aangewend kon word. Verder was hy ook daarvan oortuig dat die militêre aanwending van 'n gedeelte van die uitgeweke Randse Uitlanders in stedelike sentrums daartoe sou bydra om die ontevredenheid onder hulle te laat afneem.

In November 1900 is lt.-kol. J. E. Capper gelas om die talryke Uitlanderkomitees in groter sentrums te raadpleeg en om dan 'n gedetailleerde skema vir die oprigting van die beoogde korps uit te werk. Teen die einde van November 1900 het lt.-kol. Capper, bygestaan deur 'n breë Uitlanderkomitee, die besonderhede van die beoogde skema gereed gehad en dit aan die Uitlanderkomitees van Durban, Kimberley, Oos-Londen en Port Elizabeth vir goedkeuring voorgelê.

Die voorgestelde voorwaardes vir aansluiting by hierdie korps was die volgende:

- a. Dril oefeninge sou nie te moeilik wees nie, maar die omvang daarvan sou aan die diskresie van die bevelvoerende offisier oorgelaat word.
- b. Liggaamlike fiksheidstoetse vir aansluiting by dié korps sou laer wees as die vir berede korpse.
- c. Weermanne sou teen vier sjielings per dag besoldig word, terwyl voedselrantsoene, uniforms en persoonlike uitrustings gratis verskaf sou word.
- d. Die gebied waarin die korps diens sou verrig, is duidelik omskryf as 'n streek om die Witwatersrand, Rustenburg en Pretoria. Die Delagoabaaispoorlyn sou die noordelike- en die Vaalrivier die suidelike grens van dié gebied vorm, terwyl die oostelike en westelike begrensings die lengtegrade sou wees wat respektiewelik deur Standerton en Potchefstroom loop. Indien dit nodig sou word, kon die korps ook langs die spoorlyn noord van Kroonstad diens verrig.
- e. Die korps sou alleen in die Witwatersrandse gebied diens verrig as militêre oorwegings dit absoluut noodsaaklik sou maak.
- f. Die duur van die dienstdydperk sou bepaal word deur die behoefte van die militêre owerhede om die diens van die korps te benodig. Na voltooiing van ses maande diens, sou individuele korpselede toegelaat word om na enige plek buite Transvaal of die Oranje-Vrystaat te vertrek.
- g. Sodra die militêre situasie dit sou toelaat, sou lede van die korps verminder word. Indien dit sou gebeur nadat reeds weer met kommersiële- en nywerheidsarbeid aan die Witwatersrand begin is, sou korpselede wat privaat eienaars van besighede aan die Witwatersrand was, of lede wat kon waarborg dat hulle aldaar in betrekking in diens geneem sou word, eerste toegelaat word om te vertrek.
- h. Die militêre owerheid sou probeer om die Transvaalse Kamers van Mynwese en Handel te oorreed tot 'n belofte om, na die oorlog, voorkeur te gee aan die indiensneming van oud-werknemers wat in die korps gedien het.
- i. Normaalweg sou korpselede se dienste tot verdedigingsposte òf tot werk naby òf tussen sodanige poste beperk wees. Lede moet egter bereid wees om enige infanteriewerk binne die afgebakende gebied te verrig as dit van hulle vereis word. Lede wat by die spoorlyne diens gedoen het, moes bereid wees om tydelike herstelwerk aan dié lyne uit te voer.
- j. Die militêre owerhede sou oorreed word om offisiere vir die korps aan te stel uit 'n naamlys van persone wat deur die Uitlanderkomitees aanbeveel word.

k. Die naam van die nuwe korps sou die *Railway Pioneer Regiment* wees.

Hoewel daar geen dokumentêre bewyse gevind kon word dat bogenoemde skema aanvaar is nie, kan aangeneem word dat dit wel die geval was. Kitchener het, as Hoof van die Generale Staf, die basiese beginsels van die skema goedgekeur, terwyl Milner dit in sy geheel ten volle gesteun het.

Die korps het bestaan uit bataljons van 500 man sterk, elkeen met 'n majoor aan die hoof. Die eerste bataljon het gedurende Desember 1899 tot stand gekom. Vanaf Desember 1900 tot aan die einde van die oorlog het nog drie bataljons tot stand gekom, wat onderskeidelik as die tweede, derde en vierde bataljon van die *Railway Pioneer Regiment* bekend gestaan het.

Die taak van laasgenoemde bataljons was hoofsaaklik tot die instandhouding van spoorweë in die afgebakende gebied om die Witwatersrand beperk. Volgens Stirling het die diensdoende lede hulle tot aan die einde van die oorlog goed van hul taak gekwyt.

Van Desember 1900 tot aan die einde van die oorlog het die onderhawige bataljons nie juis in militêre operasies verwickeld geraak nie. In sy werk *Colonials in South Africa*, (London, 1907) maak Stirling van slegs een geval melding waar die korps op 'n noemenswaardige wyse operasioneel betrek is. Dit was op 20 November 1901 naby Villiersdorp. By hierdie geleentheid het ses man gesneuwel en is ses gewond.

Tydens die oprigting van die tweede bataljon van dié korps het Milner die hoop gekoester dat dit die kern van 'n na-oorlogse verdedigingsmag aan die Witwatersrand sou vorm. Aan hierdie verwagting is op indirekte wyse voldoen, want toe die infanterie-eenheid, die *Witwatersrand Rifles*, op 1 Mei 1903 ingestel is, was die aanvanklike ledetal daarvan grotendeels lede van die vroeëre *Railway Pioneer Regiment*, wat op 30 April 1903 ontbind is.

In 'n artikel getiteld *Transvaal Volunteers: The Johannesburg Regiments* poneer Stirling trouens die volgende stelling:

After the proclamation of peace and the formation of volunteer regiments, the Witwatersrand Rifles rose from the ashes of the Railway Pioneer Regiment.

Gelyktydig met die oprigting van die tweede bataljon van die *Railway Pioneer Regiment*, gedurende November 1900, het die Britse militêre owerheid begin om 'n vrywilligermag vir die verdediging van die Witwatersrandgebied te stig. Hierdie mag sou bestaan uit die Britse bevolkingselement wat aan die Witwatersrand woonagtig was.

Met die oprigting hiervan is 'n tweeledige doelstelling nagestrew: Ten eerste was die oogmerk die militêre opleiding en bewapening van terugkerende Uitlanders, met die verwagting dat op dié wyse 'n verdedigingsmag van sowat 20 000 man op die been gebring kon word. Daar is gehoop dat die mag sterk genoeg sou word om doeltreffende weerstand teen enige vyandelike mag in Suid-Afrika te kan bied. Dit sou beskerming aan die Witwatersrand verleen om die nywerhede (veral die myne) en die sakelewe so gou as moontlik weer aan die gang te laat kom.

Tweedens is gehoop dat dié mag na vredesluiting die kern van 'n permanente verdedigingsorganisasie vir Transvaal sou vorm.

Hierdie korps is op 18 Desember 1900 amptelik onder die naam *Rand Rifles* ingestel en van 27 Januarie 1901 af kon die lede hul werksaamhede begin. Gedurende die nag van eersgenoemde datum het 'n gedeelte van die manskappe vir die eerste keer wagposte in die buitewyke van Johannesburg beman.

Teen 31 Januarie 1901 was die korps in staat om vir die beveiliging van Johannesburg in te staan en kon die tweede bataljon van die *Prince of Wales (North Staffordshire)*-regiment, wat die garnisoendienste in Johannesburg sedert die begin van die Britse besetting behartig het, op die genoemde dag die stad verlaat om aktiewe diens te velde te verrig.

Spoedig na die oprigting van die *Rand Rifles* is die geleedere van die korps onverwags heelwat uitgebrei deur die toevoeging van 'n *Mines Division*. Hierdie ontwikkeling het gevolg op die eerste poging van Boerekant om die myne te beskadig. Op 26 Desember 1900 het generaal Piet Viljoen, met 'n mag van sowat 350 man, 'n artillerie-aanval op die *New Kleinfontein*-myn geloods en binne 'n kort tydjie 'n beraamde skade van \pm £210.000 aangerig. As gevolg hiervan is onderhandelings oor die oprigting van mynwagte reeds van vroeg in Januarie 1901 af tussen die Transvaalse Kamer van Mynwese, waarvan die verteenwoordigers op die stadium in Kaapstad was, en die Britse opperbevelhebber gevoer.

Teen die helfte van Januarie 1900 is tot 'n ooreenkoms in dié verband geraak. Die Transvaalse Kamer van Mynwese het onderneem om 1 500 oud-mynwerkers en -amptenare wat as uitgewekenes in ander stedelike sentrums gewoon het, as mynwagte na die Witwatersrand terug te bring. Dié wagte sou hulle militêre uitrusting en -toerusting gratis van die militêre owerhede ontvang, terwyl individuele mynmaatskappye finansiële aanspreeklikheid aanvaar het vir die besoldiging van hulle wagte en ook vir die voedselrantsoene wat deur die militêre owerheid uitgereik sou word. By hulle aankoms aan die Witwatersrand sou lede van die mynwagte vir militêre beheer by die *Rand Rifles* ingeskakel word. Hulle sou nie toegelaat word om 'n betrekking aan die Rand te aanvaar nie, maar moes slegs as mynwagte funksioneer. Hierdie geleentheid is as só dringend beskou dat die eerste 518 mynwagte reeds gedurende die eerste week van Februarie 1901 van Stellenbosch af, waar hulle 'n week lank militêre opleiding ontvang het, na die Witwatersrand vertrek het.

In die ware sin van die woord was die *Rand Rifles* nie 'n vrywilligerorganisasie nie. In die proklamasie waardeur die instelling daarvan gepromulgeer is, is bepaal dat alleen liggaamlik geskikte Britse inwoners van die Witwatersrandse gebied toegelaat sou word om by die korps aan te sluit. In die praktyk was alle Britse inwoners van die Witwatersrand egter verplig om by die mag aan te sluit en was hulle, by versuim, skuldig aan 'n oortreding en onderhewig aan straf deur die militêre goewerneur van Johannesburg. Verder moes alle Uitlanders wat permitte gekry het om na die Witwatersrand terug te keer, skriftelik onderneem om na hul aankoms by die *Rand Rifles* aan te sluit. By versuim sou hulle, kragtens krygswet, weer uit die gebied verwyder kon word.

Die *Rand Rifles* het uit drie verskillende afdelings, t.w. 'n berede afdeling, 'n afdeling vir fietsryers en 'n infanterie-afdeling, bestaan en is, ooreenkomstig die distrikte van die Witwatersrandse gebied, in kompanies ingedeel. Lede moes behoort aan die kompanie van die distrik waarin hulle gewoon het of waarin hulle besighede geleë was.

By gebrek aan bronnemateriaal is dit nie moontlik om die organisatoriese opset van die *Rand Rifles* volledig weer te gee nie. Die hoofkwartier van die korps was in Johannesburg, waar ook verskeie distrikskantore oftewel kompaniehoofkwartiere gevestig was, soos ook die geval was in groter Randse sentrums buite Johannesburg. Administratief het die *Rand Rifles* aanvanklik onder die militêre goewerneur van Johannesburg geressorteer. Toe hierdie pos aan die einde van April 1901 afgeskaf is, het *Rand Rifles* vanaf Mei 1901 onder die Bevelvoerende Offisier van die Witwatersrandse gebied geval. Dit het egter spoedig geblyk dat die siviele regering van

Transvaal, wat in April 1901 tot stand gekom het, daarin belang gestel het om hierdie korps ná die oorlog as 'n permanente vrywilligermag vir die verdediging van die Transvaal-kolonie oor te neem.

Teen die einde van April 1901 het die Transvaalse Uitvoerende Raad 'n finansiële toesegging van £5.000 uit die winste wat deur die *Civil Supplies Department* gemaak sou word, aan die korps gedoen. Tegelykertyd het die Transvaalse regering hom bereid verklaar om jaarliks £10.000 vir hoofdelike toelaes aan weerbare lede van die korps te stem sodra die korps behoorlik as 'n permanente vrywilligermag georganiseer sou wees.

Voordat Milner op 8 Mei 1901 na Engeland vertrek het, het hy en Kitchener same-sprekings oor die toekoms van die korps gevoer. In beginsel het hulle besluit dat dit volgens die regulasies vir Britse vrywilligerkorpse ingerig sal word. Kleiner wysigings, om by plaaslike omstandighede aan te pas, sou egter nodig wees. Dit sou beteken dat die siviele regering vir die betaling van hoofdelike toelaes sowel as vir die salariering van die permanente opleidingstaf, wat uit offisiere en onder-offisiere van die Imperiale Staande Mag bestaan het, verantwoordelik sou wees.

Aan die lede van *Rand Rifles* is gratis uniforms, gewere, bandeliers en ammunisie vir skietoefeninge uit imperiale voorrade in Suid-Afrika uitgereik. Hieruit het Kitchener afgelei dat die korps ook na die vredesluiting, wanneer dit 'n permanente vrywilligerorganisasie vir die Transvaal-kolonie sou wees, onder die *War Office* en die Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika sou ressorteer.

Van 1 Desember 1901 het die Transvaalse regering steeds finansiële aanspreeklikheid vir die korps aanvaar. Nog gedurende dié maand het Milner byna 'n proklamasie uitgevaardig waarkragtens die *Rand Rifles* onder beheer van die Administrateur van Transvaal, d.w.s. onder siviele beheer, geplaas sou word. Volgens die betrokke konsepproklamasie sou die korps saamgestel word uit alle blanke Britse onderdane woonagtig in die gebied wat voorheen onder jurisdiksie van die myn-kommissarisse van Boksburg, Johannesburg en Krugersdorp geval het. Hieruit blyk dat Milner na dié stadium 'n na-oorlogse verdedigingsmag vir die Transvaal-kolonie beoog het wat deur die siviele regering beheer sou word en wat volgens die beginsels van diensplig sou funksioneer.

Kitchener het verhoed dat hierdie proklamasie uitgevaardig is. Volgens hom sou 'n dergelike voorneme die karakter van die *Rand Rifles* verander. Hy het gemeen dat die korps na die vredesluiting heeltemal in 'n vrywilligerorganisasie van sowat 5 000 lede omskep moes word. Dit moes dan onder beheer van die Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika geplaas word. Nie alleen vanweë dissiplinêre oorewegings was Kitchener teen siviele beheer oor die toekomstige Transvaalse koloniale verdedigingsmag gekant nie, maar hy was veral bevrees dat dit teen imperiale belange kon indruis. Indien Transvaal later verantwoordelike regering sou kry, sou die Transvaalse premier volle beheer oor die korps hê.

As gevolg van Kitchener se houding het die *Rand Rifles* na Desember 1901 onder militêre beheer gebly.

Die sterkte van die *Rand Rifles* kon nie vir enige gegewe tydstop van sy bestaan uit geraadpleegde bronne vasgestel word nie. Daar moet egter onthou word dat die uitbreiding van die korps eweredig was aan die tempo waarteen Britse onderdane onder die uitgeweke Uitlander-element hulle weer aan die Rand gevestig het. Verpligte korpslidmaatskap van Britse onderdane is eers teen Junie 1902 opgehef. Daar kan dus aanvaar word dat die *Rand Rifles* ten tye van sy ontbinding op 10 Oktober 1902 'n omvangryke organisasie was.

Gedurende die tydperk van sy bestaan het die *Rand Rifles* nie geleentheid gehad om hom as gevegsmag in 'n groot militêre botsing te onderskei nie. Die eenheid het slegs by enkele geleenthede aan kleiner skermutselings deelgeneem. Hierdie feit is 'n bewys dat die korps wel daarin geslaag het om die Witwatersrand na Januarie 1901 voldoende vir die hervestiging van die nywerhede en die handel te beveilig.

Die betekenis van die *Railway Pioneer Regiment* en die *Rand Rifles* was dat die oorgrote meerderheid van die Rand se Uitlanders wat nie gedurende die oorlog by ongereelde berede vrywilligerkorpse aangesluit het nie, deur aansluiting by hierdie korpse militêre opleiding ontvang en militêre ondervinding opgedoen het.

Na afloop van die oorlog, toe ook dié Uitlanders wat by ongereelde berede korpse ingedeel was, hulle in dié gebied gevestig het, het die Witwatersrand 'n ware „militêre bevolking” gehuisves. Omdat hierdie bevolkingselement oorwegend pro-Brits-gesind was, was toestande aan die Rand net na die oorlog uiters gunstig vir die ontstaan van 'n permanente vrywilligerorganisasie as verdedigingsmag vir die Transvaal-kolonie.



2

DIE ONTSTAAN VAN DIE „TRANSVAAL VOLUNTEER CORPS“

Onmiddellik na die Anglo-Boere-oorlog was daar geen dringende noodsaaklikheid vir 'n permanente verdedigingsmag in Transvaal nie.

Die Boere is voor en na die vredesluiting in 1902 geheel en al ontwapen. Hulle was oorlogsmoeg en sou, 'n geruime tyd na die oorlog, hulle tyd en kragte grotendeels aan die heropbou van hulle vernielde eiendomme moes wy. Milner het vir die onmiddellike dus geen rede tot vrees vir hernude opstande gehad nie.

Die enigste werklike gevaar in Transvaal, en trouens in die res van Suid-Afrika, was die groot Bantoebevolking wat deur die oorlog ontwrig 'is en moontlik daarna tot opstand kon oorgaan. Selfs hierdie gevaar het die organisasie van 'n permanente verdedigingsmag in Transvaal na die oorlog nie spoedeisend gemaak nie. Trouens, na 1902 het 'n toereikende getal Imperiale troepe in Suid-Afrika agtergebly om enige probleem-situasie die hoof te kon bied.

Die was die ongereelde berede vrywilligerkorpse wat gedurende die oorlog deur uitgeweke Witwatersrandse Uitlanders gevorm is, wat net na die oorlog as 'n faktor na vore gekom het om die organisasie van 'n permanente verdedigingsmag te verhaas.

Aan die begin van Junie 1902 het Kitchener die aandag gevestig op die feit dat dit volgens hom 'n fout sou wees om ongereelde vrywilligerkorpse na die ontbinding daarvan heeltetal van die toneel te laat verdwyn. Hy het dan ook by Milner aanbeveel dat dié van hulle wat gedurende die oorlog voortreflike diens gelewer het, as permanente vrywilligerkorpse gehandhaaf moes word. Hierdie korpse kan dan die kern van 'n permanente vrywilliger-organisasie vir Transvaal vorm.

Kitchener het verder voorgestel dat die Imperiale regering perde en toerusting aan die volgende ses berede korpse van die Transvaalse regering moes skenk, nl. aan die *1st Imperial Light Horse*, die *2nd Imperial Light Horse*, die *South African Light Horse*, die *Johannesburg Mounted Rifles*, die *Scottish Horse* en die *Kitcheners Scouts*.

Die voorgestelde geskenk sou neerkom op perde en toerusting vir 3 000 berede vrywilligers. Verder het hy voorgestel dat die Transvaalse regering, tot bevrediging van die Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika, verantwoordelik gehou moes word vir die instandhouding van die geskenk. Nog 'n voorwaarde, in geval die skenking 'n werklikheid sou word, sou wees dat die Britse regering die perde en toerusting te eniger tyd sou kon terugeis wanneer hulle vir Imperiale doeleindes benodig sou word.

Milner het die voorstel gesteun en was daarvan oortuig dat daar meer as genoeg vrywilligers in Transvaal beskikbaar sou wees om die voorgestelde berede korpse op volle sterkte te hou.

Dié voorgestelde militêre organisasie sou tot gevolg hê dat die Britse regering, sonder groot uitgawes, 'n werklik waardevolle plaaslike verdedigingsmag in Transvaal beskikbaar sou hê. Hierdeur kon die sterkte van die duur na-oorlogse Britse garnisoen in Suid-Afrika wesenlik verminder word.

Omdat die betrokke ongereelde berede vrywilligerkorpse kort na die oorlog ontbind moes word, was vinnige optrede noodsaaklik vir die verwesenliking van Kitchener se voorgestelde militêre organisasie. Kitchener het onmiddellik met die *War Office* in verbinding getree om van die *Secretary of State for War* toestemming vir die voorgestelde geskenk van die Imperiale regering aan die Transvaalse koloniale regering te verkry. Hierdie toestemming is op 10 Junie 1902 ontvang.

Om die yster te smee terwyl dit nog heet was, het Milner aan Kitchener versoek om voor sy vertrek na Engeland 'n toespraak te hou waarin hy die vrywilligerbeweging moes aanmoedig. 'n Geskikte geleentheid hiervoor was tydens 'n dinee wat op 17 Junie 1902 in Johannesburg ter ere van die vertrekkende opperbevelhebber gegee is. Volgens beriggewing in die *Cape Times* van 29.6.1902 het Kitchener hom in sy toespraak soos volg oor die toekoms van die vrywilligers in Transvaal uitgelat:

Keep up the glorious organisations of these distinguished regiments to which you belonged. Treat those youths that come after you with what you have learned. Keep your horses and your rifles ready, and your bodies physically fit, so that you may be prepared at any time to take your due part in that great Empire which unites us. (Loud applause). You may well say: This is all very well in theory, but how can it be practical? Well, I have been able to arrange with the Home Government and Lord Milner that 500 1st I.L.H., 500 2nd I.L.H., 500 S.A.L.H., 500 J.M.R., 500 K.F.S., 500 Scottish Horse shall retain, without preliminary cost, their horses, rifles and equipment, with the sole proviso that they shall be maintained by the Civil Government in a state of efficiency, and may be called by the military authorities if they require them. (Loud and long continued applause). I have already referred to the contemplation of the great mine-owners who are, I fully believe and trust, prepared to support this movement, by giving lucrative employment to men.*

Should they do so, I think the practical difficulties of carrying out this scheme may be said to be overcome, and I may with confidence leave the rest to you, feeling sure that what we all wish will be accomplished. (Applause).

Op 7 Julie 1902 is die volgende ongereelde berede vrywilligerkorpse ontbind: Die *1st Imperial Light Horse*, die *2nd Imperial Light Horse*, die *Johannesburg Mounted Rifles*, die *1st Kitcheners Fighting Scouts*, die *2nd Kitcheners Fighting Scouts*, die *1st Scottish Horse*, die *2nd Scottish Horse* en die *African Light Horse*.

Vier dae later is Ordonnansie no. 5 van 1902, ter regulering van vrywilligerkorpse in Transvaal, gepromulgeer. Hierin is aan die goewerneur van Transvaal onder meer mag verleen om vrywilligerkorpse op te rig of te ontbind en om regulasies vir die funksionering daarvan op te stel.

Teen hierdie tyd het die onderhoud van die 3.000 perde wat as 'n geskenk van die Imperiale regering ontvang is, 'n ernstige probleem laat ontstaan. Vanweë die groot skaarste aan voer na die oorlog sou die Transvaalse regering die perde alleen teen 'n hoë koste kon aanvaar. Daar is gevolglik besluit dat die perde wat nie voor die einde van September 1902 deur die toekomstige korpse self oorgeneem kon word nie, finaal aan die Britse militêre owerhede teruggegee moes word. Die korpse was nie verplig om ál 3.000 perde oor te neem nie, maar slegs soveel as waarvoor die regering kans gesien het om verantwoordelikheid voor te aanvaar.

* I.L.H. — *Imperial Light Horse*, S.A.L.H. — *South African Light Horse*, J.M.R. — *Johannesburg Mounted Rifles*, K.F.S. — *Kitcheners Fighting Scouts*.

Aangesien daar geen regulasies was waarvolgens die korpse kon funksioneer nie, kon die Transvaalse regering, weens gebrek aan geldelike middele, nie in die onderhoud van die perde voorsien nie. Sekere invloedryke persone wat in die vrywilligerorganisasie belang gestel het, maar wie se name ongelukkig onbekend is, het onderneem om op eie inisiatief soveel moontlik van die perde oor te neem en om sover moontlik in hulle onderhoud te voorsien.

Die gedagte het inmiddels ontstaan om al die perde van die Britse militêre owerheid oor te neem, hulle te verkoop en met die geld 'n fonds te stig. Hierdie fonds kon dan op 'n latere tydstip, wanneer die korpse behoorlik gestig sou wees, aangewend word om vir hulle perde te koop. Hulle wat verantwoordelikheid vir die onderhoud van die perde aanvaar het, het ewenwel so 'n optrede nie as behoorlik ten opsigte van 'n geskenk beskou nie. Omdat hierdie weldoeners die perde op gewone weiveld laat wei het, was daar gevolglik 'n betreklike groot verlies.

Ten einde 'n maksimum benutting van die Imperiale geskenk te verseker, het die opstel van regulasies waarvolgens vrywilligerkorpse in Transvaal sou funksioneer, teen die begin van Augustus 1902 dringend geword.

Inmiddels is tot die gevolgtrekking gekom dat in Ordonnansie no. 5 van 1902 maar gebrekkig voorsiening gemaak is vir die praktiese funksionering van 'n permanente vrywilligermag. Daar is onder meer nie vir die toevoeging van Staande Mag-personeel tot vrywilligerkorpse en ook nie vir die daarstelling van 'n reserwemag voorsiening gemaak nie. Die grootste tekortkoming was egter die gebrekkige voorsiening vir die handhawing van dissipline wanneer korpse op aktiewe of militêre diens sou gaan.

Teen Augustus 1902 was dit, op grond hiervan, duidelik dat onmiddellike en dringende aandag aan die praktiese aspekte vir die daarstelling van 'n permanente Transvaalse verdedigingsmag geskenk sou moes word.

Vir die Britse militêre owerheid was daar een netelige vraag, nl. of Boere ook tot die vrywilligermag toegelaat moes word. Uit die aard van die saak kon hierdie aanleentheid op dié tydstip toe die mag georganiseer is, nie in die openbaar genoem word nie.

Onthou sal word dat die *Rand Rifles*, wat eers in Oktober 1902 ontbind is, feitlik uit Engelstaliges bestaan het. Omdat hierdie vrywilligerorganisasie toentertyd as oorlogsmaatreël tot stand gekom het, was die nasionaliteitsgrondslag daarvan selfsprekend.

Na die oorlog was die toestand heeltemal anders. Alle Britse onderdane in Transvaal moes, vir die doeleindes van aansluiting by 'n algemene vrywilligerorganisasie vir die kolonie, as gelykwaardig beskou word.

Sowel Chamberlain as Milner was bewus van 'n potensiële opstandigheid onder die Boere. Milner was trouens oortuig dat die Boere mettertyd, as die geleentheid hom sou voordoen, sou trag om die Britse juk af te skud. Hierdie vrees by die Britse owerheid is weerspieël in die volledige ontwapening van die Boere na die oorlog, in die strenge bepalings met betrekking tot die besit van vuurwapens en ammunisie, maar was veral geleë in die feit dat Milner nie bereid was om skietverenigings na plattelandse gebiede te laat uitbrei nie. In Oktober 1902 het hy wel toestemming verleen dat ses skietverenigings aan die Witwatersrand mag voortbestaan. Betekenisvol is dit dat laasgenoemde skietverenigings uit die organisasie van die *Rand Rifles* ontstaan en bygevolg 'n oorwegend Engelssprekende ledetal gehad het.

Om die Boere tot die vrywilligerbeweging toe te laat, sou beteken dat hulle onmiddellik weer bewapen word. Dit was egter duidelik dat die Boerebevolking nie op regsgronde lidmaatskap aan 'n algemene vrywilligerorganisasie geweier kon word nie.

Milner se oplossing vir hierdie vraagstuk was tweeledig, nl. eerstens om die mag organisatories so tipies Brits te maak dat dit nie die Boerebevolking se belangstelling sou wek nie en verder om die geldelike bydrae van die regering redelik klein te hou, sodat die grootste gedeelte van die instandhouding van die korpse deur die vrywilligers self gedra moes word.

Milner het geweet dat die geldmag in Suid-Afrika na die oorlog grootliks tot Britse kringe beperk was. Verder het hy gehoop dat die Boere vir minstens 'n aantal jare na die oorlog finansieel nie kragtig genoeg sou wees vir aansluiting by die vrywilligerkorpse nie.

Die uitgangspunt om die Boerebevolking aan die begin nie by die verdedigingsmag van die kolonie in te skakel nie, was daarvoor verantwoordelik dat die mag aanvanklik slegs tot die Witwatersrandse gebied beperk was. Die rede hiervoor was dat die Witwatersrandse bevolking grotendeels bestaan het uit dié Uitlanders wat aan die begin van die oorlog die Transvaal verlaat het en toe die gevaar verby was, hulle weer rustig as lojale Britse onderdane in die gebied kom vestig het. Anders as wat met die plattelandse Boerebevolking die geval was, het die Transvaalse regering dus aan die Witwatersrand 'n gekonsentreerde en lojale bevolking gehad.

In verband met die praktiese organisasie van die Transvaalse verdedigingsmag het Milner begin om, aan die einde van Junie of aan die begin van Augustus 1902, onder voorsitterskap van genl.-maj. Oliphant, M.V.O., 'n vergadering in Johannesburg, te belê. Op hierdie vergadering het onder meer die volgende belangrike aspekte die aandag geniet: Die wenslikheid om die vrywilligermag vir administratiewe doeleindes onder die Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika te laat ressorteer; die algemene vraagstuk van finansiering van so 'n mag, m.a.w. die verhouding van die verantwoordelikheid wat deur die regering en die korpse onderskeidelik aanvaar moes word; en die beskikking oor die perde wat as geskenk van die Imperiale regering ontvang is. Tydens die vergadering is besluit om 'n komitee te benoem om oor die voorgaande aspekte te besin en om regulasies vir die funksionering van vrywilligerkorpse op te stel.

Hierdie komitee het op 11 Augustus 1902 in die kantoor van die Hoë Kommissaris met sy werksaamhede begin. Die uitvloeisel van hierdie komitee se werksaamhede was dat dit 'n aanvanklike organisasie vir die vrywilligermag by die owerheid aanbeveel het. Die owerheid het dit aanvaar. Verder het hulle die regulasies vir die funksionering van vrywilligerkorpse opgestel.

Tydens sy sitting van 9 tot 10 September 1902 het die Transvaalse Uitvoerende Raad die konsep-regulasies wat deur die komitee voorgestel is in beginsel aanvaar en net 'n paar voorstelle aangaande kleiner wysigings na die komitee terugverwys.

Op 27 Oktober 1902 is Ordonnansie 33/1902, waarkragtens vrywilligerkorpse in Transvaal daadwerklik ingestel kon word, gepromulgeer. Op 31 Oktober 1902 is hierdie ordonnansie die eerste keer in die Staatskoerant gepubliseer. Op 4 November 1902 is die regulasies waarkragtens die korpse kon funksioneer, eweneens gepromulgeer. Laasgenoemde is die eerste keer op 7 Novevember in die Staatskoerant gepubliseer.

In Oktober 1902 het Milner van die *War Office* verneem dat die Imperiale regering toegestem het om 'n skenking van gewere en bybehorende toerusting vir 10.000 infanterie-vrywilligers aan die Transvaalse regering uit te reik. Die skenking was aan dieselfde voorwaardes as dié vir dié 3.000 berede vrywilligers onderhewig. Die 6.000 gewere en bybehorende toerusting wat Kitchener gedurende die Anglo-Boere-oorlog gratis aan die *Rand Rifles* uitgereik het, is as deel hiervan beskou. Milner het ook aansoek gedoen om 'n skenking van uniforms vir 10.000 infanterie-vrywilligers, maar hierdie versoek is van die hand gewys.

Met die totstandkoming van die Transvaalse vrywilligermag in sig, is die *Rand Rifles* met ingang van 10 Oktober 1902 ontbind. Vanaf vroeg in Desember 1902 het werwing vir die eerste vrywilligerkorpse van die Transvaal-kolonie 'n aanvang geneem.

Goewermentskennisgewing no. 688 van 12 Desember 1902 moet as die amptelike geboortesertifikaat van die Transvaal-kolonie se verdedigingsmag beskou word. Die toepaslike gedeelte van die betrokke kennisgewing lui soos volg:

GOVERNMENT NOTICE NO. 688 OF 1902.

In accordance with section 2 of the Volunteer Corps Ordinance, 1902, His Excellency the Lieutenant-Governor has been pleased to approve of the formation of the following regiments of Volunteers:

a. Mounted Corps.

1. *Imperial Light Horse (Right Wing).*
2. *Imperial Light Horse (Left Wing).*
3. *South African Light Horse.*
4. *Johannesburg Mounted Rifles.*
5. *Scottish Horse.*

b. Infantry and Engineer Corps.

1. *Central South African Railway Volunteers.*
2. *Transvaal Light Infantry.*
3. *Transvaal Scottish Volunteer Regiment.*

Die mag wat sodoende tot stand gekom het, het in die omgang as die *Transvaal Volunteers* of die *Transvaal Volunteer Corps* bekendgestaan.



3

ORGANISASIE EN ONTWIKKELING VAN DIE „TRANSVAAL VOLUNTEERS" ONDER KROONKOLONIEBESTUUR

Een van die probleme by die organisasie van die *Transvaal Volunteers* (T.V.) was die vraag of dit onder die Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika en die *War Office* of onder die Transvaalse siviele regering en die *Colonial Office* sou ressorteer.

Terwyl hy in Suid-Afrika was, was Kitchener ten gunste van eersgenoemde beheerstelsel, terwyl Milner laasgenoemde stelsel verkies het.

Die finale besluit was dat die T.V. deur die siviele regering van Transvaal beheer sou word. Die opperbevel het in die luitenant-goewerneur van Transvaal gesetel. Hierdie amptenaar was statutêr gemagtig om vrywilligerkorpse op te rig, te ontbind en om vrywilligers vir sowel aktiewe en militêre diens op te roep, die aanstelling en ontslag van offisiere te behartig en regulasies vir die funksionering van die T.V. uit te reik.

Die Assistent-Adjutant-generaal was regstreeks aan die Luitenant-Goewerneur vir die militêre organisasie en administrasie van die T.V. verantwoordelik. Hierin is hy bygestaan deur 'n permanente staf wat grotendeels bestaan het uit offisiere en onder-offisiere wat uit Britse militêre geledere aangestel is.

Die permanente staf van die T.V. het uit die Assistent-Adjutant-generaal en sy hoofkwartierstaf vir die hele T.V. bestaan. Aan die vrywilligerkorps is een adjutant en 'n aantal sersant-instrukteurs toegevoeg. Die aantal sersant-instrukteurs is deur die sterkte van die onderskeie korpse bepaal.

Die Assistent-Adjutant-generaal en die permanente staf is deur die siviele regering van Transvaal aangestel en besoldig. Ten einde noue samewerking tussen die Transvaalse vrywilligermag en die Britse gereelde troepe in Suid-Afrika te verseker, is hierdie offisier en sy hoofkwartier tot die personeel van die Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika toegevoeg.

Omdat die Assistent-Adjutant-generaal deur die Transvaalse regering besoldig is, het die Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika in Desember 1903 beslis dat dit nie beskou kon word dat hierdie offisier die pos van Assistent-Adjutant-generaal in die Britse leër beklee nie. Vanweë die feit dat die benaming van die pos hierdie indruk gewek het, het hy voorgestel dat dit na *Chief Staff Officer Transvaal Volunteers* of *Commandant Transvaal Volunteers* verander moet word. Vanaf 15 Januarie 1904 is die ampsbenaming van die bevelvoerende offisier van die *Transvaal Volunteers* dan ook na *The Commandant of the Transvaal Volunteers* verander.

Die posisie van die bevelvoerende offisier van die *Transvaal Volunteers* in die beheerstruktuur van die T.V. is gedurende 1906 in die vorm van regulasies vasgelê. Hy is aan sowel die Luitenant-Goewerneur van Transvaal as aan die Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika vir die beheer en administrasie van die Mag verantwoordelik gestel.

Die bevelvoerende offisier van die onderskeie vrywilligerkorpse was regstreeks aan die kommandant van die *Transvaal Volunteers* vir die beheer en administrasie van hulle korpse verantwoordelik.

Kragtens Goewermentskennisgewing no. 688 van 12 Desember 1902 is vyf berede- en drie infanterie- en geniekorpse ingestel. Die berede korpse was: Die *Imperial Light Horse (Right Wing)*, die *Imperial Light Horse (Left Wing)*, die *South African Light Horse*, die *Johannesburg Mounted Rifles* en die *Scottish Rifles*. Die volgende infanterie- en geniekorpse het tot stand gekom: Die *Central South African Railway Volunteers*, die *Transvaal Light Infantry* en die *Transvaal Scottish Volunteer Regiment*.

Daar is ongelukkig nie veel oor die werwingsgebied van hierdie korpse bekend nie. Wat wel met sekerheid gekonstateer kan word, is dat, met uitsondering van die *Imperial Light Horse (Left Wing)*, waarvan die hoofkwartier op Potchefstroom was, alle ander berede korpse toegelaat is om in die Witwatersrandse gebied lede te werf. Die *Central South African Railway Volunteers* was tot spoorwegwerknemers van die Transvaal- en Oranjerivier-kolonie beperk. Die ander twee infanteriekorpse het slegs rekrute in die Witwatersrandse gebied gewerf.

Uitbreiding van die T.V. het spoedig na die instelling daarvan gevolg. Reeds in Maart 1903 is die noodsaaklikheid van 'n mediese eenheid besef. Bygevolg is die *Transvaal Medical Staff Corps* op 20 Maart 1903 ingestel. Dié korps het uit vier kompanies bestaan, met 'n goedgekeurde personeelsterkte van een luitenant-kolonel as bevelvoerder, twaalf kompanie-offisiere, vier kwartiermeesters, vier eerste-klas-stafersante, agt tweedeklas-stafersante, sestien sersante, twee-en-dertig korporaaals, 315 weermanne en agt beulblasers. Die maksimum en minimum sterktes is op 400 en 200 man vir alle range vasgestel.

Hoewel die korpshoofkwartier in Johannesburg was, is die mediese korps toegelaat om in alle Transvaalse distrikte te werf.

Aan die Witwatersrand was daar duisende mynwerkers wat nie so maklik by berede korpse kon inskakel nie. As infanteriste kon hulle wel 'n waardevolle bydrae tot die beskerming van die myne lewer om op dié wyse die tradisie van die eertydse *Rand Rifles* voort te sit. Ter benutting van hierdie beskikbare mannekrag is 'n infanteriekorps, die *Witwatersrand Rifles*, op 1 Mei 1903 ingestel. Dié korps het uit agt kompanies bestaan, met sy hoofkwartier in Johannesburg. Die goedgekeurde sterkte was by benadering 1.200 man. Die kompanies van die *Witwatersrand Rifles* was soos volg oor die Witwatersrandse gebied versprei: New Modderfontein, New Kleinfontein, Boksburg, Germiston, East Central, Robinson Mine, Luipaardsvlei, Roodepoort en Randfontein.

Die sterkte van die korps het teen die einde van Junie 1904 op 469 man te staan gekom. Na berekening was 25% vroeëre lede van die *Rand Rifles*. Verder was die korps grotendeels uit lede van die vroeëre *Railway Pioneer Corps* saamgestel.

Enkele dae na die instelling van die *Witwatersrand Rifles* het die Transvaalse vrywilligerbeweging ook na Pretoria uitgebrei, toe die *Northern Rifles* (N.R.) op 15 Mei 1903 aldaar gestig is.

Die ontstaansgeskiedenis van die *Northern Rifles* kan teruggevoer word na April 1902. Genl.-maj. Barton, die toenmalige bevelvoerende offisier van die militêre distrik Pretoria, is gedurende hierdie maand deur Kitchener gemagtig om met die oprigting van 'n vrywilligerkorps in Pretoria te begin. Dié korps sou uit 'n berede-, 'n fietsryers- en 'n infanterieafdeling bestaan het.

Lede van die N.R. is vir 'n tydperk van ses maande gewerf. Teen die einde van September 1902 sou die korps dus ontbind moes word. Die naderende einde van die militêre regime in Transvaal het aanleiding daartoe gegee dat die bevelvoerder van die korps, maj. D. W. Bruce, reeds teen die einde van Mei 1902 met die siviele

regering van Transvaal in verbinding getree het oor die toekoms van die korps in vredestryd. Maj. Bruce wou vasstel of die korps op 'n permanente grondslag by die toekomstige vrywilligermag van die Transvaal ingeskakel kon word. Die Transvaalse regering het egter nie dadelik op sy navraag gereageer nie.

Op 11 Augustus 1902 het die bevelvoerder van die *Northern Rifles* weer eens met die Transvaalse Koloniale Sekretaris in verbinding getree oor die permanente voortbestaan van sy korps. Hierdie keer het die Koloniale Sekretaris by die goewerneur aanbeveel dat die dienste van die Pretoriase vrywilligerkorps as permanente vrywilligerkorps, ooreenkomstig die bepalinge van Ordonnansie no. 5 van 1902, aanvaar moes word.

Die komitee wat deur Milner aangestel is om die praktiese organisasie van die permanente vrywilligermag te bepaal en regulasies daarvoor op te stel, was toe net in sitting. Gevolglik is die bevelvoerende offisier van die Pretoriase vrywilligerkorps uitgenooi om lid van die komitee te word. Indien hy nie lid van die komitee word nie kon hy sy voorstelle deur die Militêre Sekretaris van die Hoë Kommissaris aan die Komitee voorlê.

Hoewel 'n verslag van genoemde komitee se werksaamhede ontbreek, wil dit uit latere korrespondensie voorkom asof die komitee op 'n stadium besluit het om drie regimente in Pretoria op te rig, t.w. 'n berede korps, moontlik as 'n gedeelte van die *Kitcheners Fighting Scouts*, 'n korps vir werknemers van die spoorweë en 'n infanterieregiment.

Dit wil verder voorkom asof hierdie eenhede ondertussen aktief begin werf het en dat die berede regiment sy gedeelte van die Imperiale geskenk van perde reeds voor November 1902 in ontvangs geneem het.

Vroeg in November 1902 het die Transvaalse owerheid egter besluit om nie 'n volwaardige berede regiment onder die benaming *Kitcheners Fighting Scouts* in Pretoria op te rig nie. Aan vrywilligers in Pretoria wat daarin belang gestel het om as berede vrywilligers tot die permanente vrywilligerorganisasie toe te tree, is 'n keuse gelaat om 'n eskadron van of die *South African Light Horse* of die *Imperial Light Horse* te vorm. Verder is besluit dat die Pretoriase vrywilligerorganisasie vir spoorwegamptenare by die *Central South African Railway Volunteers* ingeskakel sou word. Vir infanteriedoeleindes sou Pretorianers onder die benaming *2nd Transvaal Light Infantry* by die *Transvaal Light Infantry* inskakel.

Vroeg in Desember 1902 het die Luitenant-Goewerneur van Transvaal beslis dat daar geen infanteriekorps in Pretoria opgerig sou word nie. Die *Kitcheners Fighting Scouts* en die *Railway Pioneer Regiment* is onderskeidelik volgens goewermentskennisgewing no. 523 van 1903 op 1 Februarie 1903 en 30 April 1903 amptelik ontbind.

'n Afsonderlike vrywilligerkorps is hierna op 15 Mei 1903 onder die benaming *Northern Rifles* vir Pretoria en die gelyknamige distrik ingestel. Die gemagtigde sterkte vir die N.R. was vier berede eskadrons, vier infanteriekompanieë en een kompanie fietsryers. Die hoofkwartier van hierdie saamgestelde korps was Pretoria, met Pietersburg en Middelburg as buiteposte.

Die Luitenant-Goewerneur van Transvaal, sir Arthur Lawley, K.C.M.G., is as erekolonel van die korps benoem, terwyl kapt. Geoffrey Carr Glyn, D.S.O., as eerste bevelvoerder en kapt. Maurice L. Pears, van die *Scottish Horse*, as eerste adjutant aangestel is.

In sy verslag vir die jaar geëindig 30 Junie 1903 kon die kommandant van die *Transvaal Volunteers* reeds rapporteer dat hy besig was om met die Algemene Bestuurder van die *Central South African Railways* oor die oprigting van 'n transportkorps te onderhandel. Dié korps sou uit lede van die *C.S.A.R.* bestaan.

Die *Volunteer Transport Corps* is met ingang van 1 Julie 1903 met die volgende gemagtigde personeelsterkte ingestel: Een kaptein, vier luitenant, een kompanie-sersant-majoor, een kompanie-kwartiermeester-sersant, vyf sersante, nege korporaaals, twaalf vakmanne en 400 kleurlingdrywers. Die korpshoofkwartier was in Johannesburg.

Volgens ooreenkoms met die *Central South African Railways* sou hierdie instansie te eniger tyd die personeel van die transportkompanie, 100 waens en 1 000 muile aan die Transvaalse vrywilligermag voorsien wanneer laasgenoemde dit sou benodig. In geval van mobilisasie kon hierdie kompanie die kern van 'n groter transportkorps vorm.

Nieteenstaande die feit dat Ordonnansie no. 33 van 1902 nie vir die instelling van artilleriekorpse voorsiening gemaak het nie, het die Transvaalse Luitenant-Goewerneur tog op 17 Maart 1904 so 'n korps ingestel. Vir 'n geruime tyd na die instelling daarvan het die korps as die *Lys Volunteer Corps*, só genoem na sy stigter en eerste bevelvoerder, maj. Robert Oliver Godfrey Lys, bekend gestaan. Dié korpshoofkwartier was in Johannesburg, en die aanvanklike personeelsterkte daarvan was soos volg: 'n Majoor as bevelvoerder, een kaptein, vyf luitenant, een adjudant, een sersant-instrukteur, een ordonnans, een stoorman, een battery-sersant-majoor, een battery-kwartiermeester-sersant, twee beuelblasers, agt sersante, agt korporaaals, agt bombardiers, agt waarnemende bombardiers, twee-en-sestig kanonniers, vyf seiners en drie afstandmeters, verder een sersant-hoefsmid, een korporaal-hoefsmid, ses gewone hoefsmede, een sersant- of korporaal-wamaker, een sersant- of korporaal-haltermaker en dertig drywers (Suid-Afrikaanse Bantoes). Vir bewapening sou die korps een battery 12½-ponder snelvuurkanonne en een seksie van twee eenponder snelvuur-Vickers-Maxim-kanonne kry. Met ingang van 1 September 1904 is die benaming van die *Lys Volunteer Corps* na die van *The Transvaal Horse Artillery* verander.

Met ingang van 14 September 1904 is die *Volunteer Company of Military Signallers*, met 'n goedgekeurde sterkte van een kaptein, sestien korporaaals en ses-en-sewentig weermanne ingestel. Deur die instelling van hierdie kompanie is verseker dat voldoende seiners in geval van mobilisasie beskikbaar sou wees. Meer seiners sou hierdeur opgelei kon word as onder die stelsel waarvolgens elke korps 'n paar seiners moes oplei.

Teen die einde van 1904 is verder slegs kleiner organisatoriese veranderinge in die T.V. aangebring. So is die Krugerdorpse eskadron van die *Imperial Light Horse (Left Wing)* met ingang van 1 November 1904 na die *Imperial Light Horse (Right Wing)* oorgeplaas. Verder is die *Medical Staff Corps* gedurende Desember 1904 van vier tot vyf kompanies vergroot. Die totale goedgekeurde sterkte van hierdie korps was nou 500 vir alle range. Die goewerneur het terselfdertyd goedkeuring verleen vir die oprigting van 'n verpleegstersreserwe, bestaande uit een matrone en twaalf susters.

Aan die begin van 1905 is begin met die oorskakeling van die T.V. na 'n distriks-organisasie. Deur die toepassing van hierdie beleid sou oorvleuelende werwingsgebiede in die meeste gevalle uitgeskakel word. Dit het die volgende ingrypende organisatoriese veranderinge tot gevolg gehad: 'n Korps, genaamd *The Eastern Rifles*, bestaande uit ses berede eskadrons en drie infanteriekompanies, is op 1 Januarie 1905 ingestel. Die hoofkwartier van die korps was Standerton en die werwingsgebied Oos-Transvaal.

Die Heidelbergse eskadron van die *South African Light Horse*, die Standertonse eskadron van die *Johannesburg Mounted Rifles*, en die Barbertonse afdeling van die *Northern Rifles* is by die *Eastern Rifles* ingelyf.

'n Korps, genaamd *The Western Rifles*, bestaande uit ses berede eskadrons en drie infanteriekompanies, is ook vanaf 1 Januarie 1905 ingestel met Potchefstroom as hoofkwartier en Wes-Transvaal as werwingsgebied.

Die *Imperial Light Horse (Left Wing)* en die Potchefstroomse afdeling van die *Transvaal Scottish Volunteers* is by die *Western Rifles* ingelyf. Omdat die *Imperial Light Horse (Left Wing)* by die *Western Rifles* ingelyf is, is die naam van die *Imperial Light Horse (Right Wing)* vanaf 1 Januarie 1905 na *Imperial Light Horse* verander.

Die omskrewe werwingsgebiede vir die *Transvaal Volunteers* wat vanaf 1 Januarie 1905 ingestel is, was: die *Witwatersrand*, met hoofkwartier in Johannesburg (dit het gestrek van Springs tot Randfontein en het die Krugersdorpse landdrostdistrik ingesluit); *Noord-Transvaal*, met hoofkwartier in Pretoria (dit het die distrikte en dorpe Pretoria, Middelburg, Lydenburg, Soutpansberg en Waterberg ingesluit); *Oos-Transvaal*, met hoofkwartier in Standerton (dié gebied het die distrikte en dorpe Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Piet Retief, Ermelo, Carolina en Swaziland ingesluit); *Wes-Transvaal*, met hoofkwartier in Potchefstroom. Dié gebied het die dorpe en distrikte Potchefstroom, Wolmaransstad, Lichtenburg, Marico en Rustenburg ingesluit.

Alle korpse, behalwe die *Northern*, *Eastern* en *Western Rifles*, is toegelaat om in die distrik Witwatersrand werwing te verrig. Die volgende korpse, t.w. *Central South African Railway Volunteers*, die *Transvaal Volunteer Medical Staff Corps*, die *Volunteer Transport Corps*, die *Veterinary Corps* en die *Supply Corps* kon in alle distrikte werf. Die *Northern Rifles*, *Eastern Rifles* en *Western Rifles* was, wat werwingsgebiede betref, onderskeidelik tot die militêre distrikte Noord-, Oos-, en Wes-Transvaal beperk.

Hierna was daar, tot by die instelling van verantwoordelike bestuur (1906), geen radikale verandering nie maar wel kleiner veranderings soos die volgende: Op 1 Januarie 1905 is 'n telegrafistekompanie ingestel wat tot die *Transvaal Light Infantry Volunteers* toegevoeg is. Vanaf 1 Julie 1905 is die *Transvaal Volunteer Medical Staff Corps* uitgebrei deur die toevoeging van 'n berede afdeling met 'n sterkte van een offisier, twee korporaa's en nege-en-twintig weermanne; 'n fietsryerseksie met 'n sterkte van een offisier, een stafsersant, een sersant, twee korporaa's en agt-en-twintig weermanne en twee gekwalifiseerde aptekers per kompanie. Hulle sou as sersante aangestel word en ten aansien van die goedgekeurde sterkte bótallig wees.

'n Bykomende kompanie van die *Central South African Railway Volunteers*, genaamd *No. IX Company*, met hoofkwartier te Standerton, is op 20 November 1905 ingestel. 'n Korps genaamd *The Transvaal Cycle Corps*, is op 1 Oktober 1905 met 'n goedgekeurde sterkte van een-en-dertig offisiere en 451 ander range ingestel. Gedurende Februarie 1906 is die goedgekeurde sterkte van die *Western Rifles* van ses eskadrons en drie kompanies na sewe eskadrons en een kompanie verander.

'n Waardevolle uitbreiding het ook gedurende Februarie 1906 plaasgevind, toe 'n posduifafdeling as 'n integrerende deel van die *Transvaal Light Infantry* ingestel is.

Daar kan met reg beweer word dat die *Transvaal Volunteers* tot aan die einde van die kroonkoloniebestuur organisatories tot 'n goed gedifferensieerde mag ontwikkel het. Of dit wel tot 'n doeltreffende gevegsmag ontwikkel het, is 'n ander aspek wat in die volgende hoofstuk noukeuriger nagegaan word.

Voldoende kamp- of mobilisasietoerusting is 'n voorvereiste vir enige verdedigingsmag om 'n doeltreffende gevegsmag te kan ontwikkel. Hierdie toerusting is eerstens onontbeerlik vir oefenkampe waar militêre opleiding geskied. Verder is mobilisasie vir oorlog sinneloos daarsonder.

Tot 1905 was die posisie van die *Transvaal Volunteers* as verdedigingsmag vir die Transvaal-kolonie hoogs onbevredigend. Daar is jaarliks sowat £150.000 aan die instandhouding van die organisasie bestee. Weens gebrek aan kamp- of mobilisasietoerusting en ammunisie was die T.V. egter nie in staat om in tye van nood sonder hulp van buite te mobiliseer nie. Die uitgawes vir die verskaffing van mobilisasietoerusting vir die hele mag sou nie deur die Transvaalse regering bekostig kon word nie. Die kommandant van die *Transvaal Volunteers* het toe, in hierdie verband, die volgende voorstelle aan die regering voorgelê: Aangesien dit onwaarskynlik was dat die hele mag gelyktydig opgeroep sou word, moes slegs voorsiening gemaak word vir mobilisasietoerusting vir dié deel van die mag wat waarskynlik op een slag opgeroep kon word. Dit is op 3.000 gestel, nl. 1.800 berede manskappe, 600 infanteriemanskappe en 600 departementele troepe.

Vir die res van die T.V. kon, indien nodig, mobilisasietoerusting van die imperiale militêre owerheid in Suid-Afrika in bruikleen verkry word. Die Transvaalse regering moes verdere reserwe ammunisie vir die hele mag aankoop. Vir hierdie doel moes die totale sterkte van die T.V. op 8.000 gestel word.

Die berekende uitgawe vir die voorsiening van mobilisasietoerusting vir 3.000 man en reserwe-ammunisie vir die hele mag was: Ammunisie vir die hele mag: £9.300; mobilisasietoerusting vir drie mobiele kolonne (artillerie uitgeslote): £6.700 en oprigting van magasyn vir die opberging van toerusting en ammunisie: £2.000. 'n Totaal dus van £18.000.

Uitvoerende Raadsbesluit no. 533 van 5 April 1905 was 'n mylpaal in die geskiedenis van die *Transvaal Volunteers*. Kragtens hierdie besluit is £15.600 vir die voorsiening van mobilisasietoerusting en ammunisie vir die mag gestem. Die bedrag sou soos volg bestee word: Ammunisie vir die hele mag: £7.600, toerusting vir drie mobiele kolonne (artillerie uitgeslote): £8.000, dus in totaal £15.600.

Alhoewel die bedrag uit verwagte en doelbewuste besparings uit die vrywilligerbegrotingspos toegesê is, staan dit vas dat dit eers na die toepassing van hierdie besluit vir die Transvaalse regering moontlik was om die vrywilligers na willekeur vir diens op enige plek in Suid-Afrika te kon mobiliseer.

Die doeltreffendheid van 'n verdedigingsmag is grootliks afhanklik van sy bewapening. Die waarde van die *Transvaal Volunteers* as verdedigingsorganisasie kan dan ook nagegaan word aan die hand van sy bewapening.

Vrywilligers is van die begin af met .303 Lee Metford- en Lee Enfield-gewere uitgerus. Uit die aard van die aanvanklike samestelling van die mag was gewone gewere eintlik die belangrikste krygstuig. Die aantal masjiengewere het egter geleidelik toegeneem.

Aan die begin van die kroonkolonie-tydperk het die mag oor slegs vyf masjiengewere beskik. Teen die einde van die onderhawige periode is die aantal masjiengewere na een-en-twintig vermeerder. Elf hiervan is deur die Transvaalse regering aangekoop. Gedurende 1905 is nege masjiengewere as deel van die mobilisasietoerusting verkry. Vier masjiengewere is in bruikleen van die Imperiale regering ontvang, terwyl ses deur private maatskappye, hoofsaaklik mynmaatskappye, aan die mag geskenk is.

Ten tye van die organisasie van die *Transvaal Volunteers* het die Imperiale regering drie 12-ponder vlootkanonne in bruikleen aan die *Central South African Railway Volunteers* beskikbaar gestel. Hierdie kanonne is op gepantserde treine gebruik.

Met die instelling van die artilleriekorps, gedurende Maart 1904, was daar nog geen kanonne beskikbaar nie. Die Britse militêre owerheid in Suid-Afrika het egter twee ondienstige artillerie-kanonne vir opleidingsdoeleindes tot beskikking van die artillerie-vrywilligers gestel.

In sy verslag oor die jaar geëindig 30 Junie 1906 kon die kommandant van die mag rapporteer dat die Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika ses 15-ponder agterlaaier-kanonne in bruikleen aan die vrywilligers beskikbaar gestel het.

Teen die einde van Maart 1906 het die Transvaalse regering besluit om onmiddellik vier van die jongste modelle 13-ponder snelvuurkanonne vir die artilleriekorps te bestel. In Mei 1906 is verder besluit om op die begroting van 1906/1907 voorsiening te maak vir die aankoop van twee 1-ponder snelvuurkanonne (pom-poms), met affuite en voorwaens, ook vir gebruik deur die artilleriekorps.

Vanweë van die feit dat die *War Office* meegedeel het dat die 1-ponder snelvuurkanonne (pom-poms), in Indië op die proef gestel is en nie geslaagd bevind is nie, het die Transvaalse regering besluit om liewers twee 1-ponder outomatiese snelvuur-Vickers-Maxim-kanonne te bestel.

In Mei 1906 is verder besluit om 2.000 Martini-Henry-gewere en 500.000 bybehorende patrone teen £2 per geweer en £4 per 1.000 patrone, van die Kaapse regering te koop.



4

DIE ZOELOE-OPSTAND VAN 1906

Vroeg in 1906 het die Zoeloe-opstand in Natal uitgebreek. Uit 'n militêre oogpunt beskou, was dit 'n belangrike gebeurtenis: Eerstens omdat hieruit die eerste daadwerklike poging tot interkoloniale militêre samewerking tussen die Brits-Suid-Afrikaanse kolonies voortgekom het, verder omdat dit aan die *Transvaal Volunteers* 'n geleentheid tot mobilisasie gebied het.

Die waarde van die *Transvaal Volunteers* as doeltreffende gevegsmag kon nou prakties bepaal word.

Teen die einde van 1906 was daar wydverspreide onrus wat grootliks te wyte was aan ontevredenheid onder die Zoeloes oor die naturellebeleid van die Natalse regering.

Die regstreekse aanleiding tot openlike opstand was die feit dat die Natalse parlement, vanweë 'n nypende geldtekort, gedurende Augustus 1905 'n hoofbelasting van £1 per kop ingestel het. Dit was op alle manlike inwoners, met uitsluiting van ingeboekte Indiërs en getroude Bantoes, van toepassing. Dié heffing met die sensus van 1904, het die stambantoe agterdogtig en aggressief gestem.

In Augustus 1905 het die Natalse Minister van Naturellesake aan landdroste opgedra om stamhoofde en hoofmanne byeen te roep om die bepalings van die wet aan hulle te verduidelik. Byeenkomste is vir September en Oktober 1905 belê. Tydens dié byeenkomste het die Zoeloes se opstandigheid oor die nuwe belasting al duidelik na vore gekom.

Die wet het van 1 Januarie 1906 af in werking getree en die belasting moes op 20 Januarie 1906 of so spoedig moontlik daarna geïmplementeer word. 'n Bantoe kon egter nie skuldig bevind word aan oortreding van die wet voor na 31 Mei 1906 nie.

Die erns van die Zoeloe-ontevredenheid is besef toe die onderdane van hoofman Mveli te Henley, sowat sewentien km. van Pietermaritzburg, gewapende teenstand gebied het toe die landdroos van Umgeni op 7 Februarie 1906 die belasting aldaar wou invorder. 'n Dag later is 'n klein polisiemag na Henley gestuur om dié wat nie wou betaal nie, te arresteer. Twee lede van hierdie mag is om die lewe gebring, terwyl die res moes vlug.

By die Natalse regering was daar teen hierdie tyd geen twyfel meer oor die erns van die toestand nie, en teen 9 Februarie 1906 is die Natalse milisie gemobiliseer om die opstand te onderdruk. Krygswet is op 10 Februarie in die hele kolonie afgekondig.

Op 10 Februarie 1906 het een kolonne, onder kol. sir Duncan McKenzie, C.B., K.C.M.G., J.P., V.D., van die *Natal Carbineers*, na Mveli se kraal vertrek en met die opstandelinge afgereken. Opstandigheid oor die betaling van die hoofbelasting het egter geruime tyd lank onder die verskillende stamme van die distrik Ixopo en ander stamme langs die suidkus geheers. Vanaf 19 Februarie het kol. D. McKenzie se kolonne in hierdie gebiede magsdemonstrasies gelewer. Deur die blote teenwoordigheid van troepe en die ferme optrede van kol. McKenzie is die orde spoedig herstel. Op 30 Maart 1906 is sy kolonne gedemobiliseer.

Ook in die distrik Mapumulo het die onderdane van verskeie stamme die gesag van die landdros verontagsaam toe hy die nuwe belasting wou invorder.

Op 24 Februarie is 'n kolonne onder kol. G. Leuchars gemobiliseer. Hierdie kolonne moes die landdros van Mapumulo tydens die vervolging van opstandelinge in sy distrik bystaan. Ook kol. Leuchars se ferme optrede het die opstandigheid alhier spoedig laat verdwyn. Reeds op 16 Maart 1906 is sy kolonne gedemobiliseer.

Die eerste fase van die opstand was dus teen die einde van Maart 1906 verby.

Vroeg in April 1906 het die tweede, ernstiger fase van die opstand begin, toe Bambata, 'n minder belangrike hoofman van die distrik Greytown, sy landdros teengegaan het en met sy volgelinge oor die Tugela tot in die Nkandhlawoud getrek het.

In Transvaal is besef dat, indien die Zoeloe-opstand nie in die kiem gesmoor word nie, dit tot 'n algemene opstand onder die Bantoe van Suid-Afrika sou kon lei. Reeds op 20 April 1906 het die kommandant van die *Transvaal Volunteers* 'n order uitgevaardig waarin adjudante van die verskillende korpse versoek is om so spoedig moontlik lyste van name van vrywilligers wat bereid is om in Natal te veg, aan hom te stuur.

Op 23 April 1906 het die Transvaalse regering dié vorm van hulpverlening aan Natal amptelik bespreek. Ingevolge die besluit wat daar geneem is, het die Transvaalse luitenant-goewerneur dieselfde dag die volgende telegram aan die Natalse goewerneur gestuur:

Please inform your ministers that with the High Commissioner's warmest approval, Transvaal Government offers to send to assistance of Government of Natal, whenever required, 500 Transvaal Volunteers fully armed and equipped, and offers to maintain them while in the field.

Die Natalse regering het hierdie vorm van militêre hulpverlening onmiddellik met dank aanvaar.

Op 25 April 1906 het die Transvaalse regering besluit om 'n berede regiment, die *First Transvaal Mounted Rifles*, met 'n getalsterkte van 500 man, op te rig. In 'n Buitengewone Staatskoerant van 26 April 1906 is die instelling van die korps afgekondig en is dit terselfdertyd vir aktiewe diens in Natal opgeroep. Die reaksie van Transvaalse kant was só oorweldigend dat in dieselfde uitgawe van die Staatskoerant 'n verdere kennisgewing verskyn het, waarin aangekondig is dat aansoeke om aansluiting by die korps nie meer oorweeg kan word nie, aangesien daar op dié stadium reeds meer as voldoende aansoeke ontvang is.

Groot sorg is aan die keuring van lede van die eenheid bestee. Daar is besluit om lede uit die verskillende bestaande berede vrywilligerkorpse in Transvaal aan te stel, sodat hulle almal aan die veldtog kon deelneem.

Die *First Transvaal Mounted Rifles* is soos volg saamgestel: Die A-eskadron uit lede van die *Imperial Light Horse*, die B-eskadron uit lede van die *South African Light Horse*, die C-eskadron uit lede van die *Johannesburg Mounted Rifles* en die *Scottish Horse*, terwyl die D-eskadron uit lede van die *Northern, Eastern en Western Mounted Rifles* bestaan het.

Die mate van die slaggereedheid wat die *Transvaal Volunteers* aan die einde van die Kroonkoloniebestuurstydperk bereik het, kan afgelei word uit die spoed waarmee die saamgestelde berede eenheid gemobiliseer is.

Mobilisasie van die korps is op 26 April 1906 afgekondig, en op 27 April 1906 het die eerste kontingent van 250 man ten volle toegerus na Natal vertrek. Op 30 April 1906 was die saamgestelde eenheid se mobilisasie volledig afgehandel en het die laaste klein groepie na Natal vertrek.

Die *Transvaal Volunteers* se bydrae tot die gevegsmagte in Natal was nie tot die mobilisasie van die *First Transvaal Mounted Rifles* beperk nie. Die Natalse regering het op 10 Mei 1906 besluit om 'n ongereelde infanterieregiment met 'n sterkte van 800 man op te rig om die reserwe-milisie, wat op daardie tydstip te velde diens gedoen het, af te los. Hierna het bogemelde regering die Hoë Kommissaris versoek om toe te laat dat die helfte van dié regiment in Johannesburg gewerf word. Lord Selborne het hiertoe toegestem, en daar is besluit dat, indien moontlik, aan elke infanterie-eenheid van die *Transvaal Volunteers* die geleentheid gegun moes word om een kompanie infanteriste op die been te bring.

Op 11 Mei 1906 is in Transvaal amptelik om infanterie-vrywilligers gevra. Uit die volgende bestaande eenhede is vier kompanies met 'n getalsterkte van 100 man elk saamgestel: Die *Central African Railway Volunteers*; die *Transvaal Light Infantry* en die *Transvaal Cycle Corps* gesamentlik; die *Transvaal Scottish Volunteers* en die *Witwatersrand Rifles*. 'n Maxim-masjiengeweer-afdeling is ook deur die *Central South African Railway Volunteers* verskaf, terwyl uit hierdie korps en die *Volunteer Corps of Military Signallers* 'n seiners-afdeling gevorm is. Uit die *Transvaal Volunteer Medical Staff Corps* is 'n draagbaarafdeling gevorm. Saam met die toegevoegde dienseenhede was die halwe infanterieregiment se getalsterkte 445 man.

Op 16 Mei 1906 het hierdie infanteriste, ten volle toegerus, na Natal vertrek. Die ooreenkoms tussen die twee regerings was dat die Natalse regering hulle wapens, klere en toerusting teen kosprys van die Transvaalse regering sou oorneem.

Die totale aantal Transvaalse vrywilligers wat aan die Zoeloe-opstand deelgeneem het, soos hieronder gesien kan word, was 980.

Die halwe regiment infanteriste het drie maande lank te velde diens gedoen. Hulle het aan die een groot veldslag van Momevallei (10.6.1906) deelgeneem. Hierna het hulle egter slegs in kleiner operasies opgetree.

In teëstelling hiermee het die *First Transvaal Mounted Rifles*, onder Lt.-kol. W. F. Barker, 'n leidende aandeel in die mees beslissendste veldslae gehad wat tydens die opstand gelewer is.

Waar die aandeel van die *Transvaalse Volunteers* in die operasies tydens die opstand hier geskets word, sal hoofsaaklik die rol van die *First Transvaal Mounted Rifles* aandag geniet. Die rol van die *Natal Rangers* sal, waar toepaslik, ook aangedui word. 'n Probleem is dat uit die geraadpleegte bronne nie kan vasgestel word nie of die Transvaalse of Natalse gedeelte van die *Natal Rangers* aan 'n besondere operasie deelgeneem het.

Volg- no.	A Naam van Transvaalse eenhede wat deelgeneem het	B Goedgekeurde sterkte 1.7.1907	C Werklike sterkte 1.7.1907	D Lede wat aktief aan bekamping van Zoeloe- opstand deelge- neem het
1.	<i>Transvaal Horse Artillery</i>	156	138	3
2.	<i>Imperial Light Horse</i>	528	263	107
3.	<i>South African Light Horse</i>	528	318	109
4.	<i>Johannesburg Mounted Rifles</i>	528	356	70
5.	<i>Scottish Horse</i>	528	392	80
6.	<i>Northern Mounted Rifles</i>	1 039	668	57
7.	<i>Western Mounted Rifles</i>	1 039	243	15
8.	<i>Eastern Mounted Rifles</i>	1 039	658	33
9.	<i>Central South African Railway Volunteers</i>	1 073	800	126
10.	<i>Transvaal Light Infantry</i>	812	487	70
11.	<i>Transvaal Scottish</i>	943	628	106
12.	<i>Witwatersrand Rifles</i>	1 336	630	129
13.	<i>Transvaal Cycle Corps</i>	446	328	26
14.	<i>1st Volunteer Transport Company</i>	108	92	17
15.	<i>Volunteer Company of Military Signallers</i>	108	31	10
16.	<i>Transvaal Volunteer Medical Staff Corps</i>	511	398	22
				980

Teen die einde van April 1906 was die fokuspunt van die opstand die Nkandhla-woude in Zoeloeland.*

Om die opstand by Nkandhla uit te wis, het die Natalse regering op 28 April 1906 'n sterk mag, die *Zululand Field Force*, saamgestel, wat onder bevel van kol. D. McKenzie, C.B., K.C.M.G., J.P., V.D., *Natal Carbineers*, geplaas is en soos volg saamgestel was: Die *First Transvaal Mounted Rifles*: 500 man; die *Royston's Horse*: 550 man; die *Natal Field Artillery*: 95 man (twee afdelings van 35, waarvan elk oor twee 15-ponder kanonne beskik het en een afdeling van 25 wat oor twee pom-poms beskik het), die *Durban Light Infantry*: 320 man (3 kompanies, waaronder 25 berede infanteriste), die *Zululand Mounted Rifles*: 150 man, die *Natal Naval Corps*: 106 man, die *Natal Police*: 200 man, die *Zulu Police*: 90 man, en verder ook toegevoegde mediese-, veeartsenykundige-, seiner- en dienseenhede.

Die grootste gedeelte van die *Zululand Field Force*, waaronder ook die *First Transvaal Mounted Rifles*, het eers op Dundee saamgetrek. Op 30 April 1906 het kol. McKenzie na Dundee vertrek, en op 1 Mei 1906 het hy die bevel oor die mag aanvaar. Op 3 Mei 1906 het sy kolonne van Dundee vertrek, en op 8 Mei het dit by die Nkandhla-landdroskantoor aangekom.

* Nkandhla is die versamelnaam vir 'n groot aantal feitlik aaneengeskakelde woude in die bergagtige streek van elf myl lank en vyf myl breed in die Nkandhla-landdrostdistrik. Die berghange, valleie en bergklowe het hier besonder steil heinings en is boonop dig begroei oor 'n baie onegalige grondoppervlak. Die woude self is haas ondeurdringbaar. Dat die opstandelinge hulle dus in groot getalle in hierdie natuurlike vesting gemonster het, is begryplik.

Die gevegsterrein by Nkandhla was heeltemal vreemd en moes eers verken word. Die terreingesteldheid en veral die beskikbaarheid van voldoende woudskuiling vir die rebelle het kol. McKenzie laat besef dat hulle nie maklik tot oorgawe gedwing sou kon word nie. Voedselvoorrade in die omgewing van die groot woude soos Nkandhla, Qudeni, Kombe, Eusingahantu en Macala sou eers vernietig moes word, anders sou die opstandelinge bedags in die woude kon skuil en snags kos insamel.

Dit was van die begin af kol. McKenzie se oogmerk om so spoedig moontlik met die rebellemagte in botsing te kom en hulle in beslissende veldslae te verslaan. Ondertussen het hy hom daarop toegelê om verkenningwerk te doen, voedselvoorrade van die rebelle te vernietig en hulle krale af te brand.

Die eerste drie weke van die veldtog, tot die einde van Mei, het teleurstellend verloop. Kol. McKenzie het probeer om 'n beslissende veldslag te lewer, maar ondanks die feit dat die rebellemag in die woude steeds aangegroei het, het die geleentheid hom daartoe nie voorgedoen nie.

Die rebelle het klaarblyklik 'n defensiewe taktiek gevolg. Hulle het in klein groepe tussen die digbegroeide, haas ondeurdringbare woude heen en weer beweeg en openlike botsings met groot kolonnes vermy. Hulle enigste vorm van aanval was om telkens te probeer om kleiner troepe-afdelings te oorval.

Op 15 Mei het slegs lt.-kol. Barker se kolonne een keer met 'n impie van sowat 500 man sterk in aanraking gekom. Dit was toe hy by Dhlowana, ses myl suid van Ntingwe en omtrent drie myl van Macala af, besig was om krale af te brand, dat hy in 'n skermutseling met die impie betrokke geraak het. In hierdie skermutseling is vier rebelle gedood. Volgens Stuart het lt.-kol. Barker hier 'n besliste geleentheid om die rebelle hulle eerste swaar verliese toe te dien, laat verbygaan. Op 16 Mei het lt.-kol. Barker 'n klein afdeling uitgestuur om die rebelle te probeer uitlok, dog dit was vergeefs.

Die Natalse regering het teen die einde van Mei 1906 besef dat die gevegsmagte in Natal en die in Zoeloeland onder een bevel geplaas moes word. Dit sou beter koördinasie tot gevolg hê.

Op 30 Mei 1906 is kol. McKenzie as opperbevelhebber van alle magte te velde aangestel. Hy was vasberade om, onder sy persoonlike leiding, die opstand by Nkandhla te onderdruk. Omdat kol. Leuchars tot op dié stadium die operasies in Natal met welslae gehanteer het, het kol. McKenzie hom versoek om daarmee voort te gaan tot tyd en wyl die Nkandhla-opstand onder beheer is. Hierna sou hy self die bevel oor alle troepe oorneem.

Teen die einde van Mei het kol. McKenzie besluit om die rebelle uit hulle skuilplekke te verdrywe. Vanaf 1 Julie het hy begin om die Nkandhla-woude met die manskappe tot sy beskikking so sistematies moontlik te deurkruis.

Op 4 Junie 1906 is sy magte wesenlik versterk toe die *Natal Rangers*, onder lt.-kol. Dick, by sy Nomancikamp aangekom het. Tot 8 Junie het die *Natal Rangers* saam met die res van die Nkandhla-mag, waaronder die *First Transvaal Mounted Rifles*, aan 'n reeks dryftogte deelgeneem wat nie veel opgelewer het nie.

Terwyl die troepe op 9 Junie gerus het na 'n uitputtende dryftog van die vorige dag, het 'n groot drama stil-stil 'n aanvang geneem. Dit was die voorspel tot die belangrike veldslag van Momevallei, waarna die opstand in Zoeloeland feitlik verby was.

'n Paar dae voor 9 Junie het kol. McKenzie aan sy plaaslike inligtingspersoneel, bestaande uit lt. Helges en sersante Calverley en Titlestead, opdrag gegee om vas te stel waar die Zoeloehoof Sigananda hom skuilhou. Laasgenoemde was hoof van 'n groot stam in die Nkandhla-distrik wat in opstand was. Een van Sigananda se stam-

lede wat op 8 Julie oorgegee het, was aan sers. Calverley goed bekend. Bygevolg het die inligtingspersoneel besluit om hom as spioen aan te wend. Gedurende die namiddag van 9 Junie is hy na die Mome-woud geneem. Hier is aan hom opgedra om na 'n Zoeloe, genaamd Mandisindaba, wat ook aan sers. Caverley goed bekend was, te gaan soek. Kort voor lank het die spioen met Mandisindaba en laasgenoemde se hele gesin en beeste opgedaag. Mandisindaba het aan sers. Calverley meegedeel dat hy moeg vir die opstand was en hy het om beskerming vir sy gesin en beeste gevra. Dit het sers. Calverley onderneem, maar met dié voorbehoud dat **Mandisindaba** onmiddellik na die Mome-woud moes gaan en presies sou vasstel waar Sigananda hom skuilhou. Aan Mandisindaba is te verstone gegee dat as hy in hierdie sending sou slaag, dit oorweeg sal word om sy deelname aan die opstand te kondoneer. Hierna is hy dadelik die woud in, waar dit hom geluk het om 'n rebel raak te loop wat toevallig ook na Sigananda op soek was. Laasgenoemde moes 'n boodskap aan Sigananda oordra dat twee leiers van die opstand, Mehlokazulu en Bambata, dieselfde aand met sowat twintig kompanies van die Qudeni-woud na die Mome-woud sou beweeg om by Sigananda se magte aan te sluit.

Terwyl Mandisindaba en sy nuwe metgesel hulle soektog gesamentlik voorgesit het, het Mandisindaba 'n Zoeloetjie met kos in die rigting van een van die bergklowe sien beweeg. Hier het een van Sigananda se vrouens die kos geneem en die bergkloof binnegegaan. Dit was duidelik dat Sigananda hom êrens in die onmiddellike omgewing bevind het.

Onder die voorwendsel dat dit al begin donker word, het Mandisindaba voorgestel dat hulle in verskillende rigtings na Sigananda moes soek. Dié een wat hom eerste sou kry, sou dan vir die ander een skreeu. Toe Mandisindaba uit die gesig van sy vroeëre metgesel was, het hy hom na sers. Calverley en sers. Titlestead gehaas om sy waardevolle inligting mee te deel. Teen halftien die aand is die inligting aan kol. **McKenzie** in die Nomancikamp oorgedra. Wel wetende dat die Zoeloes te bygelowig is om 'n woud in die nag binne te gaan, het kol. **McKenzie** van die veronderstelling uitgegaan dat die impi by die ingang van die woud sou oornag en dit eers teen dagbreek die volgende oggend sou binnegaan. Dit moes teen elke prys verhoed word. Kol. **McKenzie** het aangeneem dat die rebelle deur die Insuzivallei sou beweeg, aangesien dit die maklikste pad was. Die gewenste stap sou dus wees om die impi by die suidelike ingang tot die Nkandhla-woud voor te lê. Omdat kol. **McKenzie** se kamp ten noorde van die Nkandhla-woud geleë was, moes dié taak aan 'n kolonne suid van die woud opgedra word. Dié taak is bygevolg aan lt.-kol. **Barker** se kolonne, wat op daardie tydstip in die omgewing van Cetchwayo se graf ten suide van die Nkandhla-woud gekampeër het, opgedra. **Barker** se Halambukamp was sowat sewe of agt myl van die mond van die Momevallei, die ingang tot die Nkandhla-woud, geleë. Die geskrewe operasie-order wat kol. **McKenzie** om halfelf die aand aan lt.-kol. **Barker** gestuur het, is so belangrik dat dit woordeliks weergegee word.

Zululand Field Force,
Camp, Nomanci Ridge,
9th June, 1906.

From O.C. Troops to Colonel Barker.

On receipt of this despatch you will please move at once with all available men (leaving sufficient for the defence of your camp) to the mouth of the Mome Valley. I have information that an impi is coming from Qudeni to enter Mome Valley between this and to-morrow morning. Please try to waylay this impi and prevent them

from entering the Mome and at daylight block the mouth of the Mome at once. It is anticipated that they will not enter the Mome till daylight. I have reliable information as to almost the exact spot Siganda is in, and I am moving from here to surround him. He is supposed to be just below the Mome stronghold a little lower down where we burnt his kraal. I will cut off this portion at daylight and drive down towards you so please do all you can to prevent his escape and co-operate with me generally.

At daylight please send the Zululand Police and Native levies up to Siganda's kraal which you burnt the day we attacked the stronghold where they will join forces. You must take your gun and maxims in case you meet the impi which is reported to be of strength.

Look out for my signals.

Addressed. Colonel Barker.
Cetshwayo's Grave.

Very urgent. Sent 10.30 p.m.

Om tienuur is hierdie order met drie boodskappers na Lt.-kol. Barker se kamp gestuur. Kol. McKenzie het dit só belangrik geag dat hy hom persoonlik daarvan vergewis het dat al drie boodskappers op hoogte van die inhoud was. In geval van enige gebeurlikheid moes een van hulle in elk geval probeer om die inhoud oor te dra al sou dit dan ook mondelings geskied. Teen eenuur was die order veilig by Lt.-kol. Barker afgelewer. Laasgenoemde se kolonne het die kamp reeds teen tweeuur verlaat. Dit het bestaan uit: Drie eskadrons van die *First Transvaal Mounted Rifles* (B-, C- en D-eskadrons); 90 lede van die *Natal Police*; een seksie van die *Natal Field Artillery* met twee 15-ponder kanonne; een maxim en een „colt”-kanon; 100 lede van die *Zululand Native Police* en omtrent 600 man Zoelohulp-troepe.

Naby Cetshwayo se graf het inspekteur C. E. Fairlie met die *Zululand Native Police* en Zoelohulp-troepe die hoofkolonne verlaat om stelling te gaan inneem in 'n posisie bokant 'n groot draai in die Momerivier. Dit was sowat 200 tree onderkant die peervormige Dobo-woud. Die oogmerk was om die Momevallei vanaf die noordekant te blokkeer om te verhoed dat die rebellemag die Mome-woud kon binnegaan. Indien daar egter 'n uur na sonop, dus op die 10de, niks gebeur het nie, moes inspekteur Fairlie na Siganda se afgebrande kraal gaan om met kol. McKenzie saam te werk.

Teen omstreeks drie-uur het die voorhoede van Lt.-kol. Barker se kolonne, die C-eskadron *First Transvaal Mounted Rifles*, die kampeerplek van die rebelle in 'n halfmaanvormige vallei noord van die Insuzivallei en wes van die Momerivier naby die samevloeiing van die Insuzi- en Momerivier opgemerk. Hierdie kampeerplek was net suid van die ingang tot die Momevallei geleë. Volgens raming was daar omtrent 600 tot 800 rebelle.

Lt.-kol. Barker het onmiddellik sy troepe só opgestel dat die rebellekamp omsingel is. C-eskadron *First Transvaal Mounted Rifles* en vyftig lede van die *Natal Police* met 'n „colt”-kanon van die *First Transvaal Mounted Rifles* het 'n bergrif wes van die halfmaan beman, . B- en D-eskadrons het met 'n maximkanon teen 'n bergrif oos van die kamp stelling ingeneem. Beide groepe moes noordwaarts uitsprei en probeer om met inspekteur Fairlie se manskappe in verbinding te kom. Die twee 15-ponder kanonne van die *Natal Field Artillery* is op 'n koppie teenoor die suidelike ingang van die halfmaan geplaas. Hierdie koppie was reg wes van die kamp geleë. Die kanonne was sowat 1.200 tree van die kamp af. 'n Berede reserwe van die *Natal Police* is in 'n posisie naby die kanonne geplaas met hulle perde in gereedheid om te verhoed dat die vyand in die Insuzivallei terugval en ontsnap.

Vooraf is afgespreek dat die aanval teen dagbreek sou begin. Die teken hiervoor sou op bevel van lt.-kol. Barker self deur een van die 15-ponders gegee word.

Nadat die kampvure in die halfmaan uitgebrand was, was die rebellekamp as gevolg van 'n digte mis heeltemal onsigbaar. Toe die mis teen ongeveer 6.45 begin opklaar, was die rebelle al besig om voorbereidings vir die voortsetting van hulle mars te tref.

Hulle het eerste van die teenwoordigheid van die C-eskadron *First Transvaal Mounted Rifles* bewus geword. Die steil berghang wat hierdie eskadron moes beset, het hulle gedwing om so na as 150 tree van die rebellekamp posisie in te neem. Die rebelle het dadelik hulle tradisionele horingformasie gevorm en aangeval. C-eskadron moes dus sonder om op die aanvalsein te wag, begin skiet. Hierna het 'n hewige spervuur van alle kante gevolg. In die rebellekamp het 'n algehele wanorde geheers. Hulle het verward heen en weer geskarrel, toerusting, jasse en blikke op die grond gegooi en wanhopig skuiling probeer soek. Dié wat stroomop in die Mome-rivier die Nkandhla-woud probeer bereik het, is deur inspekteur Fairlie sowel as kol. McKenzie se troepe voorgekeer. Slegs enkele was gelukkig genoeg om veilig die woud te bereik. Na ongeveer twintig minute is die spervuur gestaak en het die omsingelende troepe met 'n dryftog oor 'n breë terrein in die rigting van die peervormige Dobo-woud begin. Baie rebelle is in hulle skuilplekke opgespoor en gedood. Teen tienuur was die dryftog verby. Volgens lt.-kol. Barker se skatting het sy mag sowat 300 rebelle gedood.

Die res van die dag se operasies het bestaan uit 'n sistematiese dryftog deur die Dobo-woud. Volgens plan het kol. McKenzie vroeg in die oggend een deel van sy kolonne verder noord teen die oostelike en westelike hange van die Momevallei opgestel om rebelle, wat moontlik stroom-op in die Momerivier sou probeer ontvlug, voor te keer. Met 'n ander deel van sy kolonne sou hy probeer om Siganda en sy volgelinge te verras.

Toe lt.-kol. Barker se mag die geveg begin het, het kol. McKenzie dadelik met die grootste deel van sy kolonne die Momerivier vanuit die noorde geblokkeer en stroom-af met die rivier beweeg. Hierdeur het hy die vluggende rebelle verplig om in die Dobe-woud skuiling te soek. Om te verhoed dat hulle hieruit ontsnap, is 'n ander deel van sy kolonne noord van die woud geplaas. In die deurkruising van die woud het die *Natal Rangers* 'n belangrike rol gespeel. Na raming is sowat 100 rebelle in die dryftog gedood. Omdat die bedding van die bergkloof in die woud nie deursoek kon word nie, het 'n aantal rebelle, wat hier verskuil was, ontsnap. 'n Paar van die belangrike rebelleleiers het in hierdie veldslag gesneuwel, onder wie o.a. Mehlokazulu en Bambata. Weens die verloop van die operasies is 'n poging om Siganda te vang, laat vaar.

Die Mome-veldslag het die opstand in Zoeloeland prakties beëindig. Hierna het net afrondingswerk oorgebly. Dit het hoofsaaklik daaruit bestaan om rebelle in die geleentheid te stel om hulle oor te gee en dié wat onwillig was om oor te gee, te arresteer.

Teen 19 Julie het 'n nuwe opstand in die distrik Mapumulo in Natal uitgebreek. Dit het vinnig versprei. Op 25 Junie het kol. McKenzie uit Zoeloeland vertrek om aandag hieraan te gee. 'n Aantal troepe is in Zoeloeland agtergelaat om die opruimingswerk af te handel. Onder hulle was drie kompanies *Natal Rangers*; in totaal sowat 300 man sterk.

Die oppervlakte van die gebied waarin die nuwe opstande uitgebreek het, was ongeveer agt-en-dertig km. suid na noord en vier-en-sestig km. van oos na wes. Dit

was in die vorm van 'n langwerpige vierhoek, waarvan Balcombe die noordwestelike-, Bondsdrift die noordoostelike-, Noodsberg die suidwestelike- en Stanger die suid-oostelike hoek gevorm het. Die opstand het verder ook suid van Stanger na die kus se kant toe gesmeul.

In hierdie gebiede was die rebellemagte in twee groot impies verdeel, nl. in die Tugelavallei noord van Mapumulo en een in die Umvotivallei, tussen Noodsberg en Stanger. Tussen die twee valleie het 'n wapad na Stanger geloop, wat feitlik die verdelingslyn was. Die oppervlakte se gesteldheid in die Tugelavallei is redelik ru en onegalig, terwyl die suidelike gebied hoofsaaklik uit doringbosgebied bestaan. Hier kon berede troepe gemaklik en vinnig beweeg. Uit 'n militêre oogpunt beskou was die nuwe gevegsterrein baie meer begaanbaar as dié van Zoeloeland. Verder was sowel die noordelike as die suidelike gebiede van goeie spoorverbindinge voorsien.

Kol. McKenzie se uitgangspunt was om die verspreiding van die opstand te verhoed deur die rebellemagte te omsingel. Hiervoor het hy 2.500 troepe by Thrings Post, in die noorde van die gebied, saamgetrek. Lt.-kol. Barker se mag van 500 man is na Esidumbini in die suidweste gestuur, terwyl Lt.-kol. G. Mansel, C.M.G., met 'n kolonne aan die Zoeloelandse kant van die Tugela moes opereer om te verhoed dat die opstand weer na Zoeloeland versprei. Hierdie troepe-opstelling was reeds op 2 Julie voltooi.

Op 2 Julie 1906 was Lt.-kol. Barker se kolonne, bestaande uit vier eskadrons *Transvaal Mounted Rifles* (400 manskappe) twee maxim- en een „colt“-kanon (25 manskappe), twee 15-ponderkanonne van die *Natal Field Artillery* (25 manskappe) en die *New Hanover Reserves* (70 manskappe), op pad na Esidumbini. Terwyl die mag deur 'n wattelplantasie, sowat anderhalfmyl van die Groot Noodsberg af, beweeg het, is die voorhoede, t.w. B-eskadron *First Transvaal Mounted Rifles*, deur 'n impie van 350 man sterk aangeval. Die aanval is maklik afgeslaan, en die voorhoede en twee afdelings van A-eskadron het die vyand agtervolg. Sowat sestig rebelle is gedood. Teen ongeveer halftien het die kolonne die Insuzidrif bereik. Lt.-kol. Barker het hier 'n geskikte drinkplek vir die diere opgemerk en besluit om halt te hou. Hierop het die kolonne begin versprei op 'n gelyk stuk grond onmiddellik oorkant en regs van die drif. Om 'n verrassingsaanval van die vyand uit te skakel is 'n brandwag uitgestuur om te gaan stelling inneem op 'n langerige grasbedekte berggrif wat feitlik parallel met die rivier geloop het. Net regs van 'n smallerige nek waar die pad deur die berggrif geloop het, was 'n polisiestasie. Verder was daar drie of vier Bantokrale bo-op die rif aan die linkerkant van die pad. Die brandwag het sowat dertig tree regs van die polisiestasie gaan stelling inneem; 'n afdeling van vier man is gestuur na 'n punt binne vyftien tree van een van die krale, waaromheen 'n dik struikagtige heining gegroei het.

Die vier man het skaars by die omheinde Bantokraal aangekom, of 'n impie van sowat 500 man sterk het weerskante om die heining gebars en hulle aangeval. Hulle het onmiddellik op hul perde gespring en so vinnig moontlik na die hoofwag naby die polisiestasie teruggejaag terwyl die impie hulle agtervolg het. Die troepe van die hoofwag by die polisiestasie, sowel as die troepe by die drif, het dadelik op die aanstormende impie begin vuur. Net hierna het nog 'n impie van dieselfde sterkte as die eerste van skuinsregs agter die hoofwag uit 'n bos verskyn en ook begin aanval. Die twee impies het nou probeer om 'n omsingelingsbeweging uit te voer. Voordat dit voltooi is, het Lt.-kol. Barker versterkings gestuur en is die aanval na 'n hewige geveg afgeslaan. Met soveel vasberadenheid het die vyand gestorm dat hulle nie eens hulle werpspiese gebruik het nie, maar slegs op korter steekspiese staatgemaak het.

A- en B-eskadrons, sowel as twee afdelings van D-eskadron, het die vyand, wat in 'n noordelike rigting in die Isuzivallei gevlug het, agtervolg. Die twee 15-ponder kanonne is in posisie gebring by die kraal waar die eerste impie versteek was, terwyl die maxim en die „colt“-kanon naby die polisiestasie geplaas is. Tydens die eerste fase van die agtervolging is die kanonne doeltreffend gebruik. Hulle moes hulle vuur staak toe die agtervolgende troepe te na aan die vyand begin kom het. Die A-eskadron het in die agtervolging op 'n derde impie van sowat 500 man sterk, afgekom. Vyftig Zoeloes van hierdie impie het probeer aanval, maar die aanval is onmiddellik gestuit, waarop ook hierdie impie op die vlug geslaan het.

Teen elfuur is die agtervolgende troepe gelas om terug te keer, aangesien groepe rebelle aan beide kante van die polisiestasie opgemerk is. Teen halftwee was die troepe op die bergrif bymekaar, en teen kwart voor drie kon die mars na Esidumbini voortgesit word.

Die ongevalle van Lt.-kol. Barker se kolonne was een gedood en twee lig gewond, terwyl die rebelle-ongevalle op 600 geskat is.

Nadat die troepe-opstelling in die Natalse onlusgebied afgehandel was, het die operasies in die gebied uit 'n paar groot konvergerende bewegings bestaan. Die groots moontlike aantal troepe is in die bewegings betrek.

Die eerste van hierdie bewegings is op 3 Julie van stapel gestuur. Op 1 Julie is inligting ontvang dat 'n groot rebellemag by hoofman Messini se kraal besig was om te monster. Die kraal was net suid van die samevloeiing van die Umvoti- en Hlimbirivier geleë.

Die plan was om die rebelle teen dagbreek van 3 Julie ingesluit te hê, met 'n sirkel waarvan die middellyn nie meer as agt km. sou wees nie. Die bymekaarkomplek sou Messini se kraal wees. Gedurende die nag van 2 Junie is die troepe-opstelling só gedoen dat vier kolonnes met dagbreek op 3 Julie vanuit die vier windrigtings en in samewerking met mekaar na die bymekaarkomplek sou beweeg.

'n Kolonne onder kol. Woolls-Sampson sou vanaf Maqumulo, een onder kol. Mackay vanaf 'n hoogte tussen Mapumulo en Thrings Post, een onder kol. Leuchars vanaf Glendale en die van Lt.-kol. Barker vanaf Isidumbeni inbeweeg. Die *Natal Rangers* het as deel van Mackay se kolonne aan die operasie deelgeneem.

Lt.-kol. Barker se kolonne het sy kamp teen dagbreek op die 3de verlaat. Volgens plan moes hy met die Mapumulopad na die Umvotidrif, sowat dertien km. van sy kamp af, beweeg. Hier moes hy 'n aansluiting met kol. Woolls-Sampson se kolonne vorm. Sowat agt km. van sy kamp af is sy kolonne deur 'n groot impie aangeval. Na 'n hewige geveg, waarin 100 rebelle gedood is, kon die mars voortgesit word. Vanweë hierdie vertraging het hy sy bestemming eers teen die middag bereik en kon hy gevolglik nie die beplande aansluiting verwesenlik nie. Nadat hy met kol. McKenzie beraadslaag het, het hy na sy kamp by Isidumbeni teruggekeer, waar hy sonder voorval teen halfagt die aand aangekom het.

As gevolg van Lt.-kol. Barker se vertraging was die beweging nie so geslaagd as wat verwag is nie; tog is sowat 350 rebelle gedood.

Kol. Mackay se kolonne, waarby die *Natal Rangers* ingesluit was, het wel met klein groepe rebelle in aanraking gekom en heelparty gedood. Die regte aantal kan nie vasgestel word nie. Kol. Mackay se kolonne het uit die linker- en regtervleuel van die *Natal Carbineers*, die B-battery en 'n pom-pomafdeling van die *Natal Rangers* en 'n berede infanterie van die *Yorkshire and Lancashire*-kontingent bestaan. Uit die aard van die saak is dit nie moontlik om hierdie gedeelte van die *Natal Rangers* wat aan die beweging deelgeneem het, se aandeel te bepaal nie.

Nadat lt.-kol. Barker op 3 Julie na sy kamp by Isidumbeni teruggekeer het, het sy kolonne nie weer aan gesamentlike bewegings deelgeneem nie. Tussen 4 en 16 Julie was die kolonne steeds aktief in die omgewing van die kamp. Tussen 4 en 14 Julie het hulle sewentien rebelle gedood, 233 gevange geneem en oor die 1.000 stuks vee gebuit.

Op 16 Julie kon die *First Transvaal Mounted Rifles* die gevegsterrein verlaat. Na 'n paar dae verlof in Durban het hulle op 25 Julie van Durban na Johannesburg vertrek. Hier is die eenheid op 1 Augustus ontbind.

Op 7 Julie het kol. McKenzie berig ontvang dat Matshiveli, 'n hoof wie se lokasie in die rigting van Bond's Drift geleë was, by die rebelle aangesluit het. Volgens inligting het hy 'n groot groep rebelle in die diep bergklowe by Izinzimba, 'n sytak van die Tugela, by hom gehad. Omdat Matshiveli gedreig het om suikerplantasies in die omgewing van sy lokasie te vernietig, was vinnige militêre optrede nodig.

Kol. MacKenzie het vervolgens 'n gesamentlike omsluitingsbeweging van drie kolonnes onder kol. Mackay, kol. Woolls-Sampson en kol. Leuchars beplan. Hierdie operasie, wat op 8 Julie plaasgevind het, was uiters geslaagd en 547 rebelle is gedood. Slegs 'n baie klein gedeelte van die *Natal Rangers* het as deel van kol. Woolls-Sampson se kolonne daaraan deelgeneem. Dit is nie moontlik om hulle aandeel in dié verrigting te bepaal nie.

Na die operasie van 8 Julie was die opstand in Natal so te sê onderdruk. In die volgende groot omsingelingsbeweging, wat op 10 Julie uitgevoer is, is feitlik geen rebelle gevind nie. Dit was duidelik dat die Natalse rebelle na die beslissende veldslae van Insuzi, Umvoti en Inzinzimba heeltemal verstrooi geraak het en dat daar nie meer sprake van beplande gesamentlike optrede van hulle kant was nie.

Die Transvaalse gedeelte van die *Natal Rangers* was egter nog tot vroeg in Augustus behulpsaam in verband met roetine-opruimingswerk en garnisoendienste. Op 9 Augustus 1906 het lt.-kol. J. Dick met die hoofkwartier van die *Natal Rangers* in Durban aangekom om vir die demobilisasie van die eenheid te reël. Op 17 Augustus 1906 kon die Transvaalse infanteriste reeds uit Durban na Johannesburg vertrek, waar hulle gedemobiliseer sou word.

Anders as die *First Transvaal Mounted Rifles* is die Transvaalse infanteriste nie in die geleentheid gestel om hulle in veldslae te onderskei nie. Oor hulle gedrag te velde en die waarde van die hulp wat hulle in Natal verleen het, het die bevelvoerder van die *Natal Rangers* die volgende in 'n skrywe aan die kommandant van die *Transvaal Volunteers* opgemerk:

You may welcome the half battalion back in full assurance that they have been willing hard workers both in active operations and on garrison duty; That they have never lagged behind even when calls were made on them as if they were mounted men; that they have played the game throughout, and that they have come out of the campaign with clean hands. I venture to congratulate you, Sir, on the highest satisfaction you cannot help but feel on the half battalion's record in Natal.

Volgens Stuart is vyf lede van die *First Transvaal Mounted Rifles* gedurende die krygsoperasies van 1906 dood.*

* Dit kan nie bepaal word of die twee lede wat van die *Natal Rangers* oorlede is, lede van die *Transvaalse Vrywilligermag* was nie.

Gedurende 1908 het die Transvaalse regering by die Britse kroon aansoek gedoen om die toekenning van die gevegsonderskeiding *Natal 1906* aan alle Transvaalse eenhede wat aan die operasie tydens die Zoeloe-opstand deelgeneem het. Hierdie aangeleentheid is na die Britse *Army Council* verwys. Hierdie raad het die volgende beslissing gegee: Wanneer eenhede nie buite hulle landgrense aan gevegte deelneem nie, is hulle alleen op gevegsonderskeidings geregtig as hulle hoofkwartiere en vyftig persent van die lede van die eenheid aan die operasie deelgeneem het.

Die *Army Council* was van mening dat, met betrekking tot die Transvaalse troepe, Natal nie as synde buitekant hulle landsgrense beskou kon word nie. Alleen die hoofkwartiere van die saamgestelde berede eenheid, die *First Transvaal Mounted Rifles* en dié van die *Natal Rangers*, waarvan Transvaalse infanteriste 'n halwe bataljon gevorm het, het aan die krygsverrigtings deelgeneem. Geeneen van die individuele Transvaalse vrywilliger-eenhede het dus, in terme van hierdie uitspraak, vir die onderhawige gevegsonderskeiding gekwalifiseer nie.



5

DIE STREWE NA INTERKOLONIALE MILITÊRE SAMEWERKING (1906-1909)

Die verdere ontwikkeling van die *Transvaal Volunteers* sal ongetwyfeld beter begryp word indien dit teen die agtergrond van die strewe na interkoloniale militêre samewerking tussen die jare 1906 en 1909 bestudeer word.

Die gedagte aan militêre samewerking tussen die Suid-Afrikaanse kolonies was teen 1906 geensins nuut nie. Reeds in 1904 het Milner nouer militêre samewerking tussen dié kolonies in die vooruitsig gestel. Hy het gehoop om in die toekoms, wanneer 'n federasie van die vier kolonies moontlik sou wees, die verskillende koloniale polisiemagte, soos die *Cape Police*, die *South African Constabulary* en die *Cape Mounted Rifles*, tot een polisiemag saam te snoer. Die verskillende vrywilligermagte moes op soortgelyke wyse in een verdedigingsmag omskep word. Sy opvatting was dat reeds op 'n vroeë stadium in hierdie rigting gedink en beplan moes word.

Milner se beskouings was tipies neo-imperialisties, naamlik dat die moederland die reg moet besit om 'n gedeelte van so 'n vrywilligermag vir imperiale doeleindes buite die kolonies te gebruik. Dit was egter eers na die 1906 se Zoeloerebellie in Natal dat daar in Suid-Afrika besef is dat daadwerklike optrede ten opsigte van militêre samewerking noodsaaklik geword het.

Vroeg in Oktober 1906 het die Kaapse regering die Hoë Kommissaris, graaf Selborne, versoek om 'n konferensie ter bespreking van die ko-ordinasie van die verskillende verdedigingsmagte in Brits-Suid-Afrika te belê. Die ander koloniale regerings het hulle met hierdie versoek vereenselwig, en die konferensie het, onder voorsitterskap van die Hoë Kommissaris, op 21 Januarie 1907 in Johannesburg begin.

Die kolonies is deur die volgende persone verteenwoordig: Die Kaapkolonie deur kol. C. P. Grewe, C.B. (Koloniale Sekretaris) en kol. H. T. Lukin, C.M.G., D.S.O. (Kommandant-generaal); Natal deur dr. O'Grady Gubbins (Koloniale Sekretaris) en maj. J. H. Blew; Transvaal deur P. C. Duncan, C.M.G. (Koloniale Sekretaris) en kol. sir Aubrey Woolls-Sampson, K.C.B.; die Oranjerivierkolonie deur lord Basil Blackwood (Adjunk-Koloniale Sekretaris) en genl. Olivier; Suid-Rhodesië deur sir William Milton (Administrateur). As raadgewers van die Hoë Kommissaris het lt.-kol. R. S. Curtis, D.S.O., opgetree (Inspekteur-Generaal *South African Constabulary*), lt.kol. R. Chester-Moster (Kommandant-generaal van Suid-Rhodesië en kol. C. J. Briggs (Kommandant van die *Transvaal Volunteers*).

Die konferensie het allereers besluit dat 'n ooreenkoms vir die gesamentlike verdediging van die Suid-Afrikaanse kolonies onverwyld tot stand moet kom. Hierdeur sou die uiteindelijke federasie van die koloniale verdedigingsmagte moontlik word. Die besluite van die konferensie sou die basis van 'n konsep-ooreenkoms vorm. Na die konferensie sou dié ooreenkoms aan die vier koloniale parlements en aan die regering van Suid-Rhodesië vir goedkeuring voorgelê word.

Op dié konferensie is, o.m. eenstemmigheid oor die volgende belangrike sake bereik:

(i) In geval een kolonie in oorlog of onluste betrokke raak, sal hy die reg hê om hulp van ander kolonies aan te vra.

(ii) Indien 'n kolonie, waarop 'n beroep gedoen word vir die verskaffing van troepe, dié troepe vir die verdediging sou benodig, kon die uitvoerende gesag van so 'n kolonie besluit om nie hulp te verleen nie.

(iii) Enige verskil van mening tussen twee of meer kolonies oor die toepassing of interpretasie van die bepalings van die beoogde ooreenkoms sou na die Hoë Kommissaris verwys word. Laasgenoemde sou dan, op sy beurt, menings van die ander party(e) inwin en 'n finale beslissing vel.

(iv) Dié kolonie wat troepe van ander kolonies aanvra, sou die volledige koste daaraan verbonde, vanaf die dag van mobilisasie moes dra.

(v) Kolonies wat tot die ooreenkoms toetree, moes te eniger tyd die volgende troepe vir hulpverlening op gereedheidsgrondslag hê: Die Kaapkolonie: 1.500 man; die Transvaal-kolonie: 1.000 man; die Oranjerivier-kolonie: 500 man; Natal: 500 man, en Suid-Rhodesië: 200 man. Daar moes dus altyd 'n mag van 3.100 man sterk in Brits-Suid-Afrika beskikbaar wees.

(vi) Diensvoorwaardes vir die troepe wat kolonies op gereedheidsgrondslag moes hou, moes só wees dat hulle op enige plek in Suid-Afrika vir diens beskikbaar moes wees.

(vii) Elke kolonie moes troepe vir interkoloniale diens uit sy bestaande verdedigingsmag werf. In die Oranjerivier-kolonie het egter nog nie 'n verdedigingsmag bestaan nie. In dié geval moes die hoeveelheid troepe wat voorsien moes word, wetlik verplig word om diens te verrig wanneer hulle daarvoor opgeroep word.

(viii) Kolonies moes trag om hulle interkoloniale diens-kontingente uit die groots moontlike aantal berede troepe te laat bestaan.

(ix) Die dienstydkerk van troepe van koloniale kontingente wat interkoloniale aktiewe diens verrig, is voorlopig op 'n maksimum van ses maande vasgestel.

(x) Koloniale regerings moes sorg dra dat hulle interkoloniale dienskontingente te alle tye oor voldoende perde, wapens en toerusting beskik. Die nodige ondersteuningsdienste, soos artillerie-, transport-, mediese- en voorsieningskorpse, moes deur elke koloniale dienskontingent onmiddellik toegevoeg kon word.

(xi) Geen kolonie sou die reg hê om troepe van ander kolonies aan te vra alvorens hy driekwart van sy eie vrywilliger- of burgermagte vir aktiewe diens opgeroep het nie.

(xii) Daar is aanvaar dat elke kolonie oor 'n toereikende verdedigingsmag sou beskik om plaaslike onluste van kleiner omvang die hoof te kan bied.

(xiii) Tot tyd en wyl in die Oranjerivier-kolonie 'n verdedigingsmag opgerig sou wees, kon hierdie kolonie eers hulp inroep wanneer 'n aantal van sy manskappe gelykstaande aan driekwart van die aktiewe burgermag van Natal, d.w.s. omtrent 2.500 man, opgeroep is.

(xiv) Enige koloniale kontingent wat deur 'n bepaalde kolonie tot beskikking van 'n ander kolonie gestel word, sou onder bevel staan van die goewerneur van dié kolonie waarin aktiewe diens verrig word. Laasgenoemde kon op sy beurt 'n senior offisier aanstel om bevel uit te oefen.

(xv) Die konferensie het ook aanbeveel dat interkoloniale dienskontingente van elke kolonie gedurende militêre operasies sover moontlik bymekaar gehou moes word.

(xvi) Interkoloniale dienskontingente wat vir aktiewe diens na ander kolonies vertrek, moes met 100 skote per kanon, 500 patrone per geweer en 20.000 patrone per masjiengeweer toegerus wees. Hierdie ammunisievoorrade moes deur elke kolonie vir onmiddellike uitreiking in voorraad gehou word.

(xvii) 'n Verdere aanbeveling was dat die indiensnemingsvoorwaardes van permanent besoldigde magte in kolonies só moet wees dat enige kolonie, indien verkies, dié troepe of 'n gedeelte daarvan vir aktiewe diens op enige plek in die Britse ryk kon aanwend.

(xviii) 'n Kolonie wat tot die ooreenkoms toetree, kon hom na 'n kennisgewing van een jaar daarvan onttrek. Gedurende daardie jaar sou die bepalings van die ooreenkoms egter vir so 'n kolonie van krag bly.

(xix) 'n Besondere aanbeveling was dat konferensies van senior offisiere jaarliks gehou moes word. Hierop moes aangeleenthede soos diensvoorwaardes, salarisskale, dissipline en die toerusting van die verskillende koloniale magte, met die oog op internasionale eenvormigheid, bespreek word.

Teen die einde van Junie 1907 het die verskillende koloniale regerings op die verslag van die Johannesburgse konferensie gereageer. Die Kaapkolonie en Natal was gereed om dit, met minder belangrike wysigings, aan hulle parlemente vir goedkeuring voor te lê; om daarna dadelik met die toepassing van die besluite te begin.

Teen hierdie tyd het die Wetgewende Raad van die Suid-Rhodesiese Administrasie reeds besluit om die aanbevelings, afhangende van die reaksie van die ander belanghebbende kolonies, in die praktyk toe te pas.

Die Transvaalse ministerie het die verslag weliswaar gunstig ontvang, maar was egter nie geneë om met die praktiese toepassing van die besluite te begin alvorens verantwoordelike bestuur in die Oranjerivier-kolonie ingestel sou wees nie.

Omdat die Oranjerivier-kolonie op die vooraand van die instelling van verantwoordelike bestuur gestaan het, het dié kroonkolonie-regering gevoel dat hy nie sy opvolger met enige besluite in hierdie verband mag belas nie. Hoofsaaklik vanweë die feit dat die Oranjerivier-kolonie nog geen selfregering gehad het nie, is gedurende 1907 niks verder aan die toepassing van die aanbevelings gedoen nie.

Een van die gewone vyfjaarlikse koloniale konferensies is in April 1907 in Londen gehou. Vir die strewe na militêre samewerking tussen die Suid-Afrikaanse kolonies was die volgende militêre besprekingspunte op hierdie konferensie van besondere betekenis: Die strategiese posisie van die Britse ryk uit 'n militêre oogpunt beskou, die moontlikheid van 'n eenvormige oorlogsorganisasie dwarsdeur die ryk, eenvormige militêre toerusting en voorrade vir alle koloniale magte en die wenslikheid dat koloniale regerings alle krygsvoorrade, veral wapens en ammunisie, deur die *War Office* moet bestel.

Hierdie besprekingspunte het uit memorandumsvortgespruit wat deur Britse militêre deskundiges voorberei is. Die inhoud van die memorandumsvortgespruit kon soos volg saamgevat word:

Ten opsigte van die strategiese posisie van die Britse ryk is veral drie aspekte in die eerste memorandum beklemtoon, nl. dat elke selfregerende kolonie binne die ryk sover moontlik vir sy eie binnelandse verdediging verantwoordelik moet wees, dat in geval van gemeenskaplike gevaar onderlinge hulpverlening tussen dele van die ryk volgens 'n bepaalde skema as noodsaaklik beskou word en dat die Britse oppermag ter see die hoeksteen van die ryksverdediging moet vorm. In ooreenstemming hiermee het Brittanje sy eie krygsmagte ooreenkomstig die volgende breë plan georganiseer: Eerstens is daar voorsiening vir tuisfrontverdediging, ook genoem

tweede linie-verdediging, gemaak. Verder is voorsiening gemaak vir eerste linie-verdediging, d.i. 'n mag wat vinnig en doeltreffend in enige afgeleë oorsese deel van die Britse ryk kon optree. Doeltreffende eerste linie-verdediging het op die Britse oppermag ter see gerus.

Die implikasie van hierdie memorandum was dat elke selfregerende Britse kolonie vir sy eie tuis- en tweede linie-verdediging moes sorg. Verder is verwag dat hierdie kolonies hulle verdedigingsmagte só moes organiseer dat 'n gedeelte daarvan as eerste linie-verdediging vir imperiale doeleindes beskikbaar moes wees.

In die tweede memorandum is die belangrikheid van eenvormige oorlogsorganisasie in die Britse ryk beklemtoon. Dit is byvoorbeeld wenslik dat eenvormige benamings vir ooreenstemmende oorlogtydse formasies gebruik word. Die uitgangspunt was dat die waarde van die militêre hulp wat kolonies in die toekoms gedurende oorlogstyd aan die moederland sou bied, hierdeur verhoog sou word. Gelykvormig georganiseerde koloniale kontingente sou maklik by die groot Britse leërorganisasie inpas. Betreffende eenvormigheid van militêre toerusting en voorrade vir koloniale magte is nadruk gelê op die noodsaaklikheid dat kleingewere, wat aan die koloniale magte voorsien word, dieselfde kaliber ammunisie moet gebruik as dié wat aan die Britse leër verstrekkend word. Hierdeur sou die probleem van verskil in ammunisie-kaliber tydens gesamentlike operasies uitgeskakel word.

In die memorandum oor die bestelling van krygsvoorrade en veral van wapens en ammunisie deur die *War Office* het dit ook hoofsaaklik oor eenvormigheid, en gevolglik besparing, gegaan.

Militêre eenvormigheid dwarsdeur die Britse ryk was dié spil waarom alles gedraai het tydens die behandeling van die militêre besprekingspunte op die koloniale konferensie van 1907.

Om die invloed van die Londense konferensie op die latere militêre ontwikkeling in Transvaal in die besonder en op die Britse kolonies in Suid-Afrika in die algemeen te bepaal, is dit wenslik om by een van genl. Louis Botha se toesprake aan te knoop wat hy tydens die bespreking van militêre aangeleenthede op dié konferensie gehou het.

Genl. L. Botha het, as amptelike verteenwoordiger van Transvaal, die volgende gedagte uitgespreek:

. . . . We, in the Transvaal, are today in a difficult position. We are sitting there entirely without any means of defence, and if for instance, the British Government were to remove the troops from there, our position would be hazardous my idea is that, if as yet we cannot bring about a general federation of South Africa we should at any rate attempt to federate on this question of defence. If we succeed in doing this, I think it will be a very effective way of aiding the Empire

Eerste linie-verdediging was vir genl. Botha 'n verwyderde doelwit sover dit die Britse kolonies in Suid-Afrika betref het. Hy het hierdie kolonies se bydrae tot die ryksverdediging in dié lig beskou dat hulle vir hul eie tuisverdediging moes sorg. Dit kon alleen geskied mits hulle op militêre vlak sou federeer. Federasies van die verskillende koloniale verdedigingstelsels kon weer slegs met goeie gevolg deurgevoer word indien onderlinge militêre eenvormigheid tot stand kon kom.

Die betekenis van die Londense koloniale konferensie van 1907 moet veral daarin gesien word dat daar 'n praktiese patroon vir militêre eenvormigheid dwarsdeur die Britse ryk vasgelê is.

In die Britse kolonies in Suid-Afrika het wyd uiteenlopende militêre organisasies naas mekaar bestaan. Gebrek aan eenvormigheid was die grootste faktor wat 'n federasie van hierdie verdedigingsorganisasies in die wyle gery het. Hierdie behoefte aan eenvormigheid het aanleiding tot die belangrike militêre konferensie van Oktober 1908, Durban, gegee. Op hierdie konferensie is vrugbaar op die patroon vir militêre eenvormigheid in die Britse ryk voortgeborduur.

Van Januarie tot Mei 1908 is die interkoloniale konferensie oor spoorweg- en doe-anevraagstukke in Pretoria gehou. Op hierdie konferensie is die verslag van die interkoloniale militêre konferensie van Januarie 1907, Johannesburg, te berde gebring en is die volgende mosie aangeneem:

Resolved, that this Conference, whilst sympathising with the objects sought to be achieved, is of opinion that, until some common political control for South Africa is devised, the question of common defence raised in the report of the Defence Conference of January, 1907, should stand over.

Tot na nouer staatkundige vereniging sou daar dus nie op koloniale vlak verdere aandag aan interkoloniale militêre samewerking geskenk word nie. Tog is hierdie belangrike aangeleentheid nie op die agtergrond geskuiwe nie. In 1908 het die Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika, genl. lord Methuen, met die verskillende koloniale regerings in verbinding getree oor die moontlikheid van 'n militêre konferensie van die militêre leiers van die belanghebbende kolonies insake die Suid-Afrikaanse koloniale verdedigingsmagte. Hy het dit duidelik gestel dat die besluite van die voorgenome konferensie geen kolonie sal bind nie, maar dat dit slegs as rigtinggewend aan die koloniale regerings voorgelê sal word. Die koloniale regerings het almal met hierdie gedagte saamgestem, waaruit die interkoloniale konferensie op 19 Oktober 1908 in Durban voorgekom het.

Tydens hierdie konferensie het brig-genl. G. G. Aston, C.B. (lid van die Imperiale Generale Staf in Suid-Afrika), as voorsitter opgetree, terwyl die Britse kolonies in Suider-Afrika die volgende afgevaardigdes gestuur het: Kol. H. T. Lukin, C.M.G., D.S.O. (Kommandant-generaal van die Kaapse koloniale magte); kol. sir Duncan McKenzie, K.C.M.G., C.B. (Kommandant van die Natalse Milisie); kol. P. S. Beves (Inspekteur van die *Transvaal Volunteers*); genl. J. B. M. Hertzog (Prokureur-Generaal van die Oranjerivier-kolonie) en sir William Milton, K.C.M.G. (Administrateur van Suid-Rhodesië).

Die onmiddellike doel van die konferensie was om, sover moontlik, eenvormigheid in die organisasie, dril, opleiding, toerusting, dissipline, indiensnemingstermyne en diensvoorwaardes van die verskillende koloniale magte te probeer bewerkstellig. Dié uiteindelijke doelstelling blyk duidelik uit 'n aanhaling uit die verslag oor die ver-rigtings van die konferensie:

Work done now, which tends to the assimilation of the South African Forces, will save a great deal of time if closer union should be brought about, and will facilitate mutual support, whatever the future government of South Africa may be.

Die aard van die konferensie se werksaamhede was bloot adviserend. Besluite kon nie op koloniale regerings afgedwing word nie. Verder het dié beginsels, wat tydens die Londense koloniale konferensie van 1907 neergelê is, as basis vir besprekings en aanbevelings gedien.

Die belangrikste aanbevelings wat deur die konferensie gedoen is, was die volgende: Eerstens is baie waarde aan organisasie geheg. 'n Model-leërorganisasie is vir die verskillende koloniale verdedigingsmagte aanbeveel. Hiervolgens moes elke kolonie oor 'n klein staande mag beskik om in die behoefte aan bevelvoering, opleiding, staf, artillerie en ander tegniese dienste te voorsien. Aan hierdie koloniale staande magte moes in elke kolonie 'n vrywilliger- of burgermag toegevoeg word. Dit moes in eenhede ingedeel word, en die lede daarvan moes voldoende militêre opleiding ontvang vir die uitvoering van hulle pligte. Die instelling van reserwemagte onder erkende leiers is ook aanbeveel. Hulle sou gebruik kon word om die gereelde, georganiseerde eenhede op oorlogsterkte te bring of om as afsonderlike eenhede vir aktiewe diens aangewend te word. Lede moes verplig word om kursusse te volg en onderneem om militêre diens te verrig.

Die konferensie was verder van mening dat die oprigting van skietverenigings aangevoedig moes word.

'n Volgende belangrike saak was die opstel van verdedigingskemas. Noukeurige aandag is geskenk aan moontlike voorafberekenbare noodtoestande waarmee die verskillende koloniale magte in die toekoms te doen kon kry. Om die doeltreffendste benutting van koloniale magte tydens sodanige noodtoestande te verseker, is aanbeveel dat verdedigingskemas so spoedig moontlik deur die verskillende kolonies opgestel moes word. Omdat sekere voorafberekenbare noodtoestande noodwendig meer as een kolonie sou raak, moes skemas vir optrede in hierdie gevalle by wyse van interkoloniale militêre beraadslaging opgestel word.

In enige noodtoestand was samewerking tussen koloniale en Imperiale troepe in Suid-Afrika altyd moontlik. Derhalwe is aanbeveel dat alle verdedigingskemas wat vir koloniale magte opgestel word, aan die Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika beskikbaar gestel moes word.

Eenvormige organisatoriese indelings en benamings moes in die verskillende koloniale magte bewerkstellig word. Daar is aanbeveel dat berede troepe in regimente en eskadrons, artilleriste in batterye en infanteriste in bataljons ingedeel moes word. Daar is ook eenvormige oorlogsterktes vir genoemde formasies aanbeveel. Behalwe berede eskadrons moes alle ander formasies in koloniale magte by benadering dieselfde sterkte as ooreenstemmende formasies in die Britse leër hê. Die daarstelling van groter formasies, soos brigades, is nie nodig geag nie.

In die strewe na eenvormigheid het die konferensie veel klem op opleiding gelê. 'n Belangrike aanbeveling was dat 'n militêre kollege, soortgelyk aan die van Kingston (Kanada) of West Point (V.S.A.), vir die opleiding van toekomstige offisiere in Suid-Afrika opgerig moes word.

Vir die aanstelling en bevordering van offisiere in al die milisie- of vrywilligermagte is aanbeveel dat eenvormige kwalifikasies in die verskillende koloniale magte van toepassing gemaak moes word. 'n Komitee, bestaande uit verteenwoordigers van elke kolonie en 'n generaal stafoffisier verbonde aan die staf van die Britse leërhoofkwartier in Suid-Afrika, moes aangestel word om voorstelle vir eenvormigheid in hierdie verband te formuleer.

Tewens is aanbeveel dat die toevoeging van koloniale offisiere by eenhede van die Britse Staande Mag aangevoedig moes word. In gevalle waar koloniale offisiere vir gespesialiseerde dienste benodig sou word, moes hulle spesialiseringskursusse in dié afdeling van die imperiale militêre diens deurloop.

Vir die bereiking van militêre doeltreffendheid deur ander range in die verskillende koloniale magte moes opleidingskampe verpligtend gemaak word; ook moes die vereistes vir die bereiking van militêre doeltreffendheid deur ander range in die verskillende kolonies eenvormig wees.

Om die uiteenlopendheid van skietkunsoefeninge in die onderskeie koloniale magte uit te skakel, is voorgestel dat die kommandant van die skietskool by Bloemfontein versoek moes word om standaard-skietkunsoefeninge op te stel. Dit moes dan aan die onderskeie koloniale regerings vir oorweging voorgelê word. In die strewe na eenvormigheid was eenvormige opleidingsvoorskrifte onontbeerlik.

Die konferensie het besef dat daar, vir berede korpse in die onderskeie Suid-Afrikaanse kolonies, geen geskikte opleidingsvoorskrifte in die Britse leër bestaan nie. Derhalwe is voorgestel dat die handboek wat deur die *Cape Mounted Rifles* vir opleiding gebruik is, in gewysigde vorm vir alle berede korpse in die ander kolonies voorgeskryf moes word. Vir alle ander vertakings in die koloniale magte het die konferensie sterk aanbeveel dat opleidingsvoorskrifte, wat in die Britse leër gebruik word, ook deur hulle aangewend moes word. Taktiese opleiding moes byvoorbeeld gebaseer wees op Britse opleidingsvoorskrifte soos vervat in *Combined Training*. Vir opleiding in organisasie en aanverwante aangeleenthede moes die *Field Service Pocket Book*-reeks gebruik word. Afgesien van die opleidingsvoorskrifte vir berede korpse moes alle dril- en opleidingsvoorskrifte dus van die *War Office* ontvang word.

Die konferensie het verder gevoel dat opleidingsgeriewe vir eenhede van die verskillende koloniale magte verbeter sou word indien hulle hul opleidingskampe en maneuvers in samewerking met die Britse Imperiale troepe in Suid-Afrika sou reël.

Groot waarde is aan aanmoediging van die kadetbeweging geheg. Die afgevaardigdes was eenparig van oordeel dat dié beweging in staatsondersteunde skole verpligtend gemaak behoort te word. Waar kadetkorpse vrywillig in ander skole opgerig word, moes aan hulle dieselfde fasiliteite as aan dié in staatsondersteunde skole gebied word. Hierdie fasiliteite moes ook na senior kadette, dus na seuns tussen veertien en agtien jaar wat reeds skool verlaat het, uitgebrei word. Om eenvormigheid in kadetopleiding te verseker, is aanbeveel dat tot die ouderdom van veertien jaar alleen liggaamlike opleiding aan kadette verskaf moes word. Onderrig in die skietkuns moes in die reël eers op hierdie ouderdom begin. Seuns bo agtien jaar moes nie toegelaat word om by kadetkorpse aan te sluit nie. Jongmanne van hierdie ouderdom kon teweens by georganiseerde milisie- en vrywilligereenhede aansluit.

Senior kadetkorpse moes òf met skoolkadetkorpse òf by milisie- of vrywilligerkorpse geaffilieer word. Die konferensie het gemeen dat, indien hierdie voorstel nie aanvaarbaar sou wees nie, dit beter sou wees om nie senior kadetkorpse te organiseer nie.

Op die Johannesburgse konferensie van Januarie 1907 is standaarduniforms en persoonlike uitrusting vir interkoloniale dienskontingente van koloniale magte voorgeskrywe wanneer hulle op aktiewe diens sou gaan. Die kolonies het hulle dienskontingente daarna volgens hierdie voorskrifte van kleding en persoonlike uitrusting voorsien. Die Durbanse konferensie het bygevolg slegs enkele praktiese wysigings hierop voorgestel.

Dat die Durbanse konferensie die koloniale regerings se aandag op die internasionale bepalinge vir militêre kleredrag gevestig het, is wetenswaardig. Hiervolgens moes die magte van koloniale regerings, wanneer hulle in botsing met die magte van beskaafde nasies sou kom, onderskeidende uniforms dra. In geval van oorlog teen Bantoes is voorgestel dat manskappe van sommige eenhede waarvoor uniforms nie beskikbaar was nie, 'n spesiaal ontwerpte hoed en onderskeidingsteken, soos 'n wapen op een arm, moes dra.

Ook is aandag aan die beskikbare verdedigingsmagte vir aktiewe diens, veral aan die bestaande polisiemagte, gewy. Daar is aanbeveel dat sommige polisiemagte of

gedeeltes daarvan tydens militêre operasies onder leerbevelvoerders gebring moes word. Indien die koloniale regerings hiertoe sou oorgaan, moes vooraf aandag aan rangverskille tussen die militêre en polisiemagte in die verskillende kolonies geskenk word.

Die algemene aanbeveling was dat polisie-offisiere as juniors van hul gelykwaardige range in die Staande Mag beskou moet word. Vergeleke by milisie- of vrywilliger-magte sou rangsenioriteit van polisie-offisiere volgens datum van verkryging van kommissie bereken word.

Militêre- en poliserange is volgens onderstaande vergelykende basis in ooreenstemming met mekaar gebring:

<i>Polisierange</i>		<i>Militêre range</i>
Kommissaris	—	Luitenant-kolonel.
Distriksinspekteur (Assistent-Kommissaris)	—	Majoor.
Inspekteur	—	Kaptein.
Tweede Inspekteur	—	Luitenant.

Offisiere wat op reserwe geplaas is, moes voor mobilisasie op hoogte gehou word van die hoedanigheid waarin hulle tydens mobilisasie diens sal verrig. Indien geskikte reserwe-offisiere ontbreek, is aanbeveel dat lyste van geskikte siviele persone vir dié doel bygehou word. Ook hulle moes voor mobilisasie op hoogte gehou word van wat gedurende mobilisasie van hulle verwag word.

Daar is verder gevoel dat verdedigingskonferensies, soos die Johannesburgse konferensie van Januarie 1907, 'n jaarlikse instelling moes word. Die plek en datum daarvan sou jaarliks deur die brigadier-generaal, Generale Staf, bepaal word.

Ook is aanbevelings in verband met ondersteuningsdienste gedoen. Dit was meestal van tegniese aard en het gehandel oor die daarstelling van eenvormige genie-, telegrafie-, sein-, mediese en veartsenykundige eenhede in die verskillende koloniale magte.

Die gees waarin die Durbanse konferensie voorgaande aanbevelings gedoen het, blyk uit die volgende aanhaling uit die verslag:

Finally, the result of their deliberations has been to make the Committee realise that much can be done at the present time to assimilate the conditions of organization, training, and discipline, in the various South African forces. Though admitting that there must be some elasticity in the combined system adopted, the Committee is struck with the importance of the several Defence Departments commencing at once to work together, and of their meeting each other in every possible way. Unless this policy is adopted, the Committee anticipates very serious delay in assimilation, whatever form of Central government may be established for South Africa, and however soon closer union may be brought about.

Die betekenis van die Durbanse konferensie kan moeilik oorskat word. Bykans elke verandering wat na dié stadium daarvan in die *Transvaal Volunteers* voorgekom het, kan na die aanbevelings van die konferensie teruggevoer word.

Na hierdie konferensie was die ontwikkeling van die verskillende verdedigingsmagte in Brits-Suid-Afrika grootliks deur die aanbevelings van die konferensie, d.w.s. eenvormigheid op verskillende vlakke, beïnvloed. Tereg kan beweer word dat die totstandkoming van die latere Unieverdedigingsmag aanmerklik deur die werksaamhede van hierdie konferensie vergemaklik is.

In Mei 1909 is die samesprekings oor verdediging deur genl. lord Methuen, brig.-genl. G. G. Aston, kol. sir Duncan McKenzie en kol. P. S. Beves in Pretoria voortgesit. Hierdie samesprekings was hoofsaaklik op die militêre behoeftes van Suid-Afrika na unifikasie en enkele organisatoriese aspekte rakende die daarstelling van 'n Unieverdedigingsmag gerig. Dié konferensieverrigtinge het dus nie die ontwikkelingsgang van die koloniale verdedigingsmagte tot Uniewording en daarna tot die aanneme van die Unieverdedigingswet, wet no. 13 van 1912, beïnvloed nie. Bygevolg is 'n weergawe van die aanbevelings van dié konferensie, gesien die onderwerp onder beskouing, nie ter sake nie.

Vroeg in 1909 is die moontlike gevare, verbonde aan die opkomende Duitse seemag, dwarsdeur die Britse ryk sterk aangevoel. Op grond hiervan is, later in daardie jaar, 'n konferensie in Londen gehou. Dit was nie 'n Imperiale konferensie in die ware sin van die woord nie, maar die besprekings is tot verdedigingsaangeleenthede, in die besonder tot die formulering van 'n ryksverdedigingsbeleid, beperk. Daar is o.n.l. ooreengekom dat al die dele van die Britse ryk bereid moes wees om bydraes tot die algemene ryksverdediging te lewer.

Die koloniale verteenwoordigers van Brits-Suid-Afrika op hierdie konferensie was: Genl. J. C. Smuts (Transvaalse Koloniale Sekretaris), John X. Merriman (Kaapse Eerste Minister), kol. E. M. Greene (Natale Minister van Spoorweë en Hawens), A. Fischer (Vrystaatse Eerste Minister) en genl. J. B. M. Hertzog (Vrystaatse Prokureur-Generaal). Hulle het gevoel dat die Suid-Afrikaanse kolonies op die vooraand van staatkundige vereniging was. Derhalwe was hulle nie bereid om op dié tyd-stip verantwoordelikheid te aanvaar of om 'n daadwerklike aandeel in die verrigtinge van die konferensie te neem nie. Net soos in die geval van die Pretoriase konferensie van 1909 kon die besprekings wat uit hierdie konferensie voortgespruit het, eers na die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag die militêre ontwikkelingsgang in Suid-Afrika beïnvloed.

By wyse van afsluiting van hierdie hoofstuk kan daarop gewys word dat die strewe na interkoloniale militêre samewerking in Suid-Afrika nie as 'n geïsoleerde verskynsel gesien moet word nie. Dit hang ten nouste saam met die drang na staatkundige eenheid gedurende dieselfde tydperk. Militêre eenheid was trouens een van die belangrikste faktore wat unifikasie in Suid-Afrika verwesenlik het.

In die Selborne-memorandum is verklaar dat die gesamentlike slaankrag van die onderskeie Suid-Afrikaanse kolonies se gevegsmagte toereikend was om enige binne-landse opstand die hoof te bied. Dit was egter te betwyfel of kleiner kolonies, soos Natal en die Oranjerivier-kolonie (hierdie kolonie het oor geen georganiseerde verdedigingsmag beskik nie), ernstige onluste in hulle gebiede sonder militêre hulp van buite sou kon onderdruk.

In geval van algemene Bantoe-onluste sou onderlinge militêre samewerking noodsaaklik wees, en dit sou op 'n geallieerde grondslag moes berus. Die grootse gebreke van geallieerde magte is gewoonlik 'n gebrek aan doeltreffende ko-ördinasie

en die feit dat sodanige magte nie altyd vinnig genoeg op verskillende plekke gelyktydig saamgetrek kon word nie. In alle algemene noodtoestande waar blitssnelle optrede noodsaaklik is, het Suid-Afrika een gevegsmag onder een staatkundige gesag nodig gehad. Dit sou tot gevolg hê dat troepe sonder tydverlies op enige plek of op verskeie plekke gelyktydig, saamgetrek sou kon word. Verder sou alle militêre operasies vanaf een hoofkwartier en deur een opperbevel gekoördineer kon word. So 'n mag sou bes moontlik kleiner wees as die gesamentlike gevegsmagte van die onderskeie kolonies. Benewens doeltreffender operasionele optrede sou dit ook goedkoper wees.



6

ORGANISASIE EN ONTWIKKELING (1907-1912)

Met die instelling van verantwoordelike bestuur in Transvaal in Desember 1906, het die opperbevel van die *Transvaal Volunteers* van die vroeëre Luitenant-Goewerneur na die Koloniale Sekretaris oorgegaan.

Tot 1 Julie 1908 was die bevelvoerende offisier van die *Transvaal Volunteers* aan sowel die Transvaalse Koloniale Sekretaris as die Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika verantwoordelik vir die militêre beheer en administrasie daarvan. Na hierdie datum is die bevelhebber slegs aan die Koloniale Sekretaris verantwoordelik gestel.

Ook is die benaming van die bevelvoerende offisier vanaf 1 Julie 1908 van *Commandant of the Transvaal Volunteers* na *Inspector of the Transvaal Volunteers* verander. Die rede hiervoor was om hom van die roetine-administrasie los te maak, sodat hy meer aandag aan beleidsaangeleenthede, toesig en inspeksie kon wy.

Vir die behartiging van die roetine-administrasie is op die hoofkwartier voorsiening vir die pos van *Staff Officer i/c Administration* gemaak.

Op aanbeveling van die destydse Kommandant van die *Transvaal Volunteers*, kol. C. J. Briggs, het een van die verreikendste reorganisasies vanaf 1 Julie 1907 in werking getree. Die verandering wat hierdeur teweeggebring is, kan slegs ten volle verstaan word as die organisatoriese reëlings wat hieraan voorafgegaan het, toegelig word. Gedurende Junie 1907 het die volgende korpse hulle werwing uitsluitend aan die Witwatersrand gedoen: Die *Transvaal Horse Artillery*, die *Imperial Light Horse*, die *South African Light Horse*, die *Johannesburg Mounted Rifles*, die *Scottish Horse*, die *Transvaal Light Infantry*, die *Transvaal Scottish*, die *Witwatersrand Rifles*, die *Transvaal Cycle Corps*, die *Volunteer Company of Military Signallers* en die *1st Volunteers Transport Corps*.

Verder het die *Central South African Railway Volunteers* en die *Transvaal Volunteer Medical Staff Corps* hulle werwing gedeeltelik aan die Witwatersrand gedoen, terwyl die *Northern Rifles*, die *Western Rifles* en die *Eastern Rifles* hulle lede in bepaalde, afgebakende, distrikte buite die Witwatersrandse gebied gewerf het.

Die totale goedgekeurde sterkte van die *Transvaal Volunteers* was gedurende Junie 1907 11.457 terwyl die werklike sterkte 6.619 man was. Die beswaar teen hierdie opset was dat daar by die totstandkoming van die *Transvaal Volunteers*, vanweë sentimentele oorwegings, te veel korpse ingestel is. Bygevolg was daar noodwendig oorvleuelings ten opsigte van funksies en werwingsgebiede, wat hoë administrasiekoste en swak dissipline in die hand gewerk het. Dit was veral die geval by die vyf berede korpse wat aan die Witwatersrand saamgetrek was. In Germiston byvoorbeeld het die inwonertal gedurende 1907 hoogstens die instandhouding van twee berede eskadrons geregverdig. Elkeen van die vyf berede korpse het egter getrag om op Germiston 'n eskadron in stand te hou. Gevolglik kon geeneen van hierdie eskadrons, op watter tydstip ookal, op volle sterkte kom nie. In die praktyk het dit dikwels gebeur dat, wanneer dissiplinêre stappe teen 'n lid van een korps ingestel word, hy sonder meer sy bedanking by sy korps ingedien het en maklik by 'n eskadron van een van die ander korpse in dieselfde dorp aangesluit het.

Die totale goedgekeurde sterkte van die *Transvaal Volunteers* van 11.457 man was, uit 'n ekonomiese standpunt beskou, nie te regverdig nie. 'n Mag van 5.000 man

is vir die binnelandse beveiliging van Transvaal voldoende geag. Om dit reg te stel het die kommandant dit noodsaaklik geag om die berede korpse aan die Witwatersrand van vyf na twee te verminder en aan elkeen van dié korpse 'n bepaalde werwingsgebied toe te wys. Die groot probleem was op watter wyse dit gedoen moes word sonder om afguns of dislojaliteit by lede van die ander korpse wat ontbind sou moes word, te laat ontstaan. Die enigste oplossing was om al die bestaande berede korpse aan die Witwatersrand te ontbind en in die plek daarvan slegs twee nuwes in te stel. Die voorgestelde benamings van hierdie korpse was: *The East Rand Mounted Rifles* en *The West Rand Mounted Rifles*. Die kommandant van die *Transvaal Volunteers* het gehoop dat, wanneer die twee voorgestelde nuwe korpse opgerig sou word, daar aansoeke ontvang sou word om van die ou korpsbenamings weer in te voer. Op dié wyse kon, ten spyte van radikale verandering, 'n deel van die militêre tradisie behoue bly.

Ook die sterktes van die onberede korpse sou verminder moes word. Hier was die probleem weer eens watter korps of korpse ontbind moes word. Die keuse het hier nie op 'n junior korps geval nie maar op die *Transvaal Light Infantry* omdat hierdie korps sy werwing slegs in die Johannesburgse stadsgebied gedoen het. Johannesburg was die aangewese plek om die infanterie te verminder, want in tye van gevaar sou die *Witwatersrand Rifles*, met afdelings wat oor die hele Witwatersrandgebied versprei was, heeltemal in staat wees om die myne te beskerm.

Met betrekking tot die ander onberede korpse het die kommandant die volgende aanbeveel: Die *Transvaal Scottish*, met hoofkwartier in Johannesburg en afdelings in Roodepoort, Krugersdorp en Germiston, moes in sterkte verminder word. Waar, soos hierbo aangetoon, die *Scottish Horse* ontbind sou word, is dit nie as wenslik beskou om die enigste ander Skotse regiment in Transvaal ook te ontbind nie.

Die sterkte van die *Transvaal Cycle Corps* sou eweneens verminder word. Die bruikbaarheid van dié korps in geval van mobilisasie het ontbinding daarvan nie wenslik gemaak nie. Ook die *Transvaal Volunteer Medical Staff Corps* se sterkte moes verminder word.

Ontbinding van die *First Volunteer Transport Corps* is aanbeveel op grond van die feit dat vervoer in 'n land soos Suid-Afrika tydens mobilisasie in enige vorm maklik bekombaar sou wees.

Hierdie aanbevelings is verwesenlik in die organisatoriese veranderings wat van 1 Julie 1907 af teweeggebring is.

Die volgende korpse of dele van korpse is ontbind: Die *Imperial Light Horse*, die *South African Light Horse*, die *Johannesburg Mounted Rifles*, die *Scottish Horse*, die *Transvaal Light Infantry*, die *1st Volunteer Transport Corps* en die fietsryers- en infanteriekompanies van die *Northern*, *Eastern* en *Western Rifles*.

Daarteenoor is die *East Rand Mounted Rifles*, die *West Rand Mounted Rifles* en die *Telegraph Section* as nuwe korpse ingestel.

Die sterkte van die aktiewe vrywilligers is op 5.000 vasgestel en moes soos volg versprei wees: Die *Transvaal Horse Artillery*: 160 man, die *Northern Mounted Rifles*: 450 man, die *Western Mounted Rifles*: 300 man, die *Eastern Mounted Rifles*: 600 man, die *East Rand Mounted Rifles*: 500 man, die *West Rand Mounted Rifles*: 500 man, die *Central South African Railway Corps*: 600 man, die *Transvaal Scottish*: 500 man, die *Witwatersrand Rifles*: 600 man, die *Transvaal Cycle Corps*: 320 man, die *Transvaal Signalling Company* en die *Transvaal Field Telegraph Section*: gesamentlik 100 man, en die *Transvaal Medical Corps*: 300 man. 'n Verdere sewentig manskappe kon na goëddunke geplaas word.

Van 1 Julie 1907 af het die volgende naamsveranderinge in werking getree: Die *Central South African Railway Volunteer Corps* word die *Central South African Railway Corps*, die *Volunteer Company of Military Signallers* word die *Transvaal Signalling Company*, en die *Transvaal Volunteer Medical Staff Corps* word die *Transvaal Medical Corps*. Gedurende September 1907 is die naam van die *West Rand Mounted Rifles* na dié van *Imperial Light Horse* verander. Dit het terugwerkend van 1 Julie 1907 af van krag geword. Hierdeur is die senioriteit van die korps weer van 12 Desember 1902 af bereken. Gedurende November van dieselfde jaar is die benamings van die *East Rand Mounted Rifles* en die *Imperial Light Horse* onderskeidelik na *Imperial Light Horse (Left Wing)* en *Imperial Light Horse (Right Wing)* verander. Ook hierdie veranderings het terugwerkend van 1 Julie 1907 af van krag geword. Beide korpse se senioriteit is dus na 12 Desember 1902 teruggedateer. Die enigste verdere verandering gedurende 1907 het ook in November plaasgevind, toe die goedgekeurde sterkte van die *Transvaal Scottish* en die *Witwatersrand Rifles* onderskeidelik van 500 man na 400 man en 600 man na 700 man verander is. Hierdie veranderings was van 1 Julie 1907 af terugwerkend van krag.

Vroeg in 1908 is die sterkte van die volgende berede vrywilligerkorpse verander: Dié van die *Imperial Light Horse (Left Wing)* en die *Imperial Light Horse (Right Wing)* is in albei gevalle na 450 man verminder, terwyl die van die *Western Mounted Rifles* na 400 man vermeerder is.

Na hierdie reorganisasie van 1 Julie 1907 het 'n volgende groot verandering van 1 Julie 1908 af in werking getree. Hierdeur het slegs drie berede korpse bly voortbestaan, en die goedgekeurde getalsterkte van die *Transvaal Volunteers* is van 5.000 na 3.575 verminder. Hierdie reorganisasie was eweneens op besparing en konsolidasie gerig. Die veranderings wat hierdeur van krag geword het, was die volgende: Die linker- en regtervleuel van die *Imperial Light Horse* is tot een korps saamgevoeg onder die naam *Imperial Light Horse*, die naam van die *Eastern Mounted Rifles* is na die van *Southern Mounted Rifles* verander, die *Western Mounted Rifles* is ontbind en lede daarvan is in die *Northern* en *Southern Mounted Rifles* opgeneem, die bevelvoerende offisiere van korpse is toegelaat om die goedgekeurde getalsterkte met 10% te oorskry ten einde vir normale getalsverminderinge voorsiening te maak. Afhangende van hulle inskakeling by ander korpse of oorpasing na die reserwe of bedanking sou botallige offisiere voorlopig by hulle korpse aanbly. Botallige onderoffisiere en manskappe is eervol ontslaan.

Gedurende Augustus 1908 is die naam van die *Central South African Railway Corps* na die van *Central South African Railway Engineer Corps* verander. Terselfdertyd is die *Transvaal Signalling Company* en die *Transvaal Field Telegraph Section* tot een kompanie, onder die naam *Transvaal Signalling and Field Telegraph Company*, saamgevoeg.

Die Durbanse militêre konferensie van Oktober 1908, waartydens op interkoloniale vlak samesprekings gevoer is en aanbevelings gedoen is oor gelykvormigheid in die verskillende koloniale verdedigingsmagte, het 'n besliste uitwerking op die organisatoriese samestelling van die *Transvaal Volunteers* gehad en die reorganisasies wat met ingang van 1 Julie 1909 van krag geword het, was bedoel om die organisasie van die *Transvaal Volunteers* in ooreenstemming met die aanbevelings van hierdie konferensie te bring.

Die *Transvaal Volunteers* het vanaf vermelde datum die volgende veranderinge ondergaan: Die *Transvaal Signalling and Field Telegraph Corps*, waarvan die *Transvaal Signalling and Field Telegraph*-kompanie 'n deel sou vorm, die *Transvaal Intelligence Corps*, die *Transvaal Supply Corps* en die *Transvaal Veterinary Corps* is

as nuwe korpse ingestel. Voorsiening is gemaak vir reserwes vir elkeen van die bestaande en nuutingestelde korpse sowel as vir 'n algemene reserwe, terwyl die naam van die *Transvaal Cycle Corps* na die van *Transvaal Cycle and Motor Corps* verander is.

'n Verdere uitvloeisel van die Durbanse konferensie was dat die hoofde van die verskillende koloniale militêre magte daadwerklik oorgegaan het tot die voorbereiding van verdedigingskemas wat in geval van moontlike toekomstige voorafberekbare noodsituasies gebruik kon word. Die Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika het die Inspekteur van die *Transvaal Volunteers* versoek om die volgende twee skemas op te stel: Een vir binnelandse beveiliging, in die besonder in geval van algemene Bantoe-onluste, en een vir 'n inval van buite, in die besonder in geval van oorlog teen Duitsland, wat die posisie ten opsigte van Duits-Suidwes-Afrika behels het.*

Tot met die ontbinding van die *Transvaal Volunteers* is hierdie skemas nie in werking gestel nie. Tog is die skemas insiggewend, omdat aan die hand hiervan 'n beeld verkry kan word van die wyse waarop beoog is om die T.V. in 'n noodtoestand operasioneel aan te wend. Dit geld ook ten opsigte van die mate waarin die *Transvaal Volunteers* afhanklik was van samewerking met die imperiale troepe in Transvaal.

In sy inleiding tot die eerste skema, getiteld *Simultaneous Trouble with the Natives in all the self governing colonies*, merk die Inspekteur, kol. Beves, o.m. op dat dit onmoontlik is om vooruit te bepaal waar die grootste gevaar in geval van algemene onluste sal voorkom. Sy uitgangspunt was dat daar geen vasomlynde planne voorgelê kon word nie maar dat die skema slegs as 'n voorbeeld beskou moes word. Dit moes dus na gelang van wisselende omstandighede vryelik gewysig kon word.

Kol. Beves het die volgende gevaarsentrums in Transvaal voorsien: Die Witwatersrand, Wes-Transvaal en die streke noord en oos van Pietersburg.

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die regering in geval van 'n noodtoestand alle bestaande eenhede onmiddellik sou toelaat om met werwing te begin om so spoedig moontlik op oorlogsterkte te kom. Verder is veronderstel dat sodanige werwing kon voortgaan totdat 'n tweede infanteriebataljon en 'n tweede berede regiment of korp gevorm kon word. Die mikpunt moes wees om uiteindelik 10.000 man in die veld te stoot.

Aan die Witwatersrand het die inspekteur gedurende die eerste paar dae van veronderstelde Bantoe-onluste ernstige probleme verwag, maar daarna sou die Bantoes volgens sy mening of uit die gebied wegtrek of onder beheer wees.

Ten tye van die opstelling van die skema het daar reeds 'n skema bestaan waarvolgens ammunisie onmiddellik aan alle afdelings van die *Witwatersrand Rifles* voorsien kon word. Hierdie regiment, met sy 100 fietsryers, moes aan die Witwatersrand bly tot tyd en wyl die polisie voldoende militêre versterkings ontvang het om die toestand daar te beheer. Ondertussen moes die *Witwatersrand Rifles* voortgaan om sy goedgekeurde getalsterkte van 500 na 800 man aan te vul. Na berekening sou dit binne drie dae kon geskied. Gedurende hierdie tydperk sou die polisie voldoende spesiale konstabels kon werf om beheer oor die Witwatersrandgebied oor te neem. Die *Witwatersrand Rifles* sou dan vry wees om elders diens te verrig.

Om opstand in ander dele van Transvaal die hoof te bied, sou die vrywilligers in twee mobiele kolonnes georganiseer word. As moontlike konsentrasiepunte vir hierdie kolonnes is Krugersdorp en Pietersburg genoem. Daar kan egter eers finaal oor konsentrasiepunte beslis word wanneer bepaal kon word waar die onluste op hulle gevaarlikste is.

Die samestelling en sterkte van die twee mobiele kolonnes en die berekende tyd waarin moontlik te Krugersdorp of Pietersburg saamgetrek kon word, is soos volg bereken:

Nr. 1 — Mobiele kolonnes.

Saamtrepunt: Krugersdorp of omgewing.

VOLG-NR.	KORPS	SAAMGETREK TE KRUGERSDORP					OP-MERKINGS.
		1 dag	2 dae	4 dae	7 dae	14 dae	
1.	<i>Die Transvaal Horse Artillery.</i> (Een battery van vier 13-ponder kanonne).	40	50	60	70	90	
2.	<i>Die Imperial Light Horse.</i>	250	350	450	550	700	*Die <i>Imperial Light Horse</i> moes in twee regimente verdeel word sodra 'n sterkte van 550 bereik is.
3.	<i>Die 1st Southern Mounted Rifles.</i>			100	200	400	
4.	<i>Die Transvaal Scottish.</i>	150	250	350	450	650	
5.	<i>Die Transvaal Cycle Corps.</i>	100	150	300	450	650*	*Dalk as infanterie aan te wend.
6.	<i>Die Sig. and Field Telegraph Company.</i>	15	20	25	25	25	
7.	<i>Die Central South African Railway Engineer Corps.</i> (Genie).		50	75	75	100	
8.	'n Afdeling van die <i>Cavalry Field Ambulance.</i>	40	50	64	64	64	
9.	Die mobiele afdeling van die <i>Veterinary Department.</i>		6	6	6	6	
		595	926	1.430	1.890	2.685	

Nr. 2 — Mobiele kolonnes.

VOLG-NR.	KORPS	SAAMGETREK TE PIETERSBURG					OP-MERKINGS.
		1 dag	2 dae	4 dae	7 dae	14 dae	
Saamtrepunt: Pietersburg of omgewing.							
1.	<i>Die Transvaal Horse Artillery.</i> (Een battery van vier 15-ponder kanonne).	40	50	60	70	90	
2.	<i>Die Northern Mounted Rifles.</i>	250	350	450	550*	700*	*Die Northern Rifles moes in twee regimente verdeel word as 'n sterkte van 550 bereik is.
3.	<i>Die Southern Mounted Rifles.</i>			100	200	400	
4.	<i>Die Central South African Railway Engineer Corps.</i> (Genie).		50	75	75	100	
5.	<i>Die Central South African Railway Engineer Corps.</i> (Infanterie).	200	300	400	500	700	
6.	<i>Die Witwatersrand Rifles.</i>			800	800	800	
7.	<i>Die Sig. and Field Telegraph Company.</i>	15	20	25	25	25	
8.	'n Afdeling <i>Cavalry Field Ambulance.</i>	40	50	64	64	64	
9.	'n Mobiele afdeling <i>Veterinary Department.</i>		6	6	6	6	
		545	826	1.980	2.290	2.885	

Die *Transvaal Cycle Corps* en die *Central South African Railway Engineer Corps* (Genie) is by sowel nr. 1 as nr. 2-mobiele kolonnes ingedeel. Hierdie korpse sou of tydelik of vir so lank as wat die onluste voortduur, ter beskerming van spoorverbindings aangewend word. Die *Transvaal Cycle Corps* sou die westelike en suidelike en die *Central South African Railway Engineer Corps* die noordelike en oostelike spoorwegnetwerk beskerm. Een van hierdie korpse of albei kon by 'n derde of vierde mobiele kolonne gevoeg word indien daar só georganiseer sou word.

Alhoewel een bereide regiment van die *Southern Mounted Rifles* tot elkeen van die kolonnes toegevoeg is, is beoog dat albei hierdie regimente by enige ander mobiele kolonne wat gevorm kon word, toegevoeg kon word. Die *Southern Mounted Rifles* kon ook ter bewaking van die Swazilandse grens aangewend word. Daar is egter

van die veronderstelling uitgegaan dat Imperiale troepe die protektorate sou bewaak. Die *Imperial Light Horse* en *Northern Mounted Rifles* sou toegelaat moes word om só manskappe te werf dat elkeen twee regimente kon vorm.

Die pantsertreine, beman deur lede van die *Central South African Railway Engineer Corps* en ander troepe wat vir die doel aangewys sou word, sou vir die beskerming van die spoorweë aangewend word. Elkeen van hierdie treine sou met 'n 12-ponder snelvuurkanon en twee maxims bewapen wees.

Een afdeling van die 15-ponder artilleriebatterie sou by die basis gehou word om tydens die onluste opleiding aan artillerie-rekrute te verskaf. Die afdeling kon egter ook later vir diens te velde aangewend word.

In geval van mobilisasie sou daar waarskynlik nie voldoende ammunisie vir 13-ponder en 15-ponder kanonne beskikbaar wees nie. Die Imperiale Krygsbehoefte-depot sou versoek moes word om die nodige ammunisie beskikbaar te stel.

In die tweede skema moes rekening gehou word met aggressie vanuit Duits Suidwes-Afrika. Hier is van die veronderstelling uitgegaan dat die Transvaalse grense nie deur die vyand bedreig sou word nie. Die Transvaalse eenheid sou dus saam met eenhede van die Kaapkolonie, Natal en Rhodesië as 'n aanvalsmag gebruik word. Kimberley is as bymekaarkomplek vir so 'n aanvalsmag gekies. Hiervandaan kon die *Transvaal Volunteers* na die kus gestuur word of, met Kimberley as basis, op die grens van die Kaapkolonie en Betsjoeanaland optree. Daar is aanvaar dat die Transvaalse regering sowel die reserwe- as die aktiewe vrywilligers sal opkommandeer en dat verdere werwing toegelaat sou word. Só sou 5.500 soldate operasioneel betrek word, terwyl 'n verdere 2.000 troepe in Transvaal kon agterbly. Op hierdie wyse sou die kolonie nie heeltemal sonder georganiseerde eenhede wees nie.

Die inspekteur het dus bloot 'n konsentrasieplan vir die T.V. ontwerp en van die veronderstelling uitgegaan dat die offisier, wat in bevel van 'n interkoloniale mag geplaas sou word, die Transvaalse troepe na goeëddunke kon aanwend.

Die samestelling en sterkte van die *Transvaal Volunteers* en die beraamde tyd waarin hulle in Kimberley sou kon konsentreer, is soos volg bereken:

VOLG NR.		SAAMGETREK TE KIMBERLEY			
		4 dae	7 dae	14 dae	21 dae
1.	Die <i>Transvaal Horse Artillery</i> . Twee batterye met vier kanonne elk.	100	125	150	175
2.	Die <i>Imperial Light Horse</i> .	400	450	500	500
3.	Die <i>Northern Mounted Rifles</i> .	200	300	400	500
4.	Die <i>Southern Mounted Rifles</i> .	200	300	400	500
5.	Die <i>Central South African Railway Engineer Corps</i> . (Genie).	150	150	200	250
6.	Die <i>Central South African Railway Engineer Corps</i> . (Infanterie).	250	400	600	800
7.	Die <i>Transvaal Scottish</i> .	250	400	600	800
8.	Die <i>Witwatersrand Rifles</i> .	450	500	650	800
9.	Die <i>Transvaal Cycle Corps</i> .	250	400	600	800
10.	Die <i>Sig. & Field Telegraph Company</i> .	30	40	50	60

VOLG NR.		SAAMGETREK TE KIMBERLEY			
		4 dae	7 dae	14 dae	21 dae
11.	Die <i>Cavalry Field Ambulance</i> (drie afdelings).	80	160	192	192
12.	Die <i>Veterinary Department</i> . (Drie mobiele afdelings).	9	18	18	18
Totale :		2.369	3.243	4.360	5.395

Die gepantserde treine, beman deur die *Central South African Railway Engineer Corps* en elkeen met een 12-ponder snelvuurkanon en twee maxims toegerus, sou in gereedheid gehou word in geval hulle benodig word. Een afdeling van die 15-ponder artilleriebatterie sou by die basis vir diens in gereedheid gehou word. Tot tyd en wyl die afdeling vir diens benodig word, sou artillerie-rekrute daardeur opgelei word.

Soos in die vorige skema sou die Imperiale Krygsbehoefte depot versoek word om aanvullende ammunisie te voorsien.

Van die instelling van verantwoordelike bestuur, in Desember 1906, is veral vordering gemaak met die aankoop van kanonne vir die artilleriekorps.

Teen die einde van November 1907 het die Transvaalse regering ses 15-ponder agterlaaiëkanonne teen £876 van die Imperiale regering gekoop.

Met die ontbinding van die *Transvaal Volunteers* (1912) het die mag oor die volgende kanonne beskik: Vier 13-ponder snelvuurkanonne, ses 15-ponder agterlaaiëkanonne, drie 12-ponder vlootkanonne (in bruikleen van die Imperiale regering ontvang vir gebruik by gepantserde treine) en twee 1-ponder outomatiese snelvuur-Vickers-maximkanonne.





Petkenteken van die „Scottish Horse” wat in 1900 in gebruik geneem en tot die ontbinding van die eenheid, in 1907, gehandhaaf is. Latere ontwerpe bevat die jaartal 1900 in die ovale gedeelte onderkant die kruis.

Foto : *Versameling mnr. S. Foote, Pretoria M.H.A.D.*

Cap badge of the “Scottish Horse”, taken into use during 1900 and used until the disbandment of the unit in 1907. Later examples incorporated the year 1900 in the oval portion under the cross.

Photograph : *Collection Mr. S. Foote, Pretoria M.H.A.S.*




Die afgebeelde petkenteken van die „Transvaal Scottish Volunteers” is in 1902 deur ’n komitee ontwerp. Die middelste gedeelte, wat terselfdertyd diens gedoen het as ’n kraagkenteken vir offisiere, is gelyk aan die van ’n aantal “Highland”-regimente. Dit is enigsins moeilik om die leuse in al sy betekenis noukeurig te vertaal. By benadering beteken „Alba Nam Buadn” ewenwel „Goed gedoen, Skotland” en „Skotland, tuiste van die deugde.”

Foto : *Versameling mnr. S. Foote, Pretoria M.H.A.D.*

The cap badge of the “Transvaal Scottish Volunteers” depicted, was designed by a committee in 1902. The central portion, which at the same time served as a collar badge for officers, is similar to that of a number of Highland regiments. It is in any event difficult to translate accurately the motto which has a few meanings. However, “Alba Nam Buadn” could be translated as “Well done Scotland” and “Scotland, home of virtue.”

Photograph : *Collection Mr. S. Foote, Pretoria M.H.A.S.*



Kenteken van die *Transvaal Horse Artillery Volunteers*.

Foto : S.A. Weermagsargief
M.H.A.D.

Badge of the *Transvaal Horse Artillery Volunteers*.

Photograph : S.A. Defence Force Archives
M.H.A.S.



Petkenteken van die „Transvaal Cadets” (2e Bataljon) met ’n bewegende springbok en die leuse „Amor Patriae”, d.i. vaderlandsliefde.

Foto : *Versameling mnr. S. Foote, Pretoria M.H.A.D.*

Cap badge of the “Transvaal Cadets” (2nd Battalion) with a moving springbok and the motto “Amor Patriae”, i.e. love of the Fatherland.

Photograph : *Collection Mr. S. Foote, Pretoria M.H.A.S.*



Die geveg van Momekloof (Zoeloerebellie, 1906).

1. Die nek wat toegang tot die hoër gedeelte van die kloof verleen.
2. Die posisie van die rebellekamp.
3. Die punt waar kapt. Mc Farlane gesneuwel het.

Opmerking : Die Natalse polisie was aan die linkerkant van die kloof, nader aan die veldkanonne, as die T.M.R.

Foto : Mnr. P. K. A. Digby, Pretoria

The Battle of Mome Gorge (Zulu Rebellion, 1906).

1. The nek which gives access to the upper part of the gorge.
2. Position of the rebel camp.
3. Spot where Capt. Mc Farlane was killed.

Note : The Natal Police were on the left of the gorge, nearer to the field guns than the T.M.R.

Photograph : Mr. P. K. A. Digby, Pretoria



Groepfoto met lede van die „Northern Mounted Rifles,” Transvaal, wat omstreeks 1908 deur ’n onbekende afnemer geneem is.

Voor, van links na regs : Vaandelsersant J. G. Jeffery, luitenant Edwards-Carter, sersant T. E. Godfrey.

Agter, van links na regs : Sersant G. L. Bryant, sersant R. M. Crux.


Foto : *S.A. Weermagsargief
M.H.A.D.*

Group photograph of members of the “Northern Mounted Rifles,” Transvaal, taken by an unknown photographer about 1908.

Front, left to right : Colour Sergeant J. G. Jeffery, Lieutenant Edwards-Carter, Sergeant T. E. Godfrey.

Rear, left to right : Sergeant G. L. Bryant, Sergeant R. M. Crux.

Photograph : *S.A. Defence Force Archives
M.H.A.S.*




Lede van die „Regiment Witwatersrand Rifles.” Die foto is omstreeks 1911 geneem.

Foto : *S.A. Weermagsargief
M.H.A.D.*

Members of the “Regiment Witwatersrand Rifles.” The photograph was taken about 1911.

Photograph : *S.A. Defence Force Archives
M.H.A.S.*



Die vroeëre hoofkwartier van die „Transvaal Volunteers,” Johannesburg. Vandag word die sogenaamde Drilsaal gebruik as die administratiewe hoofkwartier van die Kommandement Witwatersrand.

Foto : Maj. J. J. Kritzinger, Pretoria.
M.H.A.D.

The former Headquarters of the “Transvaal Volunteers,” Johannesburg. Today known as the Drill Hall, it serves as the administrative headquarters of the Witwatersrand Command.

Photograph : Maj. J. J. Kritzinger, Pretoria.
M.H.A.S.



Groepfoto van die „Transvaal Volunteer Medical Staff” onder luitenant-kolonel D. H. Johnston as bevelvoerder.

Voorste ry : Stafserfant W. J. T. Cole.

Tweede ry, van links na regs : 1e klas stafserfant W. H. Dexter, sersant-instrukteur R. Cox, regiment sersant-majoor W. Higgins, sersant-instrukteur J. M. Maxwell, stafserfant W. J. Gordon.

Derde ry, van links na regs : Stafserfant J. Colebank, stafserfant C. E. Arlidge, stafserfant A. G. Mason, sersant E. F. W. Course, sersant T. Higginson, stafserfant J. Hopkinson, sersant-majoor Sumner (*Cape Medical Corps*, toegevoeg).

Vierde ry, van links na regs : Stafserfant J. J. Williams, sersant T. E. Davies, sersant I. Herson, sersant J. Allen, sersant J. Whiting, sersant E. Jacobs, stafserfant A. A. Robinson.

Vyfde ry, van links na regs : Sersant J. Levy, sersant T. Bryant, sersant J. M. Eaton, stafserfant W. F. Davies, sersant H. Gardiner, sersant E. A. Hale.

Inlas : Luitenant-kolonel D. H. Johnston.

Foto : *Gannon en Kie, Johannesburg M.H.A.D.*

Group photograph of the “Transvaal Volunteer Medical Staff” under Lieutenant-colonel D. H. Johnston as Commanding Officer :

Front row : Staff Sergeant W. J. T. Cole.

Second row, from left to right : 1st class Staff Sergeant W. H. Dexter, Sergeant Instructor R. Cox, Regimental Sergeant Major W. Higgins, Sergeant Instructor J. M. Maxwell, Staff Sergeant W. J. Gordon.

Third row, from left to right : Staff Sergeant J. Colebank, Staff Sergeant Arlidge, Staff Sergeant A. G. Mason, Sergeant E. F. W. Course, Sergeant T. Higginson, Staff Sergeant J. Hopkinson, Sergeant Major Sumner (*Cape Medical Corps*, attached).

Fourth row, from left to right : Staff Sergeant J. Williams, Sergeant T. E. Davies, Sergeant I. Herson, Sergeant J. Allen, Sergeant J. Whiting, Sergeant E. Jacobs, Staff Sergeant A. A. Robinson.

Fifth row, from left to right : Sergeant J. Levy, Sergeant T. Bryant, Sergeant J. M. Eaton, Staff Sergeant W. F. Davies, Sergeant H. Gardiner, Sergeant E. A. Hale.

Insert : Lieutenant-Colonel D. H. Johnston.

Photograph : *Gannon and Co., Johannesburg M.H.A.S.*

7

KADETORGANISASIE

Die kadetorganisasie in die Transvaal-kolonie was van sy ontstaan af onder reg-streekse militêre beheer van die kommandant van die *Transvaal Volunteers*.

Weens gebrek aan bronne kon die aanvanklike organisasie nie in besonderhede nagespoor word nie. Wat wel afgelei kon word, is dat tot Augustus 1904 die volgende korpse en kompanies gestig is: Die *Boys Brigade-kadetkorps*, wat klaarblyklik gedurende Julie 1903 ingestel en gedurende September van dieselfde jaar deur die Transvaalse regering oorgeneem is (dit het die hele Witwatersrand as werwingsgebied gehad en het bestaan uit seuns wat reeds die skool verlaat het); die *Jewish Lads Brigade-kadetkorps* (gestig 22.2.1904) saamgestel uit Joodse skoolseuns in Johannesburg en aan die Witwatersrand, die kadetkorps van die *Jeppestown High School* (gestig 1.7.1903), drie kompanies van die *Marist Brothers-kadette* (gestig 14.4.1904), die kadetkorps van die *Johannesburg College* (gestig 1.7.1904), die kadetkorps van die *Turffontein Government School* (gestig 1.7.1904), die kadetkorps van die *Mayfair Government School* (gestig 1. 8. 1904), die kadetkorps van die *Troyeville Government School* (gestig 1.8.1904), die kadetkorps van die *Roodepoort Government School* (gestig 1.8.1904), en die kadetkorps van die *Springs Government School* (gestig 1.8.1904).

Aanvanklik is kadetkorpse om ekonomiese redes aan aktiewe vrywilligerkorpse verbind, maar omdat hierdie reëling nie geslaag het nie, is na 'n distriksorganisasie oorgeskakel.

Met ingang van 3 Augustus 1904 is die kadette amptelik volgens die bataljonstelsel georganiseer. Hiervolgens is daar vier kadetbataljone ingestel.

Die eerste bataljon is gevorm en het bestaan uit die verskillende gemagtigde kompanies van die *Boys Brigade Cadet Corps* as kern. Lede daarvan was na-skoolse seuns aan die Witwatersrand.

Die tweede bataljon is saamgestel uit gemagtigde kompanies aan skole en kolleges in 'n gedeelte van Johannesburg en die Oos-Rand. Die bestaande kompanies van *Marist Brothers School* en *Jeppestown High School* was die aanvanklike kern van hierdie korps.

'n Derde bataljon is gevorm met as kern die bestaande kompanies van die *Jewish Lads Brigade*. Hierdie bataljon het 'n gedeelte van Johannesburg en die Wes-Rand as werwingsgebied gehad.

Die vierde bataljon het bestaan uit die kadetkompanies wat na 3 Augustus 1904 in die distrik Pretoria ingestel is.

'n Duidelike beeld van die bataljonorganisasie word uit onderstaande verspreidingsopgawes van 25 Oktober 1905 verkry:

*1ste Bataljon**WITWATERSRAND*

KOMPANIE-NR.	WERWINGSGEBIED	AANTAL KADETTE
1. "A"	Johannesburg (stad)	92
2. "B"	Jeppestown	149
3. "C"	Braamfontein	56
4. "D"	Krugersdorp	64
5. "E"	Fordsburg	41
6. "F"	Ophirton en Turffontein	46
7. "G"	Boksburg en Springs	56
8. "H"	Germiston	84
	Totaal	588

*2de Bataljon**JOHANNESBURG*

KOMPANIE-NR.	WERWINGSGEBIED	AANTAL KADETTE
A.	<i>Die Marist Brothers School</i>	90
B.	<i>Die Marist Brothers School</i>	90
C.	<i>Die Marist Brothers School</i>	90
D.	<i>Die Jeppestown High School</i>	80
E.	<i>Die Johannesburg College</i>	80
F.	<i>Die Mayfair Government School</i>	120
G 1.	<i>Die Turffontein Government School</i>	76
G 2.	<i>Die Booyens Government School</i>	60
H.	<i>Die Troyeville Government School</i>	70
I.	<i>Die City and Suburban Government School</i>	64
—	<i>Die Jewish Government School</i>	55
	Totaal	875

OOS-RAND

KOMPANIE-NR.	WERWINGSGEBIED	AANTAL KADETTE
—	<i>Die Germiston Government School</i>	26
—	<i>Die Boksburg Government School</i>	24
	Totaal	50

3de Bataljon

KOMPANIE-NR.	WERWINGSGEBIED	AANTAL KADETTE
—	Maraisburg	42
—	Florida	46
—	Roodepoort	49
—	Randfontein	30
—	Modderfontein	42
—	Die <i>Union Ground School, Johannesburg</i>	64
—	Die <i>Jeppestown School</i>	67
—	Die <i>Von Brandis School</i>	23
—	Die <i>Braamfontein School</i>	29
	Totaal	392

*4de Bataljon**PRETORIA*

KOMPANIE-NR.	WERWINGSGEBIED	AANTAL KADETTE
"A"	Die <i>Diocesan College School</i>	60
"B"	Die <i>Gymnasium School</i> en die <i>Burgher Right School</i>	97
"C"	Die <i>East Rand School, Gezina School</i> en die <i>Miriam Marks School</i>	79
	Totaal	236*

Die sterkte van 'n bataljon was dieselfde as in die vrywilligerregulasies vir 'n infanteriekorps voorgeskryf was, dus 'n maksimum en minimum sterkte van 808 seuns en 476 seuns. 'n Bataljon het volgens hierdie voorskrifte uit vier kompanies bestaan.

'n Stafoffisier, in 1905 die adjudant van die *Transvaal Scottish Volunteers*, was aan die kommandant van die T.V. vir die administrasie van die kadetorganisasie verantwoordelik. Hy is deur vier adjudante, een vir elke bataljon, bygestaan. Die adjudante is deur sersant-instrukteurs bygestaan.

Vroeg in Oktober 1905 het die kommandant van die *Transvaal Volunteers* die volgende voorstelle vir die reorganisasie van die kadette aan die Transvaalse Koloniale Sekretaris voorgelê:

Die bataljonstelsel moes afgeskaf word en deur 'n kompaniestelsel vervang word. Kompanies moes 'n afsonderlike nommer kry.

Die hele organisasie moes onder die naam van *Transvaal Cadets* bekend staan.

* Hierdie verspreidingsopgawes toon nie al die kadetkompanies wat reeds teen 25 Oktober 1905 ingestel was nie. Die rede hiervoor is dat teen die einde van Junie 1905 in die praktyk reeds begin is om die kadette volgens kompanies in distrikte te organiseer.

Organisatories moes Transvaal in vier afdelings ingedeel word, t.w.: Johannesburg, 'n oostelike-, 'n noordelike- en 'n westelike afdeling. Die kadetkompanies in die noordelike, oostelike en westelike afdelings moes vir instruksiedoeleindes onderskeidelik aan die *Northern*, *Eastern* en *Western Rifles* toegevoeg word en moes onder toesig van die bevelvoerende offisiere van hierdie korpse geplaas word. Aan die kompanies van die Johannesburgse afdeling moes spesiale instrukteurs van die permanente staf vir opleidingsdoeleindes beskikbaar gestel word. Alle kadette moes dieselfde uniform, nl. 'n donkerbruin broek, hemp en trui, met 'n slap breërandhoed, dra. Die dienste van vier bataljon-adjudante moes beëindig word, en in hulle plek moes die hoofkwartier-staf een stafoffisier vir kadette aangestel word. Hierdie offisier moes regstreeks aan die kommandant van die *Transvaal Volunteers* vir die administrasie van die kadetorganisasie verantwoordelik wees. Groter skole kon hulle eie kompanie of kompanies hê, terwyl vir na-skoolse seuns afsonderlike kompanies ingestel moes word.

Hierdie skema het die volgende voordele ingehou: die organisasie sou eenvormiger wees, eenvormige uniforms vir alle kadette sou tot gevolg hê dat senior- sowel as junior kadetkompanies op enige plek in Transvaal ingestel kon word sodra die getalle dit regverdig, die oorpasing van kadette van een kompanie na 'n ander sou geen onkoste meebring nie, en naywer tussen die kadette van die verskillende bataljons sou uitgeskakel word.

In Oktober 1905 het die Transvaalse Koloniale Sekretaris die voorgestelde skema goedgekeur. Op 1 November 1905 is lt.-kol. R. P. Macdonald, D.S.O., in die hoedanigheid van *Staff Officer Cadets* aangestel om die skema in werking te stel.

Teen die helfte van 1906 was die reorganisasie afgehandel en was die Transvaalse kadette in vier-en-vyftig afsonderlike kompanies georganiseer.

Teen die einde van die Kroonkolonie-tydperk het die kadetorganisasies soos volg daar uitgesien:

KOMP. NR.	NAAM VAN KOMPANIE*	DATUM VAN INSTELLING	HOOF-KWARTIER
1.	Jeppestown	1. 7.1903	Jeppestown
2.	Germiston	1. 7.1903	Germiston
3.	Clifton	1. 7.1903	Johannesburg
4.	Krugersdorp	1. 7.1903	Krugersdorp
5.	Boksburg	1. 7.1903	Boksburg
6.	St. Mary's	1. 7.1903	Johannesburg
7.	Cleveland	1. 7.1903	Johannesburg
8.	Pretoria, O.S	1. 5.1906	Pretoria
11.	Marist Bros	14. 4.1904	Johannesburg
12.	Marist Bros	14. 4.1904	Johannesburg
13.	Marist Bros	14. 4.1904	Johannesburg
14.	Jeppestown High School	1. 7.1903	Jeppestown
15.	Johannesburg College	1. 7.1904	Johannesburg
16.	Mayfair Government School	1. 8.1904	Fordsburg
17.	Mayfair Government School	1. 8.1904	Fordsburg
18.	Turffontein Government School	1. 7.1904	Turffontein
19.	Booyens Government School	21. 1.1905	Booyens
20.	Troyville Government School	1. 8.1904	Troyville
21.	City and Suburban	1. 9.1904	Johannesburg
22.	Germiston	15. 8.1904	Germiston

KOMP. NR.	NAAM VAN KOMPANIE*	DATUM VAN INSTELLING	HOOF-KWARTIER
23.	Boksburg	15. 8.1904	Boksburg
24.	Jewish Government School	15. 8.1904	Johannesburg
25.	Jeppestown Government School	25. 6.1905	Jeppestown
26.	Maraisburg	1. 9.1904	Maraisburg
27.	Florida	1. 9.1904	Florida
28.	Roodepoort Government School	1. 8.1904	Roodepoort
29.	Randfontein	1. 9.1904	Randfontein
30.	Modderfontein	23.11.1904	Modderfontein
31.	Union Ground	1. 2.1905	Johannesburg
32.	Von Brandis Square	1. 2.1905	Johannesburg
33.	Spes Bona	1. 9.1905	Braamfontein
34.	Zuurfontein	1. 2.1905	Zuurfontein
35.	Avenue Government School	1. 9.1904	Braamfontein
36.	Diocesan College	23.11.1904	Pretoria
37.	Gymnasium College	22.11.1904	Pretoria
38.	East Rand School	22. 4.1906	Pretoria
39.	Gezina School	22.11.1904	Pretoria
40.	Miriam Marks School	4. 4.1905	Pretoria
41.	Cullinan Government School	28. 8.1906	Cullinan
42.	Pietersburg Free School	30.11.1905	Pietersburg
43.	Pietersburg Secondary School	30.11.1905	Pietersburg
44.	Potgietersrust Government School	1. 1.1906	Potgietersrust
45.	Milner Upper School	1. 2.1906	Klerksdorp
46.	Burgher Right Erven	1.11.1905	Pretoria
47.	Heidelberg	1. 7.1905	Heidelberg
48.	Barberton	21. 8.1905	Barberton
49.	Standerton	29. 8.1905	Standerton
50.	Volksrust	15. 8.1905	Volksrust
51.	Wakkerstroom	16.11.1905	Wakkerstroom
52.	Potchefstroom	1. 8.1905	Potchefstroom
53.	Springs Government School	1. 8.1904	Springs
55.	Mayville School	1.12.1905	Pretoria
56.	Rustenburg Government School	1. 3.1906	Rustenburg
57.	Middelburg	1. 3.1906	Middelburg

Hierdie vorm van organisasie was nie heeltemal bevredigend ten opsigte van die senior kadette nie en reeds in September 1907 is hulle weer in 'n afsonderlike bataljon georganiseer. Die beweegredes hiervoor was die volgende: Onder die kompanie-organisasie was dit moeilik om geskikte na-skoolse seuns van veertien jaar en ouer te werf. Hierdie seuns was nie gediend met die idee om dieselfde uniform en gewere te gebruik as dié wat aan skoolseuns uitgereik is nie. Tewens sou die samesnoering van die seniorkompanies tot 'n bataljon eintlik geen bykomende koste vir die regering tot gevolg hê nie, en die bataljon sou nog deur die *Staff Officer Cadets* beheer word. Verder sou die samesnoering van na-skoolse seuns in die bataljon uit die aard van die saak nie weer die naywer wat tussen die vroeëre kadetbataljons bestaan het, laat herlewe nie.

Die voorgestelde naam vir die nuwe bataljon was *First Cadet Battalion Witwatersrand Rifles*, en die funksies van hierdie bataljon sou veral wees om rekrute vir die *Witwatersrand Rifles* te voorsien.

* Hiervan was ses kompanies senior oftewel na-skoolse kadette.

Met ingang van 18 September 1907 is die *First Cadet Battalion Witwatersrand Rifles* uit nrs. 1, 2, 3, 5, 6 en 10 kadetkompanies en met 'n goedgekeurde sterkte van 600 kadette, alle range inbegrepe, ingestel.

In die loop van 1908 is die ouderdomsgrens van lede van hierdie bataljon van agtien na een-en-twintig jaar verhoog.

In Maart 1908 was uit 'n totale sterkte van 400 lede 150 lede van die bataljon ouer as sewentien, terwyl 100 ouer as agtien jaar was. Volgens bestaande regulasies het laasgenoemde groep reeds die leeftydsgrens bereik en moes hulle as kadette ontslaan word. Hierdie groep was feitlik sonder uitsondering goed opgelei en daarby bereid om 'n eed van getrouheid af te lê waarkragtens hulle vir aktiewe diens beskikbaar sou wees. Indien hulle op agtienjarige ouderdom as kadette ontslaan moes word, sou hulle nie bereid wees om dadelik by 'n vrywilligerkorps aan te sluit nie. Hierdeur sou hulle opleiding dus op 'n ongewenste tydstop onderbreek word.

Indien die ouderdomsbepערking vir senior kadette nie van agtien na een-en-twintig jaar opgeskuif sou word nie, sou hierdie korps eintlik nie aan sy doel beantwoord nie. Die korps was juis ingestel om voorsiening te maak vir die militêre opleiding van seuns vandat hulle die skool verlaat het totdat hulle gereed sou wees vir toetree tot 'n aktiewe korps. Bewus van die feit dat seuns tussen agtien en een-en-twintig jaar kwalik as kadette beskou kan word, het die bevelvoerder van die bataljon voorgestel dat die bataljon nie as 'n senior kadetkorps nie, maar eerder as 'n junior vrywilligerkorps moet funksioneer. Hy het verder voorgestel dat almal met ouderdomme van sewentien tot een-en-twintig jaar 'n eed van getrouheid moes aflê, waarkragtens hulle vir aktiewe diens beskikbaar sou wees.

Die verhoging van die ouderdomsgrens sou tot gevolg hê dat seuns wat hulle kadetopleiding saam voltooi het, toegelaat sou word om ook verdere militêre opleiding saam te ontvang. Hierdeur sou 'n gees van kameraadskap tussen die jong manne bevorder word. Skoolkadette sou dus na skoolverlating na die seniorkorps oorgeplaas word, waar hulle van vier tot vyf jaar verdere en meer gevorderde opleiding sou ontvang. Op 'n ouderdom van een-en-twintig sou hulle as goed opgeleide jong manne maklik by die verskillende vrywilligerkorpse ingedeel kon word.

Die nadeel verbonde aan 'n ouderdomsbepערking van agtien jaar was dat kadette van hierdie ouderdom gewoonlik net so 'n stadium in hulle opleiding bereik het waarin hulle kon begin behulpsaam wees met die opleiding van jongere kadette. Die vernaamste rede waarom die beste lede van hierdie groep nie by vrywilligerkorpse wou aansluit nie, was dat hulle, wat reeds as onderoffisiere gedien het, as onderoffisiere nie graag weer as manskappe tot 'n aktiewe vrywilligerkorps wou toetree nie.

'n Baie belangrike rede vir die verhoging van die ouderdomsgrens was dat die meeste vrywilligerkorpse gedurende 1908 op volle sterkte was en dat die plan op daardie stadium juis was om die goedgekeurde sterkte van die verskillende korpse te verminder. Die kadette wat op agtienjarige ouderdom uit die organisasie moes tree, sou nie in vrywilligerkorpse opgeneem word nie.

Met ingang van 16 Julie 1908 het die kadetorganisasie die volgende veranderinge ondergaan: Kadette is formeel in drie kategorieë ingedeel, t.w. (a) senior kadette, (b) skoolkadette, tussen veertien en agtien jaar, en (c) skoolkadette wat nie met gewere uitgerus is nie, dus jonger as veertien jaar.

Die ouderdomsgrens vir senior kadette is op een-en-twintig vasgestel en by bereiking van hierdie ouderdom moes hulle die eed van getrouheid aflê, waarkragtens hulle vir aktiewe diens opgeroep kon word. Verder sou kadette wat die neergelegde ouderdomsgrens bereik het, ontslaan word, mits dit hulle begeerte was om na 'n aktiewe vrywilligerkorps oorgeplaas te word. Tewens is afsonderlike voorskrifte vir drill- en skietoefeninge en individuele toelaes vir senior kadette neergelê.

Die strenge handhawing van die ouderdomsgrens van agtien jaar vir skoolkadette is in 1909 in Transvaal opgehef. Aanleiding hiertoe was dat gedurende dié jaar daar heelwat voltydse leerlinge aan die *Potchefstroom Industrial School* en ander hoërskole en kolleges was wat aan kadetkompanies verbonde was en ouer as agtien jaar was. Onder hierdie omstandighede het die Inspekteur van die *Transvaal Volunteers* die Koloniale Sekretaris genader met die versoek dat *bona fide*-leerlinge wat ouer as agtien jaar was, aan kadetkompanies van dié inrigtings waar hulle studeer, verbonde moet bly, solank hulle aan dié inrigtings onderrig word.

Die belangrikste beweegrede vir hierdie versoek van die Inspekteur van die T.V. was dat, volgens die regulasies wat toe in Transvaal van toepassing was, skoolkadette, nadat hulle agtien jaar geword het maar nog voltyds aan hoërskole of kolleges onderrig is, verplig was om hulle bande met die kadetkompanies van hierdie inrigtings te verbreek. Aan die ander kant kon senior kadette tot op een-en-twintig jaar in senior kadetkorpse bly dien. Die inspekteur se voorstel het neergekom op 'n uitbreiding van die senior kadetkorps in Transvaal. Tot op hierdie tydstip was die senior kadetkorps tot een bataljon, die *First Cadet Battalion Witwatersrand Rifles*, beperk. 'n Tweede bataljon senior kadette moes, volgens die inspekteur, ingestel word. Hierdie bataljon moes bestaan uit alle senior kadette wat nie lede van die *First Cadet Battalion Witwatersrand Rifles* was nie. Die voorgestelde bataljon sou dus eerstens bestaan uit verskillende kompanies na-skoolse senior kadette tussen veertien en een-en-twintig jaar wat buite die Witwatersrandgebied woonagtig was. Tweedens sou voltyds skoolgaande senior kadette tussen agtien tot een-en-twintig jaar, wat tot skoolkompanies toegevoeg moes word, lede wees.

Die Koloniale Sekretaris van Transvaal was klaarblyklik beïnvloed deur die aanbevelings van die Durbanse konferensie van Oktober 1908, nl. dat kadette ontslaan moet word sodra hulle kwalifiseer vir aansluiting by aktiewe korpse, d.w.s. op agtienjarige ouderdom. Hy het beslis dat geen senior kadetorganisasies, anders as die *First Cadet Battalion Witwatersrand Rifles*, toegelaat sal word nie en dat senior kadette buite die Witwatersrandgebied alleen toegelaat sou word indien hulle ouer as agtien jaar was en voltydse leerlinge aan 'n skool of kollege was. Verder is bepaal dat voltydse leerlinge wat aan skole of kolleges, tussen agtien en een-en-twintig jaar wat vir praktiese opleidingsdoeleindes tot skoolkompanies toegevoeg is, maar in alle ander opsigte volgens die regulasievoorskrifte vir senior kadette behandel moes word. Hulle het trouens 'n deel van die sterkte van die *First Cadet Battalion Witwatersrand Rifles* uitgemaak en moes as lede van die bataljon geadmistreer word.

Na die reorganisasie van die kadette in kompanies het die organisasie soos volg ontwikkel. Die volgende skoolkadetkompanies is ingestel: *No. 65 Company Transvaal Cadets*, te Rustenburg (1.11.1908); *No. 66 Company Transvaal Cadets*, te Nylstroom (18.12.1908); *No. 67 Company Transvaal Cadets*, te Christiana (1.3.1909).

Die volgende skoolkadetkompanies is ontbind: *No. 52 Company Transvaal Cadets* (1.3.1908); *No. 26 Company Transvaal Cadets*, te Maraisburg (16.9.1908) en *No. 56*

Company Transvaal Cadets, te Rustenburg (16.9.1908). Die naam van skoolkadetkompanie *No. 4 Company Transvaal Cadets* is met ingang van 18 September 1907 na *No. 9 Company Transvaal Cadets* verander.

Seniorkadetkompanies wat ingestel is, was die volgende: *No. 4 Company First Cadet Battalion, Witwatersrand Rifles*, te Krugersdorp (18.9.1907); *No. 6 Company First Cadet Battalion, Witwatersrand Rifles*, te Benoni (1.7.1908) en *No. 7 Company 1st Cadet Battalion, Witwatersrand Rifles*, te Krugersdorp (1.8.1908).



SLOTBESKOING

In die daarstelling van 'n permanente verdedigingsorganisasie in Transvaal na die Anglo-Boere-oorlog het finansiële oorwegings 'n groot rol gespeel. Die groot koste verbonde aan die onderhoud van die sterk garnisoen Britse troepe wat na die oorlog in Transvaal agtergebly het, het by die Britse regering die voorneme laat ontstaan om hierdie garnisoen drasties te verklein. Brittanje wou ook oor die moontlikheid beskik om 'n groot deel van die troepe te onttrek, indien hulle elders vir oorlogsdienens benodig sou word. Die plek van hierdie troepe sou dan deur Transvaalse troepe gevul moes word, anders sou die kolonie nie sy binnelandse veiligheid kon behartig nie.

Die *South African Constabulary*, 'n polisiemag wat gedurende die Anglo-Boere-oorlog gestig is, het weliswaar in 'n mate in die behoefte aan binnelandse beveiliging van Transvaal voorsien, maar omrede dit 'n permanente mag was, was die onderhoudskoste hoog, terwyl uitbreiding daarvan na die oorlog nie binne die finansiële vermoë van die Transvaal-kolonie was nie.

Onder hierdie omstandighede was die enigste oplossing die daarstelling van 'n militêre organisasie wat die Transvaalse regering goedkoper sou uitkom. Die voor die hand liggende oplossing was dus 'n vrywilligerstelsel. Op dié wyse sou die koste deels deur die regering en deels deur vrywilligers self gedra word.

Die politieke omstandighede waaronder die nuwe verdedigingsmag tot stand gekom het, was daarvoor verantwoordelik dat daar doelbewus na gestrewe is om die Boerebevolking van die nuwe organisasie uit te sluit. Die rede hiervoor was die vrees wat by die nuwe bewindhebbers bestaan het dat die Boere, sodra hulle weer toegelaat sou word om te bewapen, dalk tot opstand sou kon oorgaan.

Dit Witwatersrandse gebied was die aangewese plek om met 'n vrywilligerorganisasie te begin. Die bevolking van dié gebied was oorwegend pro-Brits. Verder het die meerderheid van die Uitlanders wat voor die uitbreek van die oorlog hier gevestig was, as lede van ongereelde vrywilligereenhede die oorlog aan Britse kant meegemaak. Hulle lojaliteit en militêre ondervinding het hulle uiters geskik gemaak om as lede van vrywilligereenhede te dien.

Dat die Transvaalse vrywilligermag binne vyf maande na die beëindiging van die oorlog in Oktober 1902 tot stand gekom het, was die gevolg van die voorwaardes wat aan die groot Imperiale geskenk van perde na die oorlog gekoppel is. Dié perde moes dadelik deur die koloniale owerheid oorgeneem word.

By sy ontstaan was die *Transvaal Volunteers* uit vyf berede-, drie infanteriekorpse en 'n geniekorps saamgestel. Teen die einde van kroonkoloniebestuur het dit tot 'n goed gedifferensieerde mag ontwikkel. Die *Transvaal Volunteers* se aandeel in die onderdrukking van die Zoeloe-opstand van 1906 het bewys dat die T.V. teen hierdie tyd 'n goed funksionerende gevegsmag was.

Die oorheersende faktor in die ontwikkeling van die T.V. onder verantwoordelike bestuur was die strewe na interkoloniale militêre samewerking. Hierdie strewe was een van die belangrikste voortvloeisels uit die Zoeloe-opstand van 1906 en het sigbaar vorm begin aanneem in die bepalinge van die Johannesburgse interkoloniale verdedigingskonferensie van Januarie 1907.

Interkoloniale samewerking in Suidelike Afrika was onmoontlik sonder eenvormige koloniale verdedigingstelsels. 'n Praktiese patroon vir militêre eenvormigheid dwarsdeur die Britse ryk is op die koloniale konferensie van 1907 in Londen neer-

gelê. Voortbouend op hierdie patroon is op die Durbanse militêre konferensie van 1908 belangrike aanbevelings ten opsigte van militêre eenvormigheid in die verskillende Britse Suid-Afrikaanse kolonies gedoen.

Die ontwikkeling van die *Transvaal Volunteers* na 1908 moet gesien word as 'n poging om dié mag, volgens die aanbevelings van die Durbanse konferensie, in ooreenstemming met die verdedigingsorganisasies van die ander Britse Suid-Afrikaanse kolonies te bring. Teen 1912 was hierdie proses voltooi. Reeds voor die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag was die verdedigingsorganisasies vir die latere vier provinsies feitlik in alle opsigte eenvormig.

Met die ontstaan van die Unieverdedigingsmag is die volgende aktiewe korpse van die *Transvaal Volunteers* onder nuwe benamings in die nuwe verdedigingsmag opgeneem: Die *Transvaal Horse Artillery*, as *8ste Burgerbatterij Transvaal Horse Artillery*; die *Imperial Light Horse* as *4de Mounted Rifles Imperial Light Horse*; die *Transvaal Scottish* as *8ste Infanterie Transvaal Scottish*; die *Witwatersrand Rifles* as *10de Infanterie Witwatersrand Rifles*; die *Transvaal Cycle and Motor Corps* as *11de Infanterie Rand Light Infantry* en die *Transvaal Medical Corps* as die *8ste Veldambulans (Transvaal) Z.A. Mediese Dienst*.

Op 30 Junie 1913 is die volgende eenhede van die eertydse *Transvaal Volunteers* ontbind: Die *Northern Mounted Rifles*, die *Southern Mounted Rifles*, die *S.A. Railway Engineer Corps*, die *Transvaal Supply Corps*, die *Transvaal Veterinary Corps*, die *Transvaal Intelligence Corps* en die *Transvaal Transport Corps*. Die *Transvaal Signalling and Field Telegraph Company* is tydelik in die Aktiewe Burgermag opgeneem, maar is met ingang van 1 November 1913 ontbind.

Vanaf sy ontstaan is die kadetorganisasie in Transvaal as deel van die *Transvaal Volunteers* geadministreer. Die beleid wat teen die einde van verantwoordelike bestuur vir die kadetorganisasie geformuleer is, was die gevolg van 'n lang ontwikkelingsgang en kan kortliks soos volg saamgevat word :

Transvaalse kadette is in skoolkadette en in na-skoolse of senior kadette ingedeel. Skoolkadette is in twee groepe ingedeel, t.w. dié onder veertien jaar wat slegs liggaamlike opleiding ontvang het en dié tussen veertien en agtien jaar wat met gewere uitgerus is. Skoolkadette is in losstaande kompanies ingedeel.

In teenstelling hiermee is senior kadette in een bataljon, genaamd die *First Cadet Battalion Witwatersrand Rifles*, georganiseer. Hierdie bataljon het hoofsaaklik bestaan uit na-skoolse seuns en jong manne tussen veertien en een-en-twintig wat in die Witwatersrandsegebied woonagtig was.

Gedurende 1909 is voltydse leerlinge, wat ouer as agtien jaar was, en aan skole of kolleges verbind was, ook as senior kadette tot die bataljon toegelaat, al was hulle buite die Witwatersrandsegebied woonagtig. Hierdie kategorie senior kadette is vir opleidingsdoeleindes tot die skoolkadetkompanies toegevoeg.

Wanneer senior kadette die ouderdom van agtien jaar bereik het, moes hulle die eed van getrouheid aflê waarkragtens hulle vir aktiewe diens opgeroep kon word.

Die groot waarde van die kadetorganisasie was dat kadette hulle opleiding sonder onderbreking tot die ouderdom van een-en-twintig jaar kon voortsit. Hierna kon hulle as militêr goedopgeleide en bruikbare lede in vrywilligereenhede opgeneem word.



SUMMARY

THE ORIGIN AND DEVELOPMENT OF THE TRANSVAAL DEFENCE FORCE : "TRANSVAAL VOLUNTEERS" (1900-1912)

As from June 1899 thousands of *Uitlanders* started to leave the Witwatersrand area. In the expectation that the approaching war would soon end, most of them settled temporarily in city centres like Cape Town, Kimberley, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, East London and Durban.

From here reasonably large numbers joined the British irregular mounted volunteer corps, but the majority remained passive in the respective city centres.

In spite of the fact that the war continued after the occupation of Johannesburg and Pretoria, the British government decided to make a start with the reconstruction of industries on the Rand. For this purpose, military protection was indispensable. Since no troops from the British fighting forces could be set aside to attain this end, the *Uitlanders* in the city centres were organised into irregular voluntary corps.

This became a reality at the end of November, 1900, with the formation of the *Railway Pioneer Regiment* and the *Rand Rifles*, which most *Uitlanders* joined before the end of the war. In this way they acquired military training and experience.

